# DIE PEDAGOGIESE VERANTWOORDBAARHEID VAN KATEGETIESE ONDERRIG IN DIE DRIE REFORMATORIESE AFRIKAANSE KERKE IN SUID-AFRIKA

DEUR

WILLEM LINDEQUE JANSEN VAN RENSBURG,

B.A., M.Ed.

PROEFSKRIF VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR EDUCATIONIS

IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

JANUARIE 1975

PROMOTOR: PROF. DR. J.H. VAN WYK

*OPGEDRA AAN: BETS, MY EGGENOTE*

## DANKBETUIGING

"O God, U het my geleer van my jeug af,
en tot nou toe verkondig ek u wonders.
En ook tot die ouderdom en die grysheid
toe – o God, verlaat my nie, totdat ek
aan die volgende geslag u arm verkondig,
aan almal wat sal kom, u mag."

(Psalm 71 : 17, 18)

My innige lof en dank aan die Here vir sy genade – dat Hy my in staat gestel het om hierdie doelwit te bereik.

'n Opregte woord van dank en waardering aan u, hooggeagte prof. dr. J.H. van Wyk, vir u simpatieke, skerpsinnige en stimulerende hulp en leiding. U wetenskaplike deeglikheid en vriendelike bystand was ongetwyfeld die motivering vir die uiteindelike voltooiing van hierdie studie.

Aan die predikante 'n woord van dank vir u samewerking ten opsigte van die meningsopname wat gedoen is, en wat onomstootlik die bewys was van die probleem wat aan die orde gestel is. Dieselfde geld vir die professore in Kategetiek aan verskillende universiteite, nl. prof. P.W. Buys (P.U. vir C.H.O.), prof. D.W. de Villiers (Stellenbosch) en prof. J.I. de Wet (Teologiese fakulteit, Afdeling A, Pretoria).

Dr. M.J. du P. Beukes van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Newlands, Johannesburg, hartlik dank vir u raad en inligting met betrekking tot sake wat die Nederduitsch Hervormde Kerk raak. U vriendelikheid en belangstelling word baie gewaardeer.

Aan dr. J.A. de Coning, Departementshoof Afrikaans aan die Goudstadse Onderwyskollege, 'n woord van opregte dank vir die keurige versorging van die taal temidde van 'n baie druk program.

'n Besondere dankwoord aan my gesinslede en familie: Bets wat my steeds motiverend en onderskragend tersyde gestaan het en baie opofferings moes maak; aan my twee dogters, Helene en Christa, wat nie altyd kon verstaan waarom

pappa gedurig moet werk nie; aan my skoonouers vir hulle aanmoedigende belangstelling en bystand; aan my ouers wat alles in hulle vermoë gedoen het vir my vorming en studie.

My bede is dat hierdie studie 'n bydrae mag lewer om die weg aan te dui vir sinvolle kategetiese onderrig en sodoende in diens mag staan van die Kerk van Christus.

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK I: PROBLEEM- EN TAAKSTELLING

1. **Die wesenstruktuur van kategetiese onderrig** . . . . . . . . . . 1
   1.1 Die naam . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1
   1.2 Die gesin as basis en oorsprong van kategetiese onderrig 1
   1.3 Kategese is kerklike onderrig. . . . . . . . . . . . . 2
   1.4 Kategese is kerklike onderrig aan die verbondsjeug . . . 5
   1.5 Die relevansie van kategetiese onderrig . . . . . . . . 6

2. **Die karakter en doel van kategetiese onderrig** . . . . . . . . 7
   2.1 **Die karakter** . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7
      2.1.1 Die opvoedingsdimensie van die karakter van kategetiese onderrig . . . . . . . . . . . . 7
      2.1.2 Die religieuse dimensie van die karakter van die kategese . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9
      2.1.3 Die verbondsdimensie van die aard van die kategese . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9
      2.1.4 Die kerklike dimensie van die karakter van die kategese . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10
      2.1.5 Die liturgiese dimensie van die karakter van die karakter van die kategese . . . . . . . . . 10
      2.1.6 Die verkondigingsdimensie van die karakter van die kategese . . . . . . . . . . . . . . . . 11
      2.1.7 Die herderlike dimensie van die karakter van die kategese . . . . . . . . . . . . . . . . . . 11
   2.2 **Die doel** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 11
      2.2.1 Die bybring van kennis . . . . . . . . . . . 11
      2.2.2 Die vorming van bewuste en meelewende lede van die gemeente van Christus. . . . . . . . . . . 12
      2.2.3 Die opvoeding van die jongmense tot verantwoordelike mense van God in hierdie wêreld . . . . . 13
      2.2.4 Die voortgang van die kennis van God van geslag tot geslag . . . . . . . . . . . . . . . . 14

3. **Samevatting, probleem- en taakstelling** . . . . . . . . . . 14

3.1 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 14

3.2 Probleem- en taakstelling . . . . . . . . . . . . . . 16

3.3 Die belangrikste metodes wat in die ondersoek gebruik is 16

**HOOFSTUK II: EISE GESTEL AAN DIE KATEGETIESE ONDERRIG** 18

1. Inleidend . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18

2. Die godsdienstig-sedelike eis aangaande die persoon van die kategeet . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 19

3. Eise gestel met betrekking tot die vakkundige bekwaamheid van die kategeet . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 19

4. Die eis van psigologiese insig in die kategetiese objek . . . . 20

4.1 Die godsdiens van die kleiner kind (tot 5 jaar) . . . . 22

4.2 Die godsdiens van die skoolkind . . . . . . . . . . 24

4.2.1 Die eerste periode (ongeveer 6–9 jaar) . . . . 24

4.2.2 Die tweede periode (ongeveer 10–12 jaar) . . . 24

4.2.3 Die sekondêre skoolkind . . . . . . . . . . 25

4.2.3.1 Ongeveer 12–14 jaar . . . . . . . . 25

4.2.3.2 Ongeveer 15–17 jaar . . . . . . . . 27

4.2.3.3 Ongeveer 17–18 jaar . . . . . . . . 28

5. Die eis van insig in die Pedagogiek as hulpwetenskap by die kategetiese onderrig . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28

6. Die eis van insig in die metodies-didaktiese grondslae van die kategetiese onderrig . . . . . . . . . . . . . . . . . . 32

6.1 **Metodologiese kategetiek:** oriëntering . . . . . . . . 32

6.2 **Begripsbepaling** . . . . . . . . . . . . . . . . . 32

6.2.1 Didaktiek . . . . . . . . . . . . . . . . . 32

6.2.2 Metodiek . . . . . . . . . . . . . . . . . 33

6.3 **Didaktiese grondvorme vir die kategese** . . . . . . . 33

6.3.1 Die onderriggesprekvorm . . . . . . . . . . 33

6.3.2 Die eksemplariese vorm . . . . . . . . . . 34

6.3.3 Die projek- of taakvorm . . . . . . . . . . 34

6.3.4 Die opdragvorm . . . . . . . . . . . . . . 35

6.4 **Metodologiese besinning** . . . . . . . . . . . . . . . . 36

6.4.1 Oriëntering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 36

6.4.2 Metodiek van die kategetiese onderrig . . . . . . . 36

6.4.3 Kriteria vir 'n suksesvolle metodologie . . . . . . 37

6.4.3.1 Kennisaspek . . . . . . . . . . . . . . 37

6.4.3.2 Selfstandige denke . . . . . . . . . . . 37

6.4.3.3 Liefde vir die leerstof . . . . . . . . . . 37

6.4.3.4 Begeerte tot belydenisaflegging . . . . . . 37

6.4.4 **Didaktiese beginsels ten grondslag van die kategetiese metodologie** . . . . . . . . . . . . . . . . . . 38

6.4.4.1 Doelgerigtheid . . . . . . . . . . . . . . 38

6.4.4.2 Wek en rig . . . . . . . . . . . . . . . 39

6.4.4.3 Die utiliteitsfaktor . . . . . . . . . . . . 40

6.4.4.4 Sinvolle uiterlike belewing van die leerstof 40

6.4.4.5 Indiwidualisering . . . . . . . . . . . . 41

6.4.4.6 Geordende beplanning . . . . . . . . . . 41

6.5 **Enkele onderwysmetodes vir die Kategetiek** . . . . . . . 42

6.5.1 **Metodes vanuit die kategeet-katkisante perspektief** . . 42

6.5.1.1 Die indiwidualiserende metode . . . . . . 42

6.5.1.2 Die klasgesprek . . . . . . . . . . . . . 42

6.5.1.3 Die leergesprek . . . . . . . . . . . . . 43

6.5.1.4 Die vraag- en -antwoordmetode . . . . . 44

6.5.2 **Enkele metodes vanuit die perspektief van die kategeet** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45

6.5.2.1 Die metode van aanbieding . . . . . . . 45

6.5.2.2 Die demonstrasiemetode . . . . . . . . . 46

6.5.2.3 Die metode van probleemstelling . . . . . 46

6.5.2.4 Die opdragmetode . . . . . . . . . . . 47

6.5.3 **Enkele metodes gesien vanuit die handelinge van die katkisant** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47

6.5.3.1 Die luistermetode . . . . . . . . . . . . 47

6.5.3.2 Die heuristiese metode . . . . . . . . . 48

6.6 **Enkele didakties-pedagogiese hulpmiddele by die kategetiese onderrig** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48

6.6.1 Algemene didakties-pedagogiese hulpmiddele . . . . 49

6.6.1.1 Die handboek . . . . . . . . . . . . . 49

6.6.1.2 Die oefenskrif . . . . . . . . . . . . 49

6.6.2 Oudio-visuele didakties-pedagogiese hulpmiddele . . . 50

6.6.2.1 Die skryfbord . . . . . . . . . . . . 50

6.6.2.2 Enkelvlakkige visualisering as didakties-pedagogiese hulpmiddel . . . . . . . . . 51

6.6.2.3 Drie-dimensionele visualisering as didakties-pedagogiese hulpmiddel . . . . . . . . . 53

7. **Die eis van insig in die kategetiese leerstof** . . . . . . . . . . 54

7.1 Oriëntering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

7.2 Die Bybel as kategetiese leerstof . . . . . . . . . . . . 54

7.3 Geloofs- en sedeleer as kategetiese leerstof . . . . . . . . 57

7.3.1 Die geloofsleer . . . . . . . . . . . . . . . 57

7.3.2 Die sedeleer. . . . . . . . . . . . . . . . . 57

7.4 Ander noodsaaklike toerustingsvakke . . . . . . . . . . 58

7.4.1 Kerkgeskiedenis . . . . . . . . . . . . . . . 58

7.4.2 Die liturgiese toerusting in die kategese . . . . . . 58

7.4.3 Ander toerustende vakke . . . . . . . . . . . . 59

8. **Eise gestel aan die hulpkategete** . . . . . . . . . . . . . . 59

9. **Samevatting** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 61

**HOOFSTUK III: KATEGETIESE ONDERRIG IN DIE REFORMATORIESE AFRIKAANSE KERKE IN SUID-AFRIKA: HISTORIES, PRINSIPIEEL EN INHOUDELIK** . . . . . . . . . . 64

1. **Kategese in historiese perspektief (oorsigtelik)**. . . . . . . . . . 64

1.1 Skriftuurlike fundering van die kategetiese onderrig en vroeë historiese verloop daarvan . . . . . . . . . . . . . . 64

1.2 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk . . . . . 68

1.3 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerk. . . . . . . . . . . 73

1.4 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. . 79

2. **Prinsipiële benadering van die onderskeie kerke met betrekking tot kategetiese onderrig** . . . 85

2.1 Prinsipiële benadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot die kategetiese onderrig . . . 85

2.1.1 Die wese . . . 85

2.1.2 Die plek . . . 85

2.1.3 Die doel . . . 86

2.1.4 Die subjek . . . 87

2.1.5 Die objek . . . 87

2.1.6 Die didaktiek . . . 88

2.2 Prinsipiële benadering van die Gereformeerde Kerk tot die kategetiese onderrig . . . 89

2.2.1 Die wese en plek . . . 89

2.2.2 Die doel . . . 90

2.2.2.1 Die indiwiduele doel . . . 90

2.2.2.2 Die gemeenskaplike doel . . . 90

2.2.3 Die subjek . . . 91

2.2.4 Die objek . . . 91

2.2.5 Die didaktiek . . . 92

2.3 Prinsipiële benadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk tot die kategetiese onderrig . . . 93

2.3.1 Die wese en plek . . . 93

2.3.2 Die doel . . . 95

2.3.3 Die subjek . . . 95

2.3.4 Die objek . . . 96

2.3.5 Die aanbieding . . . 97

3. **Kritiese beskouing van die leerstof in die onderskeie sillabusse van die verskillende kerke** . . . 98

3.1 **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk** . . . 98

3.1.1 Die geestelike versorging van die voorskoolse kind deur die kerk . . . 98

3.1.1.1 Begripsbepaling . . . 98

3.1.1.2 Belangrikheid van hierdie fase . . . 98

3.1.1.3 Die belang van die kerk by hierdie ontwikkelingsfase . . . 99

3.1.1.4 Prinsipiële standpunt aangaande die geestelike versorging van die voorskoolse kind . . . . . 99

3.1.1.5 Wat word beoog met die godsdienstige onderwys van die kerk aan die voorskoolse kind . . . . 99

3.1.2 Die leerstof van die Junior Kategese . . . . . . . . . 100

3.1.2.1 Interpretering en ordening van die leerstof . . . 100

3.1.2.2 Die leerstof vir Junior Kategese . . . . . . . . 101

3.1.3 Die leerstof vir die Senior Kategese . . . . . . . . . . 102

3.1.3.1 Interpretering en ordening van die leerstof . . . 102

3.1.3.2 Die leerstof . . . . . . . . . . . . . . . . 103

3.1.3.3 Skematiese voorstelling van die leerstof . . . . 105

3.2 **Die Gereformeerde Kerk** . . . . . . . . . . . . . . 106

3.2.1 Interpretering en ordening van die leerstof . . . . 106

3.2.2 Die leerstof . . . . . . . . . . . . . . . . . 108

3.2.3 Skematiese voorstelling van die leerstof . . . . . 109

3.3 **Die Nederduitsch Hervormde Kerk** . . . . . . . . . . 110

3.3.1 Interpretering en ordening van die leerstof . . . . 110

4. **Gevolgtrekking** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 112

4.1 Is daar by die onderskeie kerke ontwikkeling m.b.t. die kategetiese onderrig te bespeur? . . . . . . . . . . . 112

4.1.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk . . . . . . . . 112

4.1.2 Die Gereformeerde Kerk . . . . . . . . . . . 113

4.1.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika . . 113

4.2 "Groei" die kerke die afgelope tyd weg van mekaar af, of beweeg hulle nader aan mekaar? . . . . . . . . . . 114

5. **Samevatting** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115

**HOOFSTUK IV: DIE ONDERLEGDHEID VAN DIE KATEGEET EN SY HULPKRAGTE EN DIE GESLAAGDHEID VAN DIE ONDERRIG AAN DIE DOOPLIDMAAT** . . . . . . . . . . . 116

1. Doel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 116

2. Verantwoording van metode . . . . . . . . . . . . . . . 117

3. Sillabusse vir Kategetiek by die opleiding van studente in die Teologie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 118

3.1 Sillabus: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika . . . 119

3.2 Sillabus: Gereformeerde Kerk . . . . . . . . . . . . 120

3.3 Sillabus: Nederduitse Gereformeerde Kerk . . . . . . . . . . 121

3.4 Afleidings

3.4.1 By die Nederduitsch Hervormde Kerk . . . . . . . . . 122

3.4.2 By die Gereformeerde Kerk . . . . . . . . . . . . . 123

3:4:3 By die Nederduitse Gereformeerde Kerk . . . . . . . . 123

4. **Die Questionnaire** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 124

4.1 **Inleidend** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 124

4.2 **Vrae gestel aan die kategeet om die geslaagdheid van die kategetiese onderrig aan te dui** . . . . . . . . . . . . . . 125

4.2.1 Tabel A1: Die geslaagdheid van kategetiese onderrig . . 125

4.2.1.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 125

4.2.1.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . . 126

4.2.1.3 Afleidings . . . . . . . . . . . . . . . . 127

4.2.1.4 Gevolgtrekking . . . . . . . . . . . . . . 128

4.2.2 Tabel A2: Gemiddelde ouderdom van die katkisant by belydenisaflegging . . . . . . . . . . . . . . . . . 131

4.2.2.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 131

4.2.2.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . . 131

4.2.2.3 Afleiding . . . . . . . . . . . . . . . . 131

4.2.2.4 Gevolgtrekking . . . . . . . . . . . . . . 131

4.2.3 Tabel A3: Die toetsing van toerustingsvakke voor belydenisaflegging . . . . . . . . . . . . . . . . . 132

4.2.3.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 132

4.2.3.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . . 132

4.2.3.3 Afleiding en gevolgtrekking . . . . . . . . 132

4.2.4 Tabel A4: Die algemene Christenskap van die belydenis-katkisant . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 133

4.2.4.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 133

4.2.4.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . . 134

4.2.4.3 Afleiding en gevolgtrekking . . . . . . . . 134

4.2.5 Kommentaar: Het u enige besondere metode om die kategetiese onderrig goed te laat funksioneer? . . . . 135

4.3 **Vrae aan die kategeet m.b.t. sy hulpkragte om hulle pedagogiese en inhoudelike kennis aan te dui** . . . . . . . . . . . . 136

4.3.1 Tabel B1: Die opleiding van hulpkragte . . . . . . . 136

4.3.1.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . . 136

4.3.1.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . 136

4.3.1.3 Afleiding . . . . . . . . . . . . . . . 137

4.3.1.4 Gevolgtrekkings . . . . . . . . . . . . . . 137

4.3.2 Tabel B2: Leiding aan hulpkategeet m.b.t. metodologie 137

4.3.2.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 137

4.3.2.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . 138

4.3.2.3 Afleidings . . . . . . . . . . . . . . . 138

4.3.2.4 Gevolgtrekking . . . . . . . . . . . . . . 139

4.4 **Vrae gestel aan die kategeet om die geslaagdheid van die onderrig aan die katkisant aan te dui** . . . . . . . . . . . . . 140

4.4.1 Tabel C1: Insig van katkisante in die behandelde leerstof 140

4.4.1.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 140

4.4.1.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . 140

4.4.1.3 Afleidings . . . . . . . . . . . . . . . 141

4.4.1.4 Gevolgtrekking . . . . . . . . . . . . . . 141

4.4.2 Tabel C2: Ken kinders die behandelde werk? . . . . 142

4.4.2.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 142

4.4.2.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . 142

4.4.2.3 Afleidings . . . . . . . . . . . . . . . 143

4.4.2.4 Gevolgtrekking . . . . . . . . . . . . . . 143

4.4.3 Tabel C3: Leerstof wat die minste tot hulle reg kom 144

4.4.3.1 Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . 144

4.4.3.2 Die tabel . . . . . . . . . . . . . . . 144

4.4.3.3 Afleidings en kommentaar van kategete . . 144

4.5 Vraag aan die kategeet waarin hy die vernaamste probleme en oplossings daarvoor aanstip . . . . . . . . . . . . 146

5. Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 148

**HOOFSTUK V: RIGLYNE VIR SINVOLLE KATEGETIESE ONDERRIG** 151

Inleidend . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 151

In die lig van die godsdienstig-sedelike eis aangaande die persoon van die kategeet . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 152

In die lig van die pedagogiese bekwaamheid van die kategeet . . . . . . . 152

In die lig van die eise gestel aan die hulpkategete . . . . . . . . . . . 154

– Plaaslike opleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 156

– Opleiding vanuit die meerdere vergaderings van die kerk . . . . . . 157

– Die moontlikheid van korrespondensiekursusse . . . . . . . . . . . 158

In die lig van die eise gestel aan die leerstof . . . . . . . . . . . . . 159

Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 161

**HOOFSTUK VI: SAMEVATTING** . . . . . . . . . . . . . . . . . . 163

1. Algemene inleiding, probleem en taakstelling . . . . . . . . . . . 163
2. Eise gestel aan die kategetiese onderrig . . . . . . . . . . . . . . 163
3. Kategetiese onderrig in die Reformatoriese Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika: histories, prinsipieël en inhoudelik . . . . . . . . . . 164
4. Die onderlegdheid van die kategeet en sy hulpkragte . . . . . . . 165
5. Riglyne vir sinvolle kategetiese onderrig . . . . . . . . . . . . . 166
6. Geraadpleegde bronne . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 167
7. Summary . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 172
8. Bylaag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 176

# HOOFSTUK I

# PROBLEEM- EN TAAKSTELLING

## 1. Die wesenstruktuur van kategetiese onderrig

### 1.1 Die naam

Waar die woord "katēchēthēs" in die Nuwe Testament gebruik word (vgl. *Luk.* 1 : 1–4; *Hand.* 18 : 25; *Gal.* 6 : 6; *1 Kol.* 14 : 19; *Rom.* 2 : 18), beteken dit om aan iemand onderrig te gee, iemand iets mee te deel of om inligting te verskaf. (Van Veldhuizen, 1925, 4). Kategetiese onderrig is amptelik van aard, dit wil sê dit is onderrig wat gegee word volgens die kerklike leeramp en daarom gesagvol. Dit word deur die leraar aan gedoopte, maar geestelik onmondige lidmate van die kerk gegee met die doel om hulle te lei tot mondige lidmate. (Greyling, 1942, 3).

Kategese is die diens wat die kerk aan die jeug (dooplidmate) verrig met die bedoeling om die jeug in te lei in die inhoud van die Heilige Skrif en die belydenisskrifte en om die kinders van die verbond, van die sakrament van die doop af te lei tot die sakrament van die nagmaal. (Dijk, 1954, 8). „Catechese is het onderricht van de christelijke gemeente aan haar leden, speciaal aan die jongeren, om hen toe te rusten tot een verantwoord leven in die wereld als mondige leden van Christus' Kerk." (Bijlsma, 1962, 11).

### 1.2 Die gesin as basis en oorsprong van kategetiese onderrig

Die gesin as sentrale opvoedingsinstelling dien as voorbeeld vir alle verdere pedagogiese ontmoetings, dit wil sê die omgang van die volwassene met die kind – óók wat die godsdienstige opvoeding van die kind betref. Reeds lank voordat die kerk hom kategeties met die kind kan bemoei, het die kind reeds in die huis met die begrip "geloof" in aanraking gekom. Die geloofslewe word gedra en gevoed deur die verband waarin die huisgesin tot die kerklike geloofsgemeenskap staan. (Bijlsma, 1962, 25).

Die oervorm van alle kategetiese ontmoetings word gevind wanneer die patriarg in Israel sy seuns om hom versamel het om hulle te onderrig in die wil en insettinge van Jahwe. (Vgl. 1 *Sam.* 1:3; 2:12; *Jer.* 2:8; 9:2–5; *Ps.* 9:10; 36:10; 87:4; *Job* 18:21; *Dan.* 11:32). Die kategetiese ontmoeting het bestaan uit die volgende elemente: heilsverkondiging, uitbou van die volk van God en pastorale sorg. Mondelinge onderwysing was uit die aard van die saak die hoofmetode wat hier toegepas is. (Vgl. *Deut.* 6:20–25).

Dus, reeds van baie vroeg af, was die ouerhuis die plek waar die kindersiel vir die eerste keer die geloof in God belewe het. (Bijlsma, 1962, 25). Wanneer die ouers hulle doelbewus beywer om hulle kinders met bepaalde vorme van goedsdienstige belewing in aanraking te bring, tree daar 'n kategetiese element in die gesinsopvoeding na vore. (Bijlsma, 1962, 26). Kerklike kategese is geheel en al afhanklik van die godsdienstige opvoeding in die gesinsmilieu. 'n Swak godsdienstige opvoeding in die gesin bemoeilik onteenseglik die taak van die kerklike kategese. Die kerk sluit in sy kategetiese ontmoeting met die kind aan by dit wat reeds in die gesinsopvoeding by die kind tuisgebring is. Daarbenewens is kategese deur die kerk haas onmoontlik as daar nie 'n organiese verband tussen gesin en gemeenskap van die kerk bestaan nie. (Bijlsma, 1962, 26).

## 1.3 Kategese is kerklike onderrig

Kategetiese onderrig is die grondslag waarop die hele kerklike lewe gebaseer is – dit is die lewensaar van die kerk. Ter Haar stel dit duidelik dat "een Christelijk gemeente gaat uit van dat, wat het godsdienstonderwijs als grondslag heeft gegeven." (Ter Haar, s.j., 13). Dit, nl. die kategese, is die vormende onderrig wat deur die kerk aan sy onmondige lidmate gegee word. Kategese is 'n geroepenheid van die kerk in diens van God, want deur die kategese versamel die kerk sy lidmate en word hulle in die Woord van God onderrig. (De Villiers, 1957, 62). Die kerk is deur die verbond aan God verbind; daarom is die kerk 'n verbondskerk, die ouers is verbondsouers en hulle kinders verbondskinders. (Vgl. *Gen.* 17). Van die verbondsouers word verwag om kennis en vertroue te hê anders kan hulle nie waardige verbondsouers wees nie, dit wil sê kennis en aanvaarding van die waaragtigheid van

die Goddelike openbaring in die Heilige Skrif en 'n vaste vertroue in die vergewing van sondes en die ewige saligheid. (De Wet, 1943, 1).

Die kerk is dus, wat sy voortbestaan betref, onvoorwaardelik verbonde aan die kategetiese onderrig. Dit sluit die huiskatkisasie, as uitvloeisel van die doopbelofte, en die voortgesette kerklike onderrig in. Volgens die doopbelofte is die ouers ook vir die verdere onderrig van hulle kinders, deur die kerk, aanspreeklik. Die kerkraad van die betrokke gemeente is weer op sy beurt daarvoor aanspreeklik om hierdie onderwys te laat plaasvind. (De Wet, 1943, 2). Die kerk wil deur sy kategetiese onderrig die kind inlei in die gemeenskap van die heiliges en dit kan alleen binne die ruimte van die kerkgemeenskap geskied. (Bijlsma, 1962, 27). Die taak van die kerk is dus: die verkondiging van die verlossing in Jesus Christus en dit kom regstreeks tot vervulling deur die erediens, maar dit kom onder andere tot vervulling deur onderwys wat gegee word deur amptenare van die kerk. Die einddoel van die onderrig is: die lewe van die mens uit die barmhartigheid van God. (Ten Have, 1948, 9). Die taak van die kerk is dus om die jongmens, te lei tot 'n persoonlike belydenis van die God wat Hom in Sy Woord openbaar en wat in die kerk verkondig word.

Met die kategese het die kerk verder te make met die onmondige lede van die kerk – dit het dus met kinders te doen en nie met volwassenes nie. Die situasie wat hieruit ontstaan, is 'n pedagogiese situasie, nl. 'n situasie waarin die volwassene met die meerdere kennis in 'n leerverhouding met die onvolwassene met die mindere kennis teenoor mekaar te staan kom. Hierdie aangeleentheid is van die allergrootste belang, want diegene wat vergeet dat hulle met kinders te maak het, sal van die staanspoor af met onoorkomelike moeilikhede te kampe kry. (Jooste, 1965, 29). Daarbenewens is hier sprake van "leiding" of "onderwysing" wat uiteraard 'n besondere taak sal wees, want hierdie "leiding" impliseer "inleiding" in die waarhede van Gods Woord. (Jooste, 1965, 29).

Die taak van die kerklike kategese is bepaald om die kind in te lei in die denk- en lewensfeer van die kerk self. Hierdie verantwoordelike taak kan nie sondermeer deur die kerk aan die gewone dagskool oorgelaat word nie. "Zij moet veel meer doen: zelf hare kinderen inleiden in haar eigen denken, in de wÿze van haar be-

staan; zelf hen vormen voor het belijdend leven in het midden der kerk. (Biesterveld, 1900, 62).

Hierdie "leiding" bepaal uiteindelik ook die eie aard van die kategetiese onderrig, want waar die reëls vir die Pedagogiek en Didaktiek ter sprake kom by die kategetiese onderrig, word dit beheers deur die eie doel van die kategese. Hierdie stempel word op die kategese gedruk deur die aard van die kerk self. (Biesterveld, 1900, 62–63).

Daarom is dit nodig om skool en kategese teen mekaar op te weeg. In die eerste instansie is albei vorme van onderwys, maar daar bestaan ook belangrike verskille tussen dié instellings. Die wesenlikste verskil bestaan in die leerstof. Skoolonderwys bestaan onder andere uit die sogenaamde "sekulêre" vakke met die oog op voorbereiding vir die maatskaplike lewe, terwyl die kategese hom alleenlik bemoei met die leiding van die kind tot lidmaatskap van die kerk en 'n lewe as kind van God. (Ten Have, 1948, 126).

Onmiddellik val die verskil in subjek by beide onderwysinstellings op. By die kategese is dit die kerk wat as geroepe getuie van Christus onderwys gee – hier kan God self die Subjek genoem word. In die gewone dagskool is die onderwyser meer op die voorgrond, ook al weet hy dat hy stof- en metodegebonde is. (Ten Have, 1948, 126). Die totale afwesigheid van alle doelbewuste metodiek is juis die euwel by die kategetiese onderrig. (Ten Have, 1948, 128). Daar is ook uiterlik verskil in gesag. Kategetiese onderrig word gerugsteun deur die gesag van die kerk as liggaam van Christus én die verleende gesag van die ouer wat voor God 'n belofte afgelê het om sy kind "te laat onderrig" in die Christelike leer en lewe. Die skool word skynbaar alleenlik gerugsteun deur die gesag van die menslike samelewing, van die owerheid, dus met wet en reg. Daarteenoor het die kerk slegs sy geestelike en sedelike gesag wat hy kan laat geld. Hoewel die gesagsbelewenis van die kerk meer intens is as dié van die skool, omdat die kerk sy gesag meer direk van God ontvang, is dit tog prakties minder bindend en is die kategetiese onderrig teenoor die skoolonderrig die slagoffer van ongemotiveerdheid.

Of die kategetiese onderrig binne skoolverband aangebied kan word, is nie sommerso vanselfsprekend nie. Hoewel die skool ook 'n opvoedingsmilieu is waartoe die religieuse vorming van die kind behoort, pas die kategetiese onderrig met sy kerklike karakter nie in die skoolonderwyssituasie in nie. Die gewone Bybelonderrig in die skool streef wel daarna om steeds in voeling met die kerklewe te bly. Die onderwyser behoort in sy hart die draer van die kerk te wees. (Bijlsma, 1962, 30).

Tog is daar bindende faktore wat by kategetiese onderrig sowel as Bybelonderrig aangetref word, want albei is gerig op die bybring van kennis van en insig in die Bybelse waarhede. Albei het die doel om aan te sluit by die fundamentele verantwoordelikheid van die huisgesin ten opsigte van die doopbelofte. Sowel die kategese as Bybelonderrig trag om die verworwe kennis te integreer in die opvoedingsgeheel van die jongmens se vorming. (Bijlsma, 1962, 30).

## 1.4 Kategese is kerklike onderrig aan die verbondsjeug

Kategese is kerklike onderrig en word gebring aan die onmondige verbondslidmate, dus aan die kinders wat binne die kring van sy verantwoordelikheid lewe. Die verbondsjeug is kinders van gelowige ouers wat die teken van die verbond ontvang het. Die verbondsteken moet as aanduiding dien dat die verbondskind, deur die doop in 'n verbondsverhouding tot God staan. (Jooste, 1965, 31). Hierdie verantwoordelikheid van die kerk waarvan die doop die teken is (Ten Have, 1948, 11), behels dan 'n onderwysing van die kind om hom te lei tot 'n persoonlike belydenis van God wat Hom in Sy Woord openbaar en in die kerk verkondig word. "Dit belijden vormt de poort tot de volle deelname aan het kerkelijk leven, als de gemeenschap dergenen, die Christus toebehoren. Hiervan is de deelname aan het avondmaal middel en teken." (Ten Have, 1948, 11).

Die katkisante moet derhalwe steeds onder die indruk gebring word dat hulle deur die doop as Godsvolk afgesonder is. Hulle moet bewus wees dat God in hulle lewe ingegryp het en dat hulle derhalwe lede van die kerk van God is. Hulle moet weet dat die kategetiese onderrig nie beteken dat hulle heidene is wat nou gekersten word nie, maar dat die lokaal van die kategetiese onderrig eerder 'n beeld van die kinderkamer van die huisgesin van God is. (Van Nie, s.j., 24).

Maar die ouers het ook 'n besondere verpligting teenoor hulle kinders, nl. om waaragtig waardige verbondsouers te wees. In die eerste instansie moet hulle nie slegs besitters van geloofskennis wees nie – dit is in sy diepste wese nie net bloot 'n verstandelike wete nie, maar ook 'n vaste vertroue in die ware geloof waardeur alles vir waaragtig gehou word wat God in Sy Woord geopenbaar het. Daarom beloof die ouers by die doop om hulle kinders te onderrig en te laat onderrig. Die verantwoordelikheid van die ouers moet geskied in die huiskatkisasie, want die kinders is in die eerste plek kinders van die ouers en daarom is hulle verplig om hulle kinders in die geloofsleer te onderrig. Dit is per slot van rekening die ouers wat aan die getroue Verbondsgod rekenskap sal moet gee van wat van hulle kinders geword het. Die feit dat die ouers ook moet toesien dat hulle hul kinders moet laat onderrig, sien op die verdere onderwys van die kerk en die skool. (De Wet, 1943, 2).

## 1.5 Die relevansie van kategetiese onderrig

Die vraag na die sin en doel van die lewe tot in ewigheid is om by Christus uit te kom, en in Christus is die relevansie van die kategetiese onderrig geleë. Deur Christus, met Christus en vir Christus alleen kan die mens die volmaakte lewe vind. Die uiteindelike doel van die kategese is om die mens te help sodat Christus volledig oor sy lewe kan regeer en deur Sy geproklameerde koningsmag hom kan vrymaak van alle ander heerskappy. (Ten Have, 1948, 12).

Die relevansie van die kategese is dus die rēaliteit van die geloof in die hemelse Koninkryk wat deur Christus vir die mens verwerf is. Die kategese is die oproep van die jeug tot 'n vreugdevolle deelname aan die Ryk. Dit is 'n oproep tot 'n innige verkeer met die lewende God. (Ten Have, 1948, 12).

Die kind moet in die kerk tot hierdie besef opgevoed word en daarom is dit so noodsaaklik dat die kategeet sal weet hoe die kind daartoe opgevoed kan word. Hy moet weet hoe om die middels tot sy beskikking aan te wend om hierdie essensie van die kategetiese onderrig te benut en te bereik. (Ten Have, 1948, 12). Christus roep die kerk op tot Sy diens en tot hierdie diens behoort ook die onderrig. Die onderrig moet die kind dan in staat stel om in 'n korrekte geloofsverhouding

tot Christus te kom en om steeds meer deurdronge te word met die wysheid en liefde van Christus. Vir die katkisant moet die geloof in Jesus Christus die allesbeheersende sentrale gedagte wees.

## 2. Die karakter en doel van kategetiese onderrig

### 2.1 Die karakter

#### 2.1.1 Die opvoedingsdimensie van die karakter van kategetiese onderrig

Die kategese is die wyse waarop die gemeente gevorm word, dit wil sê volwasse gemaak word om waaragtig die gemeente van die Here te wees. Daartoe moet die mens geleer en opgevoed word – dus onderrig word. Die onderrig is die singewende aspek in die kategese waarin die verkondigingsfaktor wel ook sterk op die voorgrond tree. Die kategeet moet dus onderwyser en prediker wees. (Malan, 1971, 2). Dit impliseer nie 'n oorlewering van die kategese aan sy hulpwetenskappe, nl. die Pedagogiek en Didaktiek nie (Beukes, 1974, 125), maar dit is slegs die wyse waarop die hoogverhewe doel van die kategese bereik word.

Weens gebrek aan doelmatige kategese, ontstaan daar ook leemtes om ten volle die gemeente van die Here te wees. Opvoeding is die leidinggewing aan die onvolwasse mens met die oog op die uiteindelike resultaat van mense wat bereid is om met volle verantwoordelikheid jeens God en die medemens, na sy spesifieke aanleg en bestemming, sy plek in die wêreld in te neem. Die opvoeding wil die mens in sy totaliteit 'n plek in die wêreld bied, nl. om in hierdie wêreld te lewe onder die heerskappy van God in Christus deur die werking van die Heilige Gees, in gemeenskap met en in dienende liefde jeëns sy medemens. (Ten Have, 1948, 2). Van Wyk definieer opvoeding as "... 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidgenormeerde handeling waarby 'n mondige persoon(e) wat uit liefde vir God en die naaste gedronge en in die volle besef van sy roeping met betrekking tot die kosmos 'n onmondige persoon(e) lei, rig, oorreed en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy Koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die

kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring. Onderwys is die handeling waarby bepaalde kennis en vaardigheid deur die onderwyser aan die kind op wetenskaplike wyse aangebied word sodat die kind daardeur gelei en gevorm word tot toegeruste en ywerige vervuller van die taak waartoe hy geroep is." (Van Wyk, 1972, 31–32).

Maar wat is die aandeel van die kerk in dié opvoedingsgebeure? "Het aandeel van de kerk in die opvoeding moet uiteraard wel hierin bestaan, dat zij op de achtergrond de voorstellingen en levensvormen aanreikt, die uit de wereld van het christelijk geloof opkomen." (Bijlsma, 1962, 125). Bijlsma sê tereg dat die kerk immers as geloofsgemeenskap die moeder van die gelowiges is wat sy kinders sorgend omring sodat hulle op die pelgrimstog na die komende Godsryk blymoedig en vertrouend kan voortgaan. (Bijlsma, 1962, 125).

Die kerk is die subjek van die pedagogiese beïnvloeding tot die ontmoeting met Christus. God self bewerkstellig die oordrag van geloofsvorme. Die kerk is die medium wat die Heilige Gees gebruik om die mens tot geloof te lei, en dan nie die kerk as institutêre verskynsel nie, maar veel eerder in sy lewe en werksaamhede as geloofsgemeenskap. (Bijlsma, 1962, 125).

As opvoedingsdimensie werk die kategese "op haar wijse mee om in de leefwereld der jongeren de dimensie van de werklijkheid Gods gestalte te geven. Zij doet dat in de vorm van onderricht." (Bijlsma, 1962, 132). By wyse van die onderrig aan sy dooplidmate is die kategese betrokke by die opvoeding van die opgroeiende lede van die kerk. Lewensvorme en lewensnorme wat sy essensie in die geloof vind, word deur die kerk deur middel van onderwysing op die jeug oorgedra. Met kennis van die wese en essensie van die Evangelie, die kerk en Skrif, geestelike strominge en verskynsels, kan die jongmens uiteindelik sy eie beslissings neem. (Bijlsma, 1962, 132).

"De catechese doet niets anders dan het materiaal aandragen in de hoofden en harten der catechisanten, waardoor het hun mogelijk wordt gemaakt een persoonlijke keuze tot een echte levenshouding te komen. Wanneer de opvoeding wordt

verstaan als een hulp om tot eerlijke levensbeslissingen te komen, dan is de catechese in deze hulpverlening een centraal werk der kerk." (Bijlsma, 1962, 133).

In die opvoedende omgang met die jeug is dit die taak van die pedagoog om by die jongmens 'n gevoel van gebondenheid en van vryheid tuis te bring. In die opvoedingsgebeure sal hy, na gelang van die omstandighede, vashou en weer skietgee. In die kategetiese opvoedingsdimensie is daarvan egter geen sprake nie, want die mens bly immers gebonde aan die Almagtige God. Daarom sou dit by uitstek 'n strewe by die kategeet wees om die katkisant deeglik in te lig oor sy gebondenheid aan God. Sulke kennis sal gewis insig by die katkisant tot gevolg hê.

Maar die vraag is nou in hoeverre die kategetiese onderrig daarin slaag dat inhoud vir die katkisant nie slegs inhoud bly nie, maar dat elkeen doelgerig kan afstuur op die neem van Christelike verantwoordbare beslissings? En verder: hoe moet die kategeet hierdie dinge nou onderrig en wat kan die katkisant daaruit neem wat vir sy lewe eksistensieel belangrik is? Dit sal die doel en taak van hierdie studie wees om hierdie vrae, in die hoofstukke wat sal volg, enigermate bevredigend te probeer beantwoord.

### 2.1.2 Die religieuse dimensie van die karakter van die kategese

Met "religieus" word hier die ingrypende werking van die genade van God deur die Heilige Gees tot 'n verdiepte goedsdienstige staat bedoel. Dit neem die vorm aan van leiding van die verbondskind tot 'n selfbewustheid om God met sy hele hart lief te hê sodat hy die ware liefde nie net met sy lippe sal bely nie, maar dat hy dit ook sal openbaar deur woord en daad, dat hy dus deur middel van 'n totale godsdienstige gesindheid, ook in die alledaagse lewensbedrywighede, sal optree. (Jooste, 1965, 33).

### 2.1.3 Die verbondsdimensie van die aard van die kategese

Die kategese moet, soos ook reeds vroeër aangetoon (vgl. 1.4, p. 5 van hierdie studie), daarmee rekening hou dat die katkisante verbondskinders is. Hulle het die teken van die verbond ontvang en staan daarom in 'n besondere betrekking tot die

Verbondsgod. Die kategese is die kerklike aksie waardeur die ouers in die lig van die Verbondsbelofte by die doop in staat gestel word om hulle kinders "te laat onderrig." Hierdie kontakpunt karakteriseer die kategese se besondere belang by hierdie verbondsaak.

Hiervolgens is die kategese onteenseglik nou verbonde aan die verbond en het die kategese 'n besondere taak om te vervul. Dit het as taak die konsensieuse verstewiging van die kind se kennis aangaande die verbondswaarhede nl. die verbond waarvan Christus die Hoof is. Daarom moet die kategese die band wat die kind aan Christus verbind, steeds verstewig sodat die verbondskinders gaandeweg doelgerigte en doelbewuste verbondelinge kan word. (Jooste, 1965, 35).

### 2.1.4 Die kerklike dimensie van die karakter van die kategese

Die kerk as Godgegewe instelling vir die verbondsvolk op aarde het die kategese as hulpmiddel in die vorming van kontak tussen God en gemeente. Die kategeet is derhalwe amptelik verplig om die verbondskinders toe te rus met die kennis van God soos Hy Hom in die Skrif openbaar en om daardeur te kom tot geloof in God. Dit beteken dan om mondige lidmate van die kerk te wees.

### 2.1.5 Die liturgiese dimensie van die karakter van die kategese

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die kategese met kinders te doen het wat in 'n verbondsrelasie tot God staan. In die omgang met God moet die kind geleer word om sorgvuldig Sy weë te volg anders raak hy van Hom verwyder. Hierdie ontmoeting met God impliseer omgang met God. Die mens roep Hom aan met die bedoeling dat Hy die mens sal opneem in Sy Koninkryk.

Die kategese het die taak en roeping om die kind in aanraking te bring met die vorm van aanbidding en dan meer in die besonder met die formele sy van die aanbidding. Liturgiese vorme soos gebed, sang, verering, ens. moet in hul volle konsekwensies aan die kind verduidelik word. Die gees waarin die aanbidding moet plaasvind, moet in die besonder aan die leerlinge verduidelik word. (Jooste, 1965, 37).

### 2.1.6 Die verkondigingsdimensie van die karakter van die kategese

Dit is van die allergrootste belang dat die predikant as kategeet in sy onderrig iets moet laat merk van sy eie getuienis. Hy moet nie uitsluitlik net "onderwyser" wees nie, maar terselfdertyd getuie en prediker. Die Woord van God moet aan die kategese 'n verkondigende aard verleen.

### 2.1.7 Die herderlike dimensie van die karakter van die kategese

Maar die pastorale dimensie mag ook nie in die kategese ontbreek nie, soos byvoorbeeld persoonlike kontak, individueel en groepsgewys tussen kategeet en katkisant. As hierdie belangrike faset van wedersydse liefde en vertroue ontbreek, dan het die kategese reeds in 'n baie belangrike aspek van sy taak gefaal. (Malan, 1971, 2).

## 2.2 Die doel

Saam met Bijlsma kan die doel van kategetiese onderrig saamgevat word in die volgende vier hoofgedagtes, nl. die bybring van kennis, want sonder die kennis van God kan die mens Hom nie liefhê nie; die vorming van bewuste en meelewende lede in die gemeente van Christus; hulp aan en opvoeding van die jongmense om verantwoordelike mense, dit wil sê jongmense wat opgevoed word om hulle geborgenheid in God te vind, te te word en te bly en die versekering van die voortgang van die kennis van God van geslag tot geslag.

### 2.2.1 Die bybring van kennis

Dit is baie belangrik om hieraan die orde te stel dat die bybring van kennis (vgl. *Spr.* 2:5, 6; *Jes.* 1:3; 11:9; *Luk.* 1:77; 11:52; 2 *Pet.* 3:18) nie die einddoel van die kategetiese onderrig kan wees nie, (De Villiers, 1957, 48), maar dat dit eintlik 'n onmiddellike doelstelling is wat heenlei na die einddoel. Daarom is die kennis-element onmisbaar in die bereiking van die uiteindelike doel van die kategese. Sonder die kennis van God, soos Hy Hom in die Skrif openbaar, kan daar ook nie liefde vir God wees nie.

Ter Haar dui hierdie kennis aan as "kennis van wat het Christendom is en bovenal van die Bijbel, niet als en boek, waaruit bepaalde verhalen word geleerd .... maar kennis van het Boek zelf, zodat de leerlingen worden opgevoed om uit de bron zelf te kunnen putten, voor de latere opbouw van hun geloofsleven." (Ter Haar, s.j., 27).

Die kategetiese onderrig mag aan die kennis van die christelike geloof en lewe by die kind nie verbygaan nie – dit moet rekening hou met die vrae wat vir die kind in die huidige tydsgewrig eksistensieel belangrik is sodat sy vrae aanvaarbaar, maar binne die kader van die Christelike geloof beantwoord kan word.

Die kennis wat op hierdie wyse opgedoen word, moet derhalwe die wyere en hoëre doeleindes (wat verderaan behandel word) van die kategese dien. (Bijlsma, 1962, 12).

### 2.2.2 Die vorming van bewuste en meelewende lede van die gemeente van Christus (Bijlsma, 1962, 12)

Ter Haar sien die doel van die kategiese onderrig as die vorming van die godsdienstige persoonlikheid. (Ter Haar, s.j., 26). Die gedagte hier is dat die kategetiese onderrig aan elke kind die geleentheid wil bied om op grond van die Skrif sy geloofslewe in te rig. Daarom sal die kategese hom daarop toelê om die katkisant tot 'n persoonlike geloofsbelydenis in die midde van die gemeente te bring. Die kategetiese onderrig het in hierdie geval die doel om deur onderrig in die christelike leer die gedoopte katkisant op die nagmaal voor te berei. Bijlsma stel dit voor as die voorbereiding tot mondigheid van die geloof in God. (Bijlsma, 1962, 20).

De Wet sê dat die heerlike doel van die katkisasie "die volle lidmaatskap van die kerk, en daardeur die volle kerklike gemeenskap is". (De Wet, 1943, 5). De Villiers sê weer op sý beurt dat die "kategese die onderrig van die kerk" is, „deur sy ampsdraers aan sy gedoopte, onmondige lidmate om hulle voor te berei vir en te lei tot die aflegging van hul openbare geloofsbelydenis om daardeur toelating tot die Nagmaal te verkry. (De Villiers, 1957, 26). De Villiers waarsku hier teen die feit dat die werklike doel van die kategese, nl. die verheerliking van God en die handhawing van Sy eer, nie verlê mag word na die heil en deugsaamheid van die mens nie. (De Villiers, 1957, 48).

Die doel van die kategetiese onderrig is veel grootser as bloot net om tot die Nagmaal toegelaat te word. Dit is veel eerder om die kinders van hulle onvolledige lidmaatskap tot volle lidmaatskap te bring. Hierdie onvolledigheid bestaan ten opsigte van hulle voorregte en verpligtinge as lidmate van die kerk en nie ten opsigte van die genade van God nie. (De Wet, 1943, 4–5).

### 2.2.3 Die opvoeding van die jongmense tot verantwoordelike mense van God in hierdie wêreld

Met "hierdie wêreld" word hier bedoel die veranderende, snelbewegende wêreld wat onaangekondig op die mens van vandag afgekom het. Dis 'n wêreld wat gekenmerk word deur snelle ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie, 'n wêreld wat meen dat hy God nie meer nodig het nie. Die "verantwoordelike mense" wat hier ter sprake is, sal mense moet wees wat die evangelie, die ewige, in hierdie tyd moet leer belewe. Dit beteken dat die mens in sy eie situasie moet leer om te luister na die evangelie van Jesus Christus. Die kategeet sal die katkisant moet help om te soek na die verhouding tussen die geloof en lewe van die menssyn. Dit sal hulpverlening aan die kind moet wees om 'n antwoord op die vraag te kry: wat is die betekenis van die geloof vir die wêreld en die wêreld vir die geloof? (Heyns, 1972, 1 e.v.).

Volgens Bijlsma is hierdie doelstelling 'n verlossing van die kategetiese onderrig "uit een gesloten kerklijk isolement." (Bijlsma, 1962, 13). Volgens hom, en tereg ook, is die tyd vir goed verby dat die mens 'n diens aan die jeug bewys deur hulle te midde van 'n volle bruisende lewe skynbaar probeer beskerm deur hulle sover moontlik onkundig te probeer hou. "Maar bovendien is het principieel onjuist de opgroeiende mensen te willen vrijwaren voor het contact met de wereld." (Bijlsma, 1962, 13). Hy sê verder "onze jongeren moet volwassen mensen worden, die hun verantwoordelijkheid kennen en deze ook kunnen dragen. Daartoe mag de kerk op velerlei wijze doch niet het minst ook door haar catechese, haar dienst verlenen." (Bijlsma, 1962, 13).

### 2.2.4 Die voortgang van die kennis van God van geslag tot geslag

Die sentrale werk van die kerk om die kennis van God van geslag tot geslag oor te dra, is sy kategetiese bemoeienis met die jonger lede van die gemeente. Hierdeur het God aan die kerk die geleentheid gebied om die komende geslag so toe te rus dat hulle die wêreld kan dien met die kennis van Sy Naam. (Bijlsma, 1962, 14).

Dit beteken verder dat die kerk verseker dat die Bybel vir die toekoms die grondslag van die lewe van die Christen sal bly. Die kategeet moet hom daarop toelê dat die katkisant gehelp moet word om metodies na te dink oor wat God in Sy Woord histories voorgedink en voorgedoen het. (Heyns, 1972, 2 e.v.) en dan sy eie lewe daarvolgens in te rig.

Die kategese moet hom verder ten doel stel om die moderne kind, ook wat sy toekoms betref, te help en te lei om deur die geloof in God en die liefde vir God 'n stylvolle en verantwoordelike Christelike lewe te kan lei. En verder om die katkisant te help om sorgvuldig die weë wat God aanwys te volg, want alleen 'n diepe besef dat die lewe 'n genadegawe van God is, kan die jongmens motiveer om sy lewe tot eer van God te lei.

Gelowige jongmense is die toekomsbelegging van die kerk, want die gelowige jongmens van vandag is die gelowige ouer van môre.

## 3. Samevatting, probleem- en taakstelling

### 3.1 Samevatting

Die woord "kategese" is afgelei van die Grieks wat letterlik beteken om "oor iets" of "deur iets te laat klink." By implikasie beteken dit mondelinge onderrig. Die Nuwe Testamentiese betekenis sien op die onderrig wat met gesag gegee word. (De Villiers, 1957, 19 – vgl. ook 1.1 van hierdie hoofstuk).

Die kategese het nie net betrekking op die prediking in engere sin as bediening van die Woord van God tydens die erediens aan die gemeente nie, maar dit omvat ook die onderrig van die Woord aan die onmondige lidmate. (De Villiers, 1957, 19).

Die uitgangspunt waarop die kategeet hom moet stel by sy onderrig is dat die kinders verbondskinders is. Kragtens die verbondsbelofte van God is die gedoopte kinders dus ook gelowiges, al is hier alleen maar net sprake van 'n onbewuste of potensiële geloof. Die taak van die kategetiese onderrig moet dan juis wees om die kind se potensiële geloof te bring tot 'n bewuste en aktuele geloof. (De Wet, 1943, 6).

Die kategetiese onderrig is verder die voorwaarde en grondslag vir die bestendige bloei van die gemeente, van die selfstandigheid van sy lede en van die wasdom tot Christelike volkomenheid. (Ter Haar, s.j., 13). Verder moet die kategetiese onderrig nie bloot gesien word as 'n opleiding tot lidmaatskap nie, maar wel die wyse waardeur die kerk gebou en uitgebou word.

Vir die katkisant self het die kategetiese onderrig die betekenis dat sy kennis van God daardeur verdiep word om uiteindelik te kom tot 'n praktiese Christelike lewenstyl in 'n wêreld wat reeds onherkenbaar verander het en steeds besig is om te verander. Ou waardes en gebruike het in onbruik geraak en daarom moet die kategetiese onderrig hom ten doel stel om vir die kind die verhouding tussen geloof en wêreld duidelik en eksistensieel te stel.

Aan die ander kant bied die kategetiese onderrig aan die leraar en kategeet die geleentheid om sy gemeente te bereik deur gebruik te maak van die geleentheid wat die kerk hom bied om onderrig te gee. Op grond hiervan vertoon die kategetiese onderrig sy kerklike karakter, want hy is hier besig met die bou van die kerk deur die nuwe geslagte te bring tot mondige en volwaardige lidmaatskap van die kerk.

Die kategetiese onderrig is eintlik 'n vorm van onderwys. Die kategese bevat ook die element van godsdienstige opvoeding wat steeds die vorming tot volwassenheid en tot 'n selfstandige lewe ten doel het, d.w.s. die vorming van volwaardige lede van die gemeente. (Ten Have, 1948, 129).

## 3.2 Probleem- en taakstelling

Kategetiese onderrig is die kosbaarste besitting van die kerk, want die Christendom hou hom hierdeur in stand. Dit is die middel waardeur die kern van die kerk vernuwe kan word, want die krag van die Christendom is juis geleë in 'n heldere insig in die waarheid van die Evangelie. (Ter Haar, s.j., 13). Ter Haar sê dat die kategetiese onderrig die weeklikse vaslegging van die fondamente van die kerk is. Dit is nie blote opleiding tot lidmaatskap nie, óf 'n aanvulling van wat deur die ouers nagelaat is nie, maar dit is wel deeglik die middel waardeur die kerk gebou word. Vir die katkisant self beteken dit die kennis van die behoudenis en vir die kategeet bied dit die geleentheid om sy gemeente te bereik. (Ter Haar, s.j., 14).

Die gedagte om op die voorgenome wyse die Kategese te bestudeer, is gebore uit 'n besef van die enorme verantwoordelike taak wat aan die kategeet en sy hulpkategete opgedra word om die katkisante voldoende en deeglike onderrig te gee.

Die probleem wat in die volgende hoofstukke uitgelig sal word, hou verband met die vraag na die sinvolheid en pedagogiese verantwoordbaarheid van die kategetiese onderrig in die drie Reformatoriese Afrikaanse kerke in Suid-Afrika. Hierdie studie sal dus teen die agtergrond van die prinsipiële verantwoordelikheid van die kerk met betrekking tot die kategese, gestaafde tekortkoming aandui met konkluderende aanbevelings betreffende die kategetiese onderrig wat moontlik tot verbetering van die onderrig kan dien.

## 3.3 Die belangrikste metodes wat in die ondersoek gebruik is

Die bepaling van die wese van kategetiese onderrig is uit die aard van die saak prinsipieël Skriftuurlik gebonde. Hieroor is hoofsaaklik aan die hand van primêre en sekondêre bronne gegewens ingewin met betrekking tot die wesenstruktuur van die kategese. Daar is ook van die Skrif as primêre bron van God se Openbaring gebruik gemaak.

Die gegewens oor die eise wat gestel word aan die kategetiese onderrig is eweeens deur jare heen deur outeurs, Sinodes en Kerkvergaderings oorweeg. Navorsing in dié verband is ook aan die hand van primêre en sekondêre bronne verkry.

Gegewens aangaande die kategetiese onderrig in die Reformatoriese Afrikaanse Kerke is bekom deur gebruik te maak van die historiese en wysgerige navorsingsmetodes. Ewe-eens is ook hier van primêre en sekondere bronne, veral Sinodale handelinge, gebruik gemaak.

In die bepaling van die onderlegdheid van die kategeet en sy hulpkragte, en die geslaagdheid van die onderrig aan die dooplidmaat is gegewens verkry deur hoofsaaklik van die questionnaire-metode gebruik te maak. Hierdie gegewens is aangevul met inligting wat verkry is uit onderhoude wat met professore in die Kategetiek van die drie Afrikaanse Reformatoriese kerke gevoer is.

# HOOFSTUK II

# EISE GESTEL AAN DIE KATEGETIESE ONDERRIG

## 1. Inleidend

Dat kategetiese onderrig amptelik tot die taak van die kerk behoort, is by herhaling in die vorige hoofstuk beklemtoon. Die persoon wat nou amptelik belas is om hierdie werk te doen, is die kategeet, dit wil sê die predikant. (Vgl. Jooste, 1965, 58). Die kategetiese onderrig waaraan geen enkele getroue predikant hom kan onttrek nie, is deel van die amp van die leraar. (Ter Haar, s.j., 11). Omdat die kategetiese onderrig amptelik van aard is, kleef daar outoritêre gesag aan die kategetiese werk. (Biesterveld, 1900, 64; asook De Villiers, 1957, 23).

Kategetiese onderrig is voorts onderrig in die sin van verkondiging en meededeling van die Woord van God aan 'n bepaalde groep mense. Hierdie verkondiging het onderwysende eienskappe en word aan die onmondige lidmate van die gemeente gebring. (De Villiers, 1957, 25). Dit is die kweekskool, die opleidingsinrigting van die kerk. (Ten Have, 1948, 10). De Villiers definieer die amptelike onderwysing as "die onderrig van die Kerk deur sy ampsdraers aan sy gedoopte, onmondige lidmate om hulle voor te berei vir en te lei tot die aflegging van hul openbare geloofsbelydenis om daardeur toelating tot die Nagmaal te verkry". (De Villiers, 1957, 26). Die kategeet is daarom ook "onderwyser" wat by uitstek daarop aangewys is om Gods Woord aan die verbondskinders van die gemeente te onderrig en aan almal wat dit begeer. Sy verantwoordelike taak ten opsigte van die bondelinge bestaan daarin om voortdurend daarop bedag te wees dat die bondelinge toegerus moet word om in die stryd van die lewe in staat te wees om die wapens wat die Skrif hulle bied, behoorlik te kan hanteer. (Jooste, 1965, 38).

In die lig van hierdie verantwoordelike taak van die kategeet kan die volgende eise gestel word waaraan hy behoort te voldoen:

## 2. Die godsdienstig-sedelike eis aangaande die persoon van die kategeet

Ten Have sê dat die kategeet 'n uiters belangrike faktor vir die kategese is. Hy bepaal die sukses of mislukking daarvan. (Ten Have, 1948, 45). Dit wil sê dat hy 'n mens moet wees wat, gedronge deur die liefde vir Christus, onderwys moet gee op Sy bevel. (Vgl. *Matt.* 28:19). Die kategeet moet dus 'n godsdienstige mens wees. 'n Wandelende vraagteken kan nie vir ander mense 'n wegwyser wees nie. Hy moet 'n mens wees wat die oortuiging van sy hart uitstraal. Daarmee word bedoel dat die kategeet se hele lewe getuienis moet wees van 'n erns wat die jeug, deur God se genade, in die hart raak; 'n getuigende oortuigde wat deur God as middel gebruik word om die verbondskind tot geloof te oortuig. (Stone, 1968, 5). Per slot van rekening lê die Skrif telkens klem daarop dat ampsdraers bepaalde kwaliteite moet besit. (Vgl. *Hebr.* 13:7; 1 *Pet.* 5:2; 1 *Tim.* 4:6, 16). Die kwaliteite van die brenger van die Woord is nie sonder betekenis vir die gelowige aanvaarding daarvan nie. (Stone, 1968, 4).

In dieselfde sin sê De Villiers van die kategeet dat hy 'n mondige Christen moet wees. "Hy moet die katkisant nie na homself lei nie, maar na Christus. Hy moet self gegryp wees. Die hoofsaak van die geloofslewe van die kategeet is nie mededeling van die eie ervaring betreffend die verhouding tot God nie, maar dit moet die grondslag wees vir die leiding van die katkisant na geloofsekerheid." (De Villiers, 1957, 63).

## 3. Eise gestel met betrekking tot die vakkundige bekwaamheid van die kategeet

Uit die aard van die kategeet se opleiding weeg hierdie eis nie die swaarste nie, want die kategeet is teologies wel deeglik onderlê. Saam met De Villiers moet daar egter gewaarsku word teen 'n huigelagtige onfeilbaarheid. Dit bly steeds belangrik dat die kategeet hom ten volle op die hoogte moet stel én hou met die leerstof. (De Villiers, 1957, 64). Hy moet per slot van rekening 'n man van ryke en veelsydige kennis wees, d.w.s. 'n kundige mens, maar 'n kundige mens wat sy kundigheid kan oordra aan die kind. Greyling sê: " 'n Onderwyser is geen onder-

wyser nie, tensy hy waarlik iets kan onderwys. Om 'n uur met kinders op 'n Sondag deur te bring, is nie onderwys nie." (Greyling, 1942, 178).

**4. Die eis van psigologiese insig in die kategetiese objek**

P. ten Have sê: "Waar een levend mens, met een door Christus geheiligd, zelfverloochend leven, met grondige kennis van de ziel der jeugdigen en met geestelijke beschaving voor de klas staat, daar mag men op goede catechese hopen". (Ten Have, 1948, 89). Dit is hieruit baie duidelik dat die kategeet rekening moet hou met die kind se besondere eienskappe, sy vermoëns, die struktuur van sy sielelewe, sy gevoel, wil en strewe. (Stone, 1970, 147). Dit is dus voor die hand liggend dat met die kategetiese onderrig besin moet word oor die psigologie as hulpwetenskap. Die doel van die kategese kan egter nooit uit die feitemateriaal van die psigologie as wetenskap afgelei word nie. (Vgl. Higgo, 1968; 16). Higgo sê: die kategetiek is 'n selfstandige wetenskap wat sy norme en doeleindes ontleen aan die grondbeginsel van die teologie, die Heilige Skrif. Sielkunde is 'n hulpwetenskap vir die kategetiek wat die insig in die objek van die kategese verhelder en help om die geskikste metodes te vind waardeur die doel van die kategese bereik kan word. (vgl. Higgo, 1968, 16; asook Hoekstra, 1916, 23). As die leerstofkeuse aangepas word by die psigologiese ontwikkeling van die kind "sal die kategetiese doel verwesenlik kan word, nl. dat die van God gegewe potensiale en moontlikhede in die jongmens ontsluit word om in diens van Christus en Sy kerk te staan". (Prins, 1973, 128). Die leerstof kan verder bepaal word deur die gerieflike indeling van die kind in leeftydsgroepe met behulp van die psigologie. (Hoekstra, 1916, 59).

Aangesien die psigologie as wetenskap hom besig hou met mensekennis en die kategese deurgaans staan of val met die insig van die kategeet en die hulpkragte met betrekking tot die leerlinge, kan die kategese nie sondermeer aan die resultate van die psigologiese ondersoek verbygaan nie. (Bijlsma, 1962, 101).

Hieruit is dit duidelik dat die kategetiese onderrig, net soos alle onderwys, rekening moet hou met die gegewens wat die psigologie rakende die ontwikkeling van die kind bied. Bijlsma lê besonder klem daarop dat die psigologie binne die

kader van die pedagogiese bemoeiing met die kind 'n aanvang neem. Dit is juis die besondere eis van die kategetiese verantwoordelikheid, met sy besonder toegespitste funksie, dat die ontwikkelingspsigologie vrugbaar gemaak word vir die kategetiese diens van die kerk. Daartoe is wel nodig dat die resultate van die ontwikkelingspsigologie getoets word aan hulle pedagogiese juistheid en bruikbaarheid. (Bijlsma, 1962, 107).

Die kategeet en hulpkrag moet dus vir hulle die vraag vra hoe dit in die verskillende leeftydsfases van die groeiende mens gesteld is, want vir geslaagde onderrig is dit net so belangrik om 'n deeglike kennis van die kind te hê as wat dit is om die betrokke vak deeglik te ken (vgl. punt 3 van hierdie hoofstuk). Juis dit bied die pedagogiese psigologie, want dit gee nie alleen 'n duidelike aanduiding van die wyse waarop die mens van suigeling tot volwassene onderweg is nie, maar dit bepaal ook die kategeet se optrede ten opsigte van die "mens-onderweg". "En hij zal zich dus dankbaar laten gezeggen door een pedagogiek, die mede voor dit doel haar diensten verleent. Immers de catechese speelt zich af in een bepaalde opvoedingsituasie. De kerk oefent in haar onderricht bewust een invloed uit als een der factoren, die de groei van de jonge mens bepalen. De omgang van de catecheet met de leerlingen is daar speciaal op gericht." (Bijlsma, 1962, 107; ook Ziegler, 1962, 7–9).

Dit lê nie binne die bestek van hierdie studie om die terrein van die ontwikkelingspsigologie as wetenskap te eksploreer nie, d.w.s. om persoonlikheidsontwikkeling, sielkundige remminge en sosiale agtergrond te beskryf nie. Hieroor gaan dit in die besonder in die M.Th.–Skripsie van G. Higgo. (Vgl. Higgo, 1968). Daar moet egter op gewys word dat die godsdienstige ontwikkeling oor die algemeen in dieselfde baan beweeg as die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. (Higgo, 1968, 50). Die eise wat die kind se ouderdom aan die kategese stel, moet daarom deurgaans rekening hou met die algemene ontwikkelingspsigologie, sonder om die religie as onderdeel van die persoonlikheidsontwikkeling te beskou, want religie kan nie as bloot psigiese gebeure afgemaak word nie. "Die religie is die diepste grond vir en die mees spesifieke bepaling van die aard en wese van die mens." (Higgo, 1968, 50).

Die kategese moet toesien hoe dit in iedere wordingsvlak van die katkisante en, rekeninghoudend met die situasie waarin dit gebeur, sy kerklike opdrag vervul. (Bijlsma, 1962, 108).

Met hierdie feite as uitgangspunt word daar nou aandag gegee aan die eise wat die ontwikkelende kind se ouderdom aan die kategese stel.

**4.1 Die godsdiens van die kleiner kind (tot 5 jaar)**

Omdat die kerk slegs kan voortbou op die godsdienstige beïnvloeding van die ouer op die kleuter, word die godsdienstige ontwikkeling van die kleuterjare af oorsigtelik beskou.

Die kleuter is ontvanklik in sy godsdienstige lewe, met ander woorde hy aanvaar alles op die volwassene se gesag. Die gesin is gedurende hierdie tyd geroepe tot godsdienstige opvoeding, want alle godsdienstige gebruike, handelinge, voorstellinge van God, ens., word deur die ouer aan die kind oorgedra. Die ouers, maar veral die moeder en in 'n mindere mate ouer broers en susters, lewe die eerbied en liefde vir Christus aan die kleine voor. Dikwels gebeur dit dan dat hy, aangesien sy voorstellinge konkreet is, die Godsgedagte op die ouer projekteer. Die kleinkind vertrou nog geheel en al op sy ouers en doen hulle na sonder om in sy gedagtewêreld die besef te hê van God as die "U" van hoër orde vir die lewe van die mens. (Bijlsma, 1962, 226). Die kleinkind se spreke oor God en sy voorstelling van God lê nog op die vlak van die kinderlike denkmoontlikhede wat nie ooreenkom met die singewing van die volwassene nie. Wreedhede en onbillikhede aan die kant van die ouer kan op hierdie ouderdom die kind onuitwisbare skade berokken, want sy gevoel van onveiligheid by die ouer word geprojekteer op 'n onveilige gevoel by God. (Van Wyk, 1973b, 8).

Die elemente van afhanklikheid, liefde en geborgenheid oorheers in hierdie leeftyd. Daarom is dit ook by die kind 'n behoefte om God te leer ken as die hoogste liefde en sekerste toevlug. (Higgo, 1968, 50). Daarom moet die klem in die kategetiese bemoeienis gedurende hierdie tyd op God as die versorgende Vader val,

juis omdat die kind se basiese behoeftes ook bestaan in voedsel en veiligheid, en 'n plek waarheen hy sy toevlug kan neem. (Van Wyk, 1973b, 8). In die kleuterlewe, wat allereers geborgenheid en liefde soek, moet die realiteit van God gebring word as die hoogste liefde en die sekerste toevlug. Dit is in wese tog ook die grondmotief van die christelike geloof. (Bijlsma, 1962, 227). Die eerste gedagte wat die kind bygebring moet word, is dat God altyd helpend en reddend mét ons is. Die kleinkind se afhanklikheid na geborgenheid en liefde moet nie afgesny word sodat die angs vir die magtige God gaan oorheers nie. Indien dit op hierdie ouderdom beklemtoon word dat God dié Wese is wat alles sien en hoor, kan die kleuter mettertyd aan God begin dink as 'n dwarskyker, of 'n pretbederwer, want Hy kom juis tevoorskyn as hy iets verkeerd gedoen het.

Van Wyk wys daarop dat dit die ouderdom is waarop die wonderwerke aan die kind vertel moet word aangesien die wonderverwagting van die kleinkind baie sterk is. Die voorstelling van die wonderwerke moet egter versigtig hanteer word; om dit voor te stel as towery, mirakels, ens., kan tot gevolg hê dat die kind, saam met alle stories oor towery, die wonderwerke met bedenking bejeën. Aan die ander kant is mense "dikwels geneig om die Bybelse verhaal aan kinders van hierdie ouderdom te verestetiseer of te verfraai tot 'n soort feëverhaal. Dit kan net daartoe lei dat die groterwordende kind geleidelik van die Bybel afskeid neem." (Van Wyk, 1973b, 8). Daarby moet in gedagte gehou word dat die kind in hierdie ouderdomsgroep nog weinig of geen sedelike besef of besef van die verkeerdheid van 'n daad as sodanig het nie. (Waterink, 1948, 157). Hy moet daartoe gelei word deur die volwassene deur teregwysing en lofprysing. (Higgo, 1968, 51).

Die aanskoulik-vertelde verhaal slaan by hierdie klein kind besonder sterk in, hoewel oordrywing gevaarlik kan wees. "Dit wat die ouer uit sy verbeelding byvoeg om die geskiedenis aanskouliker te maak, maak gewoonlik dieper indruk op die kind as die eintlike saak waaroor dit gaan en so kan die verteller wanbegrippe by die kleinkind vestig." (Van Wyk, 1973b, 8).

Die kind moet reeds in hierdie periode begin leer wat later die egte vrese van die Here is. Hy is die Vader wat aan sy kinders die goeie toebring, ten spyte van sy kinders wat die kwade teen Hom bedink. "Want julle het wel kwaad teen my

bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou". (*Gen.* 50:20). Die eerbied vir God van ouer en predikant, bv. die eerbiedige buig van die kop òf kniel, laat hom die majesteit van God besef en kweek by hom eerbied vir God. (Van Wyk, 1973b, 8). Die kind is tot aanbidding geneig en volgens De Villiers is dit die verpligting van elke ouer in die Gereformeerde Kerke om kragtens die doopbelofte getrou die kind te onderrig en te laat onderrig. (De Villiers, 1957, 67).

## 4.2 Die godsdiens van die skoolkind

### 4.2.1 Die eerste periode (ongeveer 6–9 jaar)

Eloff bestempel dít as die naïewe fase in die kinderlewe. (Eloff, 1971, 14). Die kind betree 'n vreemde wêreld wat hom dikwels bedreig; daarom is vertellings uit die Bybel waar hy in aanraking kom met die versorgende liefde van God uiters gepas. (Van Wyk, 1973b, 9). Sy godsdiens vertoon nog trekke van die kleinkind, want hy glo nog gemaklik mee met die geloof van sy ouers en opvoeders (Prins, 1973, 114; ook Bijlsma, 1962, 228) en sy religieuse voorstellings is nog sterk afhanklik van die gesinsmilieu.

Hoewel sy godsdienstige voorstellings nog oorwegend konkreet is (Prins, 1973, 114), ontwikkel die kind geleidelik van 'n fantasiewêreld met reuse, engele en duiwels, na 'n meer realisties ingestelde wêreld. Die wêreld van verbeelding uit die kleuterjare word gaandeweg verdring deur die vraag na die werklikheid en egtheid van dinge. (Bijlsma, 1962, 230). Die agt- en negejarige kind beskik reeds oor 'n sterk werklikheidsbegrip. Omdat hy 'n begeerte na feitekennis het, kan die Bybelse gebeurtenisse met vrug aan hom vertel word. (Van Wyk, 1973b, 9).

### 4.2.2 Die tweede periode (ongeveer 10–12 jaar)

Rondom hierdie jare begin die vergeesteliking van die godsdienstige voorstellings van die kind. Hierin speel die voorbeeld van volwassenes 'n leidende rol. (Prins, 1973, 114). Die kind begin nou belangstel in dinge wat buite sy eie beperkte gesigskring bestaan. Gaandeweg begin hy oor sake nadink en ontwikkel hy 'n

kritiese houding. Hy wil die hoe en waarom van dinge weet. Prins wys daarop dat van die 9e tot die 12e jaar die liggaamlike, verstandelike en geestelike vermoëns merkwaardig toeneem. Sy lewenslustigheid en drang na kennis maak van hom 'n nuuskierige ondersoeker wat baie vrae vra en 'n sterk geheue het. (Prins, 1973, 115). Hiervan moet die kategetiese onderrig deeglik gebruik maak, nl. die benutting van die sterk kindergeheue.

Aan die anderkant het hierdie verskuiwing meegebring dat die kind se geloof, gebaseer op gesag, minder geword het; hy vra om nadere verklarings en uitleg. By die seuns tree verstandelike insig, abstrakte denke en begrip gaandeweg sterker op die voorgrond, terwyl die gevoelslewe by die dogters meer op die voorgrond tree. Vir hulle is die godsdiens iets teers en gevoelvol. (Eloff, 1971, 17).

Volgens Van Wyk is dit "die ouderdom waarop die Kategismus ingevoer moet word met sy logiese vraagstelling en antwoordverskaffing". (Van Wyk, 1973, 10). Die kategetiese onderrig moet nou op uiters sinvolle wyse aangebied word, anders kan ongeloof die gevolg wees. (Van Wyk, 1973b, 10).

### 4.2.3 Die sekondêre skoolkind

#### 4.2.3.1 Ongeveer 12–14 jaar

Hierdie kinders kom pas van die laerskool af (junior katkisante) en is besig om geleidelik van die kindertrekke in hulle godsdiens afskeid te neem. Hierdie oorgangsperiode word deur sommige as die sosiale periode getipeer om so aan te toon dat die wordende mens sy plek in die gemeenskap gaan inneem. (Ter Haar, 1934, 57). Tot dusver is geloofswaarhede onvoorwaardelik aanvaar, maar nou wil hy die waarheid en egtheid van dinge weet. (Higgo, 1968, 52). Volgens Bijlsma gee die ontwikkelingspsigologie die volgende enkele globale kenmerke van hierdie leeftyd aan as:

- die behoefte om hom as selfstandige "ek" te laat geld;
- aan die einde van hierdie periode ontstaan roerende vriendskappe;
- weetgierigheid met 'n kritiese inslag;
- fanatieke drang na egtheid en waarheid.

Veral die laaste twee kenmerke is belangrik vir die behandeling van die kategetiese leerstof. Die kritiese inslag verander vanselfsprekende godsdienstige tradisies na intellektuele twyfel. Byvoorbeeld:- Waar kry Kaïn sy vrou vandaan? Kan God 'n Seun hê? Hoe kan God drie en tegelyk één wees? (Bijlsma, 1962, 232). Etiese vrae kom na vore, soos byvoorbeeld:- Waarom is daar so baie Kerke as daar net een God is?

Die aksent in die kategetiese onderrig moet derhalwe minder op die van buite leer van die leerstof val, maar eerder moet daar aandag aan die vorming van abstrakte denke by die kind gegee word.

Die benadering van die kategeet tot sy katkisant en sy leerstof moet uiters versigtig wees, want die egtheid van die optrede van die kategeet wat sy geloofsbelewing betref, is bepalend vir die goeie katkisant-kategeetverhouding. Daar is vir hierdie kinders niks ergers as die ontdekking dat die kategeet of hulpkategeet nie staan agter die dinge wat hy verkondig nie. (Bijlsma, 1962, 233). Die kategeet behoort deur middel van die kategese die jong kind te probeer help om te kom tot 'n begrip van die sin van die lewe en van sy eie bestaan. (Prins, 1973, 118).

Die kategeet moet ook daarteen waak om nie die indruk te probeer wek dat hy al die probleme van die katkisant kan oplos nie. Aan die ander kant kan hierdie probleme nie geïgnoreer word nie. Dit is belangrik dat die kategeet sy katkisante moet lei tot selfontdekking van die Bybelse waarhede en hulle toelaat om sinvolle dialoog oor 'n onderwerp te voer. Aan hom moet die "norme en riglyne verskaf word waarvolgens hy sy kritiese denke kan beoefen. Hy moet maatstawwe hê waarvolgens hy kan beoordeel." (Prins, 1973, 118).

Saam met Bijlsma kan gekonstateer word dat dit vir hierdie leeftydsgroep nie die belangrikste is om 'n bepaalde gedeelte van die leerstof deur te werk nie, maar om veral te poog om hulle by die gemeenskap van die kerk te hou.
(Bijlsma, 1962, 234).

#### 4.2.3.2 Ongeveer 15–17 jaar

Die kind se vrae oor die geloof neem in hierdie stadium merkbaar toe. Die periode van die grootste verwarring is nou verby en daar word begin met 'n heropbou en herstel van dit wat in die vorige stadium deurmekaar gekrap is. Goeie leiding is van die allergrootste belang – dit moet minder op die voorgrond staan, maar op beslissende punte moet die kategeet homself laat geld. Die adolessent vra en verdra geen uiterlike dwang nie, maar wel innerlike gesag. (Ten Have, 1948, 76).

Volgens Bijlsma is dit dié leeftydsgroep wat graag uitgesproke is oor geloofsake en die kerk. Dit bied die kategeet die geleentheid om in dialoog te tree met sy katkisante waarin hulle geleentheid kry om hulle oortuiging uit te spreek. Krasse uitsprake soos byvoorbeeld dat kerkgang oorbodige vormdiens is, moet met geduld opgevang en beantwoord word. In hierdie stadium behoort die katkisant gedurig verseker te word van die genade van God wat sondaars aanneem. Hierdie jongmense moet die gevoel hê dat hulle vrae oor seks, konflikte tuis, ens., openhartig en eerlik aanvaar en beantwoord word. In sy soeke na lig, na eie meningsvorming, kan die begrypende kategeet veel bydra tot 'n vestiging van die geloof van die katkisant op Jesus Christus.

Die kategetiese onderrig moet sover moontlik 'n gebeurtenis word waarby die katkisant aktief betrokke is. 'n Skematiese ordening van die leerstof op die skryfbord, bestaande uit trefwoorde of 'n skematiese voorstelling is aan te beveel. (Bijlsma, 1962, 237; vgl. ook 6.6.2.1 van hierdie hoofstuk, p. 50 ).

Volgens Prins behoort die kategese en kategetiese leerstof met die volgende aspekte rekening te hou. (Prins, 1973, 124).

- Die kategese moet aan die jeugdige die werklike waardes en norme voorhou vir die kindskap in die Koninkryk van God.
- Die kategese moet die kind heenlei na sinvolle meelewing in die gemeente omdat hy gedurende hierdie jare juis soek na 'n sinvolle binding in 'n groep waar hy aanvaar en erken word.

- Gedurende hierdie lewensjare durf die kategese dit nie nalaat om die kind te konfronteer met die verlossing en vergifnis in Christus nie.
- Die kategese moet hom bemoei met die egte lewensvrae van die jongmens, omdat dit nie net om 'n volledige kennis van geloofswaarhede gaan nie.
- Die jongmens moet uit die Skrif verneem wat die doel en noodsaak is van sy ingroei in die maatskappy en die eise van selfdissipline wat dit vereis.

**4.2.3.3 Ongeveer 17–18 jaar**

Aangesien hierdie tydperk gekenmerk word deur 'n heelwat rustiger adolessensie-stadium, kan die leerstof ook rustig en sistematies afgehandel word. Vir die katkisant is dit gedurende hierdie stadium belangrik om te weet wat die betekenis van die Skrif vir hom kan wees. Die hulp van die kategeet kan baie bydra tot die vorming van 'n gefundeerde mening en tot die doen van verantwoorde keuses. Die geloof in God, die verstewiging van die band met die Kerk van alle eeue en die aanvaarding van die Bybel, is blywende en betekenisvolle elemente wat deur die kategetiese onderrig op hierdie stadium aan die katkisant tuisgebring moet word. (Bijlsma, 1962, 240). Indien die kerk in gebreke sou bly om sy boodskap oor te dra, sal die verlies later nie maklik ingehaal of die skade herstel kan word nie.

Die metode wat in hierdie stadium aangewend word, moet 'n metode van rustige betoog wees, wat uitlê en verduidelik. Gespreksgeleenthede moet ook ingeruim word. Uiteindelik verlang die katkisant egter na die beslissende antwoord uit die mond van die kategeet. (Bijlsma, 1962, 240).

**5. Die eis van insig in die Pedagogiek as hulpwetenskap by die kategetiese onderrig**

Die Pedagogiek is die wetenskap wat hom bemoei met die opvoeding van die jeugdige – 'n gereedmaking van die juigdige sodat hy uiteindelik geskik sal wees om sy plek as volwassene in hierdie wêreld in te neem. Dit kom neer op 'n opvoedingsituasie wat ontstaan tussen die opvoeder, met die meerdere kennis, wat die kind, met die mindere kennis, lei, opvoed en beïnvloed tot 'n selfstandige wese.

Hieruit kan dadelik afgelei word dat die mens 'n hulpbehoewende wese is wat langsamerhand tot selfstandigheid gelei moet word. Die opvoeding van die mens is dus 'n doelstellende handeling. (Van Wyk, 1973a, 1). Saam met Bijlsma kan die doelstelling van hierdie "handeling" gesien word as die verwerkliking van die mens se menswees (Bijlsma, 1962, 108), dit is "om die katkisante te lei binne die baan van geloofsverbondenheid met Christus". (Higgo, 1968, 79). In die volgorde van die skeppingsberig (*Gen.* 1:1 – 2:3) tree die hulpbehoewendheid van die mens op verrassende wyse na vore. Die wêreld moes eers in gereedheid gebring word voordat die mens daarin kon bestaan en voortbestaan. Die opvoeding van die mens wat dus plaasvind deur die ingryping van 'n volwassene wat hom help en lei om as mens te groei en te ontwikkel, vind plaas met 'n sekere toekomsperspektief – dit het 'n einddoel in die oog, nl. volwassenheid. (Van der Stoep, 1968, 6).

Die mens is dus ook afhanklik van sy medeskepsele. Die wyse van hierdie afhanklikheid vind uitdrukking in "de polaire verhouding van zich-zelf-zijn en ingemeenschap-leven, die de grondstructuur van de menslijke existensie bepaalt. Hij is alleen mens in de medemenselijkheid met anderen en in het milieu van zijn omgeving. En hij leeft in verhoudingen van wederkerigheid." (Bijlsma, 1962, 110). Die kind "staan in 'n sekere wêreld wat hy op 'n sekere manier belewe en waarin hy hom op 'n sekere manier moet uitlewe. Binne die raamwerk van hierdie lewende betrokkenheid ontwikkel hy as iemand met sy eie persoonlikheid en karakter." (Prins, 1973, 83). Die kind se gerigtheid en betrokkenheid op sy omgewing is reeds by die suigeling aanwesig wanneer hy op impulse uit sy omgewing reageer. Wanneer die kind nou grootword, blyk dit dat hy gevoelig is vir dinge wat mens van hom verlang en verwag. Hy staan oop vir beïnvloeding en leiding van ander mense – dit is deel van sy wese. Hierdie beïnvloeding en leiding kan "doelbewus en planmatig wees, maar verloop eweseer ook terloops en onbewustelik." (Prins, 1973, 84).

Opvoeding dra verder die kenmerk van wederkerigheid, omdat dit nie 'n eenrigtingverkeer van opvoeder na opvoedeling is nie, maar omdat die opvoedeling ook kreatief by die opvoedingsdaad betrokke is. Hierdie opvoedingsintensie wil die kind heenlei na selfstandigheid, in volle afhanklikheid van die medemens. "Die uiteindelike doel van alle opvoeding is dan daarin geleë om die kind te help en

te ondersteun deur doelgerigte bemoeienis en ingryping ten einde hoe later hoe meer te lewe soos 'n mens behoort te lewe. Formeel gestel, gaan dit derhalwe om die sedelike mondigheid wat hom sal openbaar in 'n verantwoordelike lewensvorm wat ons as volwassenheid ken." (Van der Stoep, 1968, 11). Die kind moet dus nie slegs "lewe" nie "want die ontwikkeling van 'n persoon kan nie langs 'n bloot natuurlike ontwikkelingsgang plaasvind nie" (Prins, 1973, 82), maar hy moet as verantwoordelike mens met ander mense in hierdie wêreld saamlewe. Daartoe moet hy doelgerig opgevoed word. (Bijlsma, 1962, 111). Die opvoedkundige bemoeienis van die opvoeder met die opvoedeling is die singewende werk waarin die kind gehelp word om 'n beeld te vind wat hom sal help om volwassene te word. (Langeveld, 1959, 20).

Die Christelike pedagogiek stel dienooreenkomstig vas dat dit die roeping van die volwasse mens is om God te dien met alle gawes en kragte en om so die jeugdige mens daartoe te lei en toe te rus. (De Villiers, 1957, 31). Die opvoeder moet sy opvoedingsverantwoordelikheid ook daarin sien dat hy die kind so opvoed dat die kind uiteindelik verantwoordbare keuses kan maak. Die pedagogie is dus situasiegebonde, dit is dié situasie waarin die kind indrukke ontvang en invloede ondergaan. In die geval van die Kerk is hierdie situasie die kategese waarin die Kerk die geleentheid benut om die jongmens te vorm (Bijlsma, 1962, 112), met die belydenis dat die Here God is van Sy volk. Daarom sal die Christelike pedagogie nooit uit die oog mag verloor dat die kategetiese bemoeienis te make het met die verbondskind nie. (Hoekstra, 1916, 17).

"Het doel van de opvoeding is, dat het aangereikte persoonlijk wordt verwerkt en door eigen singeving wordt ingevoegd in de leefwereld van de ontvanger. Het moet echte realiteit worden in het leven van de menselijke persoon en niet een opgeplakte schijn. De opvoeding moet die ruimte vrijhouden om tot deze echtheid te komen. Van groot betekenis is daarbij of deze echtheid in het doen en laten van die opvoeder zelf aanwezig en merkbaar is." (Bijlsma, 1962, 114). In die lig van hierdie aanhaling moet die kategeet en sy hulpkragte aan hulself die vraag vra of dit wat hulle aan die kind oordra, behoort tot die egtheid van hulle eie belewingswêreld.

Die kategeet moet daarom ook opvoeder in die ware sin van die woord wees, want hy moet die kinders leer aangaande die ewige Waarheid. Die pedagogiese nuansering van die kategetiese onderrig bestaan daarin dat die kind moet leer om te verstaan; hy moet opgevoed word tot geestelike volwassenheid. (Ten Have, 1948, 130). Daarom moet die kategeet as pedagoog rekening hou met onderrig en alles wat dit inhou, soos leerstof, meting, metodiek, begrip van die kind met wie hy te doen het en die doelgerigte, sistematiese afhandeling van sy werkskema sodat die kind uiteindelik kan kom tot die belydenis van sy geloof en, daarmee gepaardgaande, volwaardige lidmaat van die Kerk kan word.

Daar is 'n groot verskil tussen die amp van prediking, wat per slot van rekening ook lering impliseer, en die kategetiese leeramp van die predikant, omdat die kategetiese onderrig juis veel meer onderwysgerig is. (Ter Haar, s.j., 11). Daarom moet die kategeet hom onbevange op die hoogte stel van die didaktiek wat in die gewone dagskool aan die orde is om te sien waaruit hy die meeste voordeel kan trek. Die kategeet moet dit krities bekyk, omdat elemente nie sommer voetstoots oorgeneem kan word wat vreemd is aan die wesenstruktuur van die kategese nie. (Ten Have, 1948, 129). Kategetiese onderrig is immers 'n bepaalde soort onderwys, want dit wil die katkisant funksioneel lei tot 'n bepaalde geloofsaanvaarding, nl. geloof in Christus tot God deur die werking van die Heilige Gees. (Ten Have, 1948, 10).

Op grond van hierdie funksionele aard van die kategese moet in die besonder beklemtoon word dat dieselfde opvoedkundige eise wat aan die onderwyser in die skool gestel word ook vir die kategeet geld, dit wil sê: deeglike beplanning en voorbereiding van die jaar, week en dag se werk; beplanning en gebruik van onderwyshulpmiddele; besinning oor die metode wat gebruik gaan word; besinning oor die doel en die bereiking van daardie doel in 'n bepaalde les. (Stone, 1968, 5).

Ter Haar wys daarop dat die rede waarom dikwels na die kategetiese onderrig verwys word as die "stiefkind" van die kerk, nie gesoek moet word in 'n negatiewe waardering by die kategeet met betrekking tot sy onderrigtaak nie, maar omdat die gemeente grotendeels die belang daarvan nie insien nie. Daar bestaan ook 'n gebrek aan waardering en steun wat die predikant as kategeet van die

ouers van sy leerlinge ondervind, terwyl die kerkraad aan die ander kant voel dat dit 'n onderdeel van die werksaamhede van die predikant is, en wat dus hoofsaaklik aan hom oorgelaat moet word. (Ter Haar, s.j., 11). Die kerkraad moet besef dat hy die geestelike bestuur van die gemeente is en daarom aanspreeklik is om hierdie onderwys te laat plaasvind. (De Wet, 1943, 2).

## 6. Die eis van insig in die metodies-didaktiese grondslae van die kategetiese onderrig

### 6.1 Metodologiese kategetiek : oriëntering

Vir die doeltreffende oordrag van die leerstof is dit van ingrypende betekenis dat die kategeet moet besin oor die metode(s) wat hy gaan aanwend in sy onderrig. (Bijlsma, 1962, 179). 'n Doelbewuste besinning aangaande die metode deur die kategeet word verder gemotiveer deur die besondere aard en doel van die kategetiese onderrig. Soos reeds in hoofstuk I aangetoon, is die kategetiese onderrig amptelike onderwys (en daarom gesaghebbend) aan die verbondskinders in die leer ter voorbereiding "vir die aflegging van die geloof en die aanvaarding van die volle lidmaatskap van die kerk waarvan hulle tot dusver net dooplidmate was". (De Wet, 1943, 13). By die keuse van metodes by die kategetiese onderrig moet die kategeet rekening hou met die gesagskarakter en opvoedingsdoel van die kategese. Daarby mag hy (die kategeet) nooit uit die oog verloor dat hy besig is met onderwys "aan kinders wat kragtens die verbondsbelofte van God reeds as wedergeborenes en daarom reeds as gelowiges beskou moet word. . . . ." nie. (De Wet, 1943, 13).

Voordat oor didaktiese grondvorme en metodeleer besin word, is dit nodig om enkele gedagtes oor die begrippe didaktiek en metodiek te wissel.

### 6.2 Begripsbepaling

#### 6.2.1 Didaktiek

Die didaktiek is die teoretiese besinning oor hoe die kind geleer en onderrig moet word. As sodanig is die didaktiek deeldissipline van die pedagogiek –"daardie deel

wat die vorming van die mens - deur verwerking van kultuurgoedere ten doel het". (Kruger, 1968, 143). Vir die doel van hierdie studie sou dit nodig wees om te besin oor enkele didakties-pedagogiese grondvorme wat ten grondslag lê aan alle onderwysmetodiek. Die kategeet moet byvoorbeeld weet dat die gesprekvorm van die belangrikste grondvorme van die didaktiese situasie is, want dit is as sodanig die belangrikste menslike kommunikasiemiddel. (Kruger, 1968, 97). Wanneer die gesprek 'n bepaalde vorm aanneem, soos byvoorbeeld vraag-en-antwoord, klasgesprek, ens., is daar van 'n bepaalde metode sprake.

### 6.2.2 Metodiek

Hieruit kan nou afgelei word dat die metodiek weer deel is van die didaktiek, "naamlik daardie deel wat in die besonder handel oor die vorms en metodes van die onderwys . . . . In die metodiek gaan dit (steeds) oor die metodes of wyse wat gebruik word om die onderwysdoel te bereik". (Kruger, 1968, 144). In sy metodiek sal die kategeet na goeie weë van besondere aard soek vir die besondere aard van die kategetiese leerstof. (Van der Stoep, 1968, 66). Van der Stoep beklemtoon dat die metodiek ook daarop ingestel moet wees om die kind te help om homself en sy staanplek ten aansien van 'n bepaalde werklikheid te ontdek – die kind moet dus tot ontdekking gelei word. In die kategese sou dit 'n ontdekking van geloofswaarhede in die Skrif beteken. (Van der Stoep, 1968, 68).

## 6.3 Didaktiese grondvorme vir die kategese

### 6.3.1 Die onderriggesprekvorm

Bijlsma dui hierdie vorm ook aan as die "ontmoetingsmetode". (Bijlsma, 1962, 186). Dit is die gespreksontmoeting van kategeet en katkisant wat uiteindelik uitkristalliseer in die ontmoeting van die katkisant met God, die Kerk, die eie gemeente en die eie katkisasiegroep. Om hierdie ontmoeting funksioneel te laat vlot, moet die kategeet die geskikste metodiese weg vind. In die kategetiese onderrig lê die gesprek hierdie ontmoeting ten grondslág, omdat die gesprek op intermenslike vlak die enigste omgangswyse is. (Bijlsma, 1962, 187). Die gesprek oorkoepel alle ander didaktiese grondvorme en openbaar hom in die leer- en klasgesprek. Die

wyse waarop die leer- en klasgesprek in die kategese gebruik kan word, word later in hierdie hoofstuk bespreek (vgl. 6.5.1.2 en 6.5.1.3).

### 6.3.2 Die eksemplariese vorm

Wesenlik bestaan hierdie leervorm daarin dat 'n sekere gedeelte of onderwerp van die leerstof breedvoerig deur die kategeet met die katkisante behandel en bestudeer word. Hierdie deeglik-bestudeerde onderwerp dien dan as voorbeeld vir die katkisante om ander soortgelyke onderwerpe te bestudeer. Die lewe en werk van Dawid as koning kan byvoorbeeld eksemplaries behandel word waarna die katkisant Saul as koning op dieselfde wyse moet afhandel met dié opdrag: om die verskil in die twee koningskappe aan te dui.

Hierdie vorm van onderrig is van besonder groot betekenis vir die kind se ontwikkeling tot geestelike volwassenheid, want dit ontwikkel gesistematiseerde denke en gee die kind geleentheid om met insig tot selfontdekking van die Godsopenbaring te kom. Dit is dus vanselfsprekend dat hierdie onderrigvorm die kind lei tot insig en verdieping van sy kennis met betrekking byvoorbeeld tot die grondpatrone van die Skrif.

Die kategeet moet daarteen waak dat hy verval in die gewoonte om voortdurend opdragte te gee, terwyl sy eie kennis met betrekking tot die leerstof ver te kort skiet. Die kategeet mag nooit uit die oog verloor dat hy "deskundige" op sy gebied is, dat hy op die hoogte van sy feite moet wees en dat hy weet hoe om te sorg vir die logiese samehang van al hierdie feite nie. (vgl. Kruger 1968, 117).

### 6.3.3 Die projek – of taakvorm

Uit die aard van die saak sal hierdie onderrigvorm nie alte dikwels deur die kategeet gebruik kan word nie aangesien die tydsfaktor beslis 'n belangrike remmende invloed uitoefen.

Hierdie vorm is die groepsgewyse aanpak en deurwerk van 'n projek of taak. Die katkisante word sodoende gelei tot 'n oplossing van probleme en tot sosiale vorming. (Vgl. Kruger, 1962, 135). Indiwiduele bydraes, of 'n gesamentlike poging om 'n gegewe probleem op te los, kan lei tot deeglike navorsing oor die betrokke onderwerp of probleem. 'n Album kan byvoorbeeld aangelê of 'n muurbord ingerig word vir uitknipsels oor argeologiese vondste in Israel. Andersyds kan 'n projek soos die tabernakel stelselmatig deur die katkisante opgebou word. So 'n projek verg egter baie beplanning, navorsing en tyd.

### 6.3.4 Die opdragvorm

Die opdrag is 'n besondere aktualiseringsvorm. Dit is "daardie fase in die geheel van ons onderrig aan leerlinge wanneer die inhoud en die werkmetode vir die nuwe taak bespreek en toegelig word. Dit bestaan daarin dat die onderwyser die nuwe taak duidelik voorskrywe, die geskikste metode van werk vasstel, die klas die nodige leiding vooraf gee, onder andere hoe die werk gedoen moet en kan word, en die aanvaarding van die taak deur die leerlinge". (Coetzee, 1955, 202–203).

Die opdrag moet sinvol wees, vir die kategetiese onderrig op die openbaringsmomente van God in die Skrif af, sodat dit die kind kan help om te ontwikkel in die rigting van sy bestemming – 'n geestelik volwasse mens. Daarom sal die opdrag deeglik deur die kategeet geselekteer word en na die kategeselokaal gebring en vir die kind ontsluit word. "Deur die regte opdragte word die kind opgeroep om tot daardie werklikheid toe te tree en hom sodoende voor te berei vir die lewe wat wag en bekwaam te maak vir 'n volwasse menselewe". (Smit, 1973, 92).

Die opdrag kan o.a. die volgende vorme aanneem, nl. klaswerk, ordening van leerinhoude deur die katkisante, toetse, huiswerk, selfstudie, eie nalees- en navorsingswerk.

'n Ander didakties-pedagogiese grondvorm is kinderspel. Vir die doel van hierdie studie sal daar egter nie aan hierdie grondvorm aandag gegee word nie.

## 6.4 Metodologiese besinning

### 6.4.1 Oriëntering

Die metodiek is die soek en die bepaal van die weg waarlangs suksesvolle onderwys gegee wil word. Metodiese onderwys is doelgerigte onderwys en daarom moet die kategeet en die hulpkategete besin oor middele en weë waarlangs die voorhande leerstof sinvol aan die kind oorgedra kan word. Dit moet egter beklemtoon word dat metodes 'n baie persoonlike saak is, want geen twee mense sal dieselfde soort werk op dieselfde wyse aanpak en verrig nie. (Jooste, 1965, 60).

### 6.4.2 Metodiek van die kategetiese onderrig

Voordat die kategeet enigsins besin oor metodes, moet hy die volgende sake in gedagte hou (Jooste, 1965, 61):

6.4.2.1 kategetiese onderrig is amptelike onderwys en daarom gesaghebbend van aard;

6.4.2.2 die uitgangspunt van kategetiese onderrig moet altyd wees : verbondsonderrig aan verbondskinders van die verbondsouers;

6.4.2.3 die leerstof is nie bloot menslik nie, maar dit is die geopenbaarde waarhede van die Heilige Skrif;

6.4.2.4 die kategeet moet ook besondere aandag skenk aan die psigologiese ontwikkeling van die kind (vgl. punt 4, p. 20 van hierdie hoofstuk).

Die metodiek het dus te make met die katkisant, die leerstof, die kategeet en sy hulpkategete. Vir sinvolle kategetiese onderrig moet die kategeet homself die vraag afvra: hoe sal die leerstof met sy eie besondere aard aan die besondere groep katkisante oorgedra kan word?

### 6.4.3 Kriteria vir 'n suksesvolle metodologie. (Vgl. Van Loggerenberg in Onderrig uit die Woord, 1974, 96)

#### 6.4.3.1 Kennisaspek

Die hoeveelheid kennis waaroor die katkisant ná onderrig beskik, is in 'n groot mate 'n aanduiding van die sukses of mislukking van die kategeet se onderrig. Kennis van God is 'n voorvereiste vir liefde vir God, maar in die onderwysgebeure is die kenaspek nie die enigste maatstaf nie.

#### 6.4.3.2 Selfstandige denke

Die kategeet moet hom in sy bemoeienis met die kind ook steeds daarvan vergewis dat sy onderrig die katkisant moet heenlei na 'n ywer om selfstandig sy eie kennis van die Godsopenbaring en die implementering daarvan in sy lewe te verbreed.

#### 6.4.3.3 Liefde vir die leerstof

Deur die voorbeeld en optrede van die kategeet, asook sy doelgerigtheid met die leerstof, moet die kategeet steeds poog om by sy katkisante 'n liefde te kweek vir die kategetiese leerstof. "Dit is trouens die voorvereiste om te verseker dat die katkisante deur die kennis ook tot die godsvrug gebring sal word wat dan ook die belydenisaflegging van toetse en eksamens". (Van Loggerenberg, 1974, 96).

#### 6.4.3.4 Begeerte tot belydenisaflegging

Die kategeet as instrument in die hand van die Heilige Gees moet poog om deur sy onderrig die katkisant sodanig voor te berei dat dit by hom 'n hartsbegeerte word om deur belydenisaflegging toe te tree as volwaardige lidmaat van die Kerk van Christus.

### 6.4.4 Didaktiese beginsels ten grondslag van die kategetiese metodologie

Van Loggerenberg sê dat die beste onderrigmetode "daardie metode is waar die verskillende didaktiese beginsels sodanig ingespan en gekombineer word, dat aan die eise van die bepaalde kategetiese leerstof, die bepaalde katkisantegroep en die persoonlikheid en talente van die besondere kategeet voldoen word". (Van Loggerenberg, 1974, 97).

#### 6.4.4.1 Doelgerigtheid

Alle onderrig is doelgerig. Met die kategese as onderwyshandeling het die kerk en daarmee ook die kategeet 'n spesifieke doel voor oë – die doel bepaal dus die rigting wat deur die kategeet met sy onderwysende bemoeienis met die katkisant het. Maar die doel werk ook verder deur, want die onderrig van die bepaalde leerstof moet die kategeet uiteindelik by sy doel uitbring. Daarmee hang ten nouste saam die metodes wat die kategeet gaan gebruik in sy onderrig om die doel te bereik, asook die leermiddele wat hy gaan aanwend. Doel en metode is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. (Ten Have, 1948, 47).

Die kategeet sal ten einde sy doel te bereik t.o.v. die keuse van onderrigmetodes die volgende beginsels gedurig onder die oë sien. (Vgl. Van Loggerenberg, 1974, 97).

- Deur die verantwoordbare voorbeeld van die kategeet wat sy persoon en onderrig betref, dra hy die verantwoordelikheid om die katkisant heen te lei na volwassenheid.

- Die kategeet moet steeds bewus wees daarvan dat hy met elke les 'n spesifieke doel wil bereik. Vir die kategeet of hulpkategeet moet hierdie doel self duidelik wees sodat hy dit aan die katkisant kan oordra. Die katkisant moet voortdurend gerig word op dit wat met 'n bepaalde les beoog word.

- Die vraag wat gestel word, moet gesentreerd lê in die ideaal, nl. verwesenliking van die beoogde doeleindes.

- Verder moet daarna gestrewe word om alle moontlike middele en weë aan te wend, soos die gesproke woord en hulpmiddele, om die vooropgestelde doel te verwesenlik.

**6.4.4.2 Wek en rig (motivering en aktivering)**

Die latente leerenergie van die katkisant word geaktiveer deur die opeenvolging van motiewe en dryfvere. Om enigsins sukses met die leersituasie te behaal, moet hierdie energie aangeblaas word – die katkisant moet deur motivering geïnspireer word om te wil werk en te wil leer. Aktiewe deelname aan die les is die gevolg van hierdie inspirasie. Daar moet egter streng gewaak word teen negatiewe motiveringsfaktore. In dié geval kan die motief vir die bemeestering van die kategetiese leerstof vrees vir die kategeet of ouers inhou òf, omdat die samelewing dit van hulle verwag om belydende lidmaat van die kerk te word.

Die kategeet moet juis só daarop ingestel wees om die katkisant se gesindheid positief te wek en te rig. Hy moet liefde vir die leerstof ontwikkel deur die positiewe leiding van die kategeet. "Dit kan alleen gebeur as die kategeet se lewe en lesse 'n lewende getuienis is van iemand wie se beker oorloop, omdat liefde hom/haar ook dring". (Van Loggerenberg, 1974, 98). Die negatief-gemotiveerde katkisant kan slegs deur liefde van die kant van die kategeet wat toegerus is met die Heilige Gees, mettertyd verander word in 'n positiewe gemotiveerde.

Bijlsma sê in hierdie verband dat die kategeet die katkisant nie alleen denkend moet betrek nie, maar die kind met sy hele persoon moet laat meewerk. Die katkisant moet deur eie aktiwiteit onder die positiewe leiding van die kategeet die kennis sy eie maak. Die waarde van hierdie aktiewe bydrae van die katkisant is dat hy algaande leer om sy eie foute self reg te stel en om positief-krities homself te evalueer. (Bijlsma, 1962, 179).

Die aktivering van die katkisant deur die kategeet het twee kante wat beide in die oog gehou moet word. In die eerste plek gaan dit daarom dat die belangstelling van die katkisante gewek moet word wat dan opgevolg word deur die bybring van die kategetiese leerstof. Die feit dat hierdie belangstelling soms baie gering is, beteken nie dat die kind geen geloof het nie of geen verbondenheid met God ken nie, maar alleen dat hulle die geloofsrealiteite nie sterk genoeg belewe nie, of dat daar nie 'n begeerte is om hulle in die kategetiese leerstof te verdiep nie. Hierdie situasie is by indiwiduele kinders verskillend. Die geloofsbelewing van die dertienjarige tot vyftienjarige katkisant is meer emosioneel en direk gerig via die belangstelling vir allerlei kennis aangaande die Bybel. In die tweede instansie is dit by die aktivering betekenisvol om soveel moontlik uit te gaan van gegewens wat in die belangstellingsfeer van die kind lê. Die kategeet gebruik dan hierdie gegewe dinge om hulle te lei na dié dinge wat vir hulle kategetiese vorming waardevol is. (Bijlsma, 1962, 183).

### 6.4.4.3 Die utiliteitsfaktor

Dit gaan hier nie om die louter verstandelike "weet" van dinge nie, maar om die funksionele kennis – dit is dié kennis wat 'n funksie verrig in die totaalsamehang van die lewe. Die leerstof moet dus vir die katkisant, wat sy eksistensiële syn betref, diensbaar wees vir die produktiewe vorming van alle vermoëns van die opgroeiende mens. In die bybring van kennis moet die kategeet die aksent laat val op insig met dié doel om die katkisante die leerstof te laat ontmoet en deursien. Intellektualisme is egter allermins die bedoeling van die utiliteitsfaktor, want ook die wil en gevoel word daarby ingeskakel. Dit het dus die oog op die hele eksistensie van die mens in sy kategetiese vorming.

### 6.4.4.4 Sinvolle uiterlike beleweing van die leerstof

Sinvolle uiterlike belewing deur aanskouing is die basis vir die vorming van 'n voorstellingslewe. Van Loggerenberg sê dat dit die mens se vermoë tot abstrakte denke vorm – dus 'n innerlike belewing. "Hoe meer intenser die belewenis en ervaring van die kennis, hoe helderder is die voorstellingslewe en hoe korrekter is aldus die denke". (Van Loggerenberg, 1974, 100).

Die uitgangspunt van die denke is waarneming, terwyl die denke die waarnemingsbeeld uiteindelik voltooi. Aanskouing rig 'n appél tot alle sintuie ter bevordering van die begripsvorming. Sonder denke is waarneming onmoontlik, terwyl die gesproke woord orde skep en opmerksaamheid rig. (Smit, 1973, 121).

Die kategeet moet egter daarteen waak om aanskouing doel op sigself te maak. Dit is maar alleen middel tot die bereiking van die doel. (Smit, 1973, 121).

**6.4.4.5 Indiwidualisering**

Hierdie didakties-pedagogiese beginsel gaan uit van die standpunt dat mense ten opsigte van begaafdheid, intelligensie, maar ook ten opsigte van hulle gemoedslewe én wilslewe van mekaar verskil. Dit hou dus rekening met die antropologiese feit dat mense onderling van mekaar verskil.

Die kategeet moet derhalwe rekening hou daarmee dat die handeling van die kind op 'n indiwiduele karakter berus, "omdat geen twee kinders die werklikheid op presies dieselfde wyse interpreteer nie". (Smit, 1973, 100). Die hulpverlenende moment in die leerhandeling deur die kategeet sal dus in 'n groot mate berus op indiwidualisering.

**6.4.4.6 Geordende beplanning**

Die geordende beplanning van die leerstof is 'n voorvereiste vir die suksesvolle aanbieding daarvan. Die mens is dit aan God verskuldig om sy aktiwiteite só te sistematiseer en te orden dat dit tot eer van God kan strek. Die mens is dit per slot van rekening aan God verskuldig, juis omdat God 'n God van orde is. Ordening en beplanning neem reeds 'n aanvang by die bepaling van doelstellings en die daaropvolgende besinning om hierdie doelstellings te bereik. (Van Loggerenberg, 1974, 113).

Die sistematiese ordening van die leerstof is van die belangrikste voorvereistes om 'n geslaagde les aan te bied. "Sodoende sal hy nie in die slagyster trap om op sypaaie te verdwaal of om 'n draal-en-dan-hardloopkategeet te wees nie". (Van Loggerenberg, 1974, 113).

### 6.5 Enkele onderwysmetodes vir die Kategetiek

Die didakties-pedagogiese grondvorme en beginsels moet nou aan die verloop van die praktyk, die metodologiese handeling, rigting gee.

#### 6.5.1 Metodes vanuit die kategeet-katkisantperspektief

##### 6.5.1.1 Die indiwidualiserende metode

Indiwidualisering, onder 6.4.4.5 bespreek as beginsel van die didakties-pedagogiese situasie, kan as metode deur die kategeet aangewend word.

Omdat die leerhandeling van die kind 'n indiwiduele karakter het, sal die kategeet in sy bemoeienis met die kind veral aandag moet gee aan spesifieke probleme van spesifieke kinders. Die steun wat die kategeet aan die hulpbehoewende kind gee, sal hoofsaaklik op indiwiduele hulpverlening neerkom. Hierdie indiwiduele hulpverlening het dié voordeel dat dit rekening hou met die unieke eie aard van die kind. Hierdie metode verg egter baie tyd en in baie gevalle is dit prakties moeilik uitvoerbaar.

##### 6.5.1.2 Die klasgesprek

Die klasgesprek is dialoogvoering tussen die katkisante onderling waaraan die kategeet ook deelneem hoewel hy meer op die agtergrond bly. Dit is 'n poging om die kinders te laat voel dat hulle saam na die waarheid en geldigheid van feite soek. In die klasgesprek kom indiwiduele ervarings en sienswyses aan die lig. Hierdie resultate word getoets, gekorrigeer en verdieping van kennis vind plaas as gevolg van die medewerking van die hele groep en die kategeet.

Die voorwaarde vir die suksesvolle verloop van die klasgesprek by die kategetiese onderrig is hoofsaaklik geleë in die wedersydse vertroue en ontvanklikheid tussen die gesprekdeelnemers. Hier speel die persoon van die kategeet 'n beslissende rol, want die vriendelike, natuurlike mens sal groter sukses met hierdie metode behaal as die outoritêre nors persoon.

'n Verdere vereiste vir die klasgesprek is dat die onderwerp vir bespreking binne die belangstellings- en ervaringsveld van die katkisant moet lê. Vir die kategeet sal die vraag wat Kruger hier stel ook van besondere belang wees, nl.: wat is die moderne kind se werklike belangstelling en hoe is dit gesteld met sy aanvaarding van die geloofswaarhede van die Skrif? (Kruger, 1968, 101).

Die gevaar van hierdie metode vir die kategese is dat die gesprek maklik kan ontaard in 'n soort debattering waarin elkeen sê wat hy dink. As gevolg van die besondere aard van die kategetiese onderrig kan die kategeet nooit toelaat dat katkisante tot eie gevolgtrekkings kom en uit die oog verloor dat hy (die kategeet) hier met die absolute Waarheid te doen het nie – met die gesaghebbende Woord van God. (Bijlsma, 1962, 187). Dit is derhalwe noodsaaklik dat die katkisante deeglik voorbereid is vir die klasgesprek sodat hulle nie los en vas praat oor dinge sonder dat hulle diepgaande kennis in verband met die onderhawige saak het nie.

### 6.5.1.3 Die leergesprek

Die leergesprek is die bekendste en algemeenste onderrigsmetode in die didakties-pedagogiese gebeurtenis en vir die kategetiese onderrig die doeltreffendste. In hierdie gebeurtenis neem die kategeet die leiding in sy gesprek met die katkisante, dit wil sê met betrekking tot die geestelike aktiwiteit van die katkisante en die antwoorde van die katkisante op die vrae van die kategeet. In hierdie geval is die vrae van die kategeet leidinggewend met betrekking tot die beantwoording van die vrae deur die katkisante.

Die ouderdom en derhalwe ook die ontwikkeling van die kind sal uiteraard 'n besonder belangrike rol in hierdie metode speel, want die jonger kind sal noodwendig veel meer deur die vrae gelei moet word. Die goeie vraag is dus 'n belangrike faktor in die suksesvolle verloop van die onderriggebeure. Die kategeet moet onderskei tussen geheuevrae en denkvrae. Die denkvraag is besonder belangrik omdat die kind daardeur tot ware kennis en insig gelei word. Vir die kategeet sal dit belangrik wees om insig in die Godsopenbaring en daarmee samehangend die insig in die dogma van die kerk sowel as die etiek te ontwikkel. Deur feitekennis alleen sal geen mens tot geloofsoortuiging kom nie, hy het die insig in die feite bo alles nodig.

Om suksesvol te funksioneer, moet die leergesprek as metode aan die volgende didaktiese vereistes voldoen:- In die eerste instansie moet 'n gesonde balans gehandhaaf word tussen geheuevrae en insigvrae. Die vraag moet voorts heenlei na die kern van die leerstof en daarbenewens moet die vraag weldeurdag wees sodat daar genoegsame stof tot nadenke kan wees. Gedurende die denkpouse moet absolute stilte heers. Die opvoeder is dikwels geneig om gedurende hierdie pouse suggererende opmerkings te maak wat heel onwenslik is. Daarby moet skynvrae of belaglike vrae vermy word.

Net soos by die klasgesprek is die gevaar hier ook teenwoordig dat die leergesprek kan ontwikkel in 'n debat. Die leergesprek moet tot 'n resultaat lei deur ten minste 'n rigting aan te dui vir die denke van die jongmens. Hieruit kan afgelei word dat die swak toegeruste kategeet of hulpkategeet hom maklik tot doellose vraestellery laat verlei waardeur die katkisante in passiwiteit kan verval en die gesprek sy waarde verloor.

Die kategetiese gesprek waaraan die hele katkisasiegroep belangstellend deelneem, al is daar slegs enkeles wat as woordvoerders optree, is onmisbaar vir die kategetiese ontmoeting. (Bijlsma, 1962, 187).

#### 6.5.1.4 Die vraag-en-antwoordmetode

Die vraag is vir die kategeet in sy metodologiese toerusting onmisbaar omdat daardeur bepaalde inhoude geopenbaar of verwerklik word. In die leersituasie in die kategeselokaal word van die kategeet verwag om die vraag korrek en duidelik op die leerinhoud af te stel en om die antwoorde taktvol te evalueer. (Smit, 1973, 107). Doellose vrae is tydverspilling en in baie gevalle skadelik.

Vrae kan hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel word, nl. geheue- en denkvrae. Geheuevrae is direk op die leerstof gemik om vas te stel of behandelde werk onthou is. Die denkvrae is daarop gemik om die katkisant se vermoë tot logiese denke, redenasievermoë, kritiese sin en hulle vermoë tot analise en sintese te toets. (Van Loggerenberg, 1974, 114).

Die kategeet moet daarop let dat hy in 'n betrokke situasie hom deeglik vergewis daarvan dat sy vrae duidelik gestel en reg geformuleer is om uiteindelik die korrekte antwoorde by die katkisante te verkry. Hierdeur word nie alleen die kennis en begrip van die katkisante getoets nie, maar die vraag is ook 'n aanduiding van die belangrikste werk wat behandel is. Die vraag gee verder 'n verfrissende kleur aan die herhalingsaspek van die leerstof en dit dwing die katkisant om sy volle aandag aan die leerstof te gee.

### 6.5.2 Enkele metodes vanuit die perspektief van die kategeet

Hoewel die handelinge van die kategeet hier aan die orde gestel word, mag nooit uit die oog verloor word dat die leerinhoud aan *die kind* gebied word nie, dit wil sê die kategeet stel vrae, bied aan, demonstreer, ens., maar daar bly steeds sprake van 'n wedersydse betrekking tussen kategeet en katkisant. Die volgende metodes is in hoofsaak toegespits op die handeling van die kategeet.

#### 6.5.2.1 Die metode van aanbieding

Die kategeet moet hom steeds beroep op die gesproke woord. Hy deel aan die katkisant die inhoud en sin van die leerstof mee. Hierdie metode is voor die hand liggend as die kategeet uitgaan van die veronderstelling dat die katkisante weinig voorkennis van 'n betrokke aangeleentheid het. Deur sy vertelling ontsluit hy begrippe, soos byvoorbeeld die Godsopenbaring, aan die kind. Om sinvol te vertel, beteken om met die gebruikmaking van "die regte kategoriale ordeningsisteem" mee te deel wat die katkisante nog nie weet nie. (Smit, 1973, 112).

Dit is voor die hand liggend dat die kategeet deeglik voorbereid moet wees en moet sorg dat sy vertelling getuig van duidelikheid, saaklikheid, helderheid, ens. "Sy beheerde stem, sy oortuiging en geesdrif, die geborgenheidsklimaat wat gestig word, sy wyse van aanvaarding en begryping van die kind as persoon wat graag self iemand wil wees", (Smit, 1973, 112) kan die katkisant help om sy betekeniswêreld in sy geloofslewe na behore te ontwerp. Bostaande aanhaling druis in sy wese in teen die siening van Beukes. Hy sê: "Die krag van die

Woord self en is nie opgesluit in die treffende woordkeuse of die voordrag of die persoonlikheid van die bedienaar nie." (Beukes, 1974, 236).

### 6.5.2.2 Die demonstrasiemetode

Die hele leefwêreld van die kind is daarop ingestel om te leer deur te kyk hoe ander doen. Deur die demonstrasiemetode wil die kexecuteget vir die kind die werklikheid sigbaar maak, met dien verstande dat die kategeet moet besef dat die leerinhoud die gebruikmaking van illustrasie, kaart of model bepaal. Sekere leerinhoude in die kategetiese leerstof leen hom goed vir die gebruik van die demonstrasiemetode, terwyl by ander gedeeltes, soos die leerstellige leerinhoude, demonstrasie glad nie aangewend kan word nie.

Demonstrasie behels egter nie noodwendig 'n visuele aanbieding nie, maar kan ook gerig wees op die geestelike beeld. Dit beteken die aktiewe betrekking van die katkisant in die leergebeurtenis. Die katkisant kan byvoorbeeld deur vrae, waarvan die antwoord opgesluit lê in die voorstelling, by die gebeurtenis in geskakel word. Byvoorbeeld: *Konkreet:-* Deur van 'n model of 'n illustrasie gebruik te maak, kan aan die katkisant getoon word : so lyk die olyfpers; die ploeg; die rykmanshuis, die huis met bovertrek, ens. *Geestelik:* die gelykenisse van Christus as kategetiese leerstof wat die verborgenhede van die Koninkryk van God oopdek, kan as voorbeeld genoem word. Vergelyk byvoorbeeld die gelykenis van die Saaier. Die saad wat gesaai word, sien op die gepredikte Woord van God. Deur die volgende vrae, waarvan die antwoord in die voorstelling opgesluit lê, bv. wie is almal saaiers?, hoe saai jy? , word die katkisant by die gebeure ingeskakel.

### 6.5.2.3 Die metode van probleemstelling

Die formulering van 'n gepaste en vir die kind wesenlike probleem kan die katkisant in 'n korrekte denkkonteks plaas en daar word van hom verwag om op verantwoordelike wyse te antwoord. Daar word by die gebruikmaking van hierdie metode van die veronderstelling uitgegaan dat die katkisant oor 'n bepaalde voorkennis beskik wat hy dan moet gebruik om die gegewe probleem sover moontlik self op te los.

Dit is voor die hand liggend dat hierdie metode met groter vrug aangewend kan word in die meer gevorderde kategetiese onderrig. Die sektewese bied 'n baie interessante navorsingsterrein. Die volgende probleme is tipies van hierdie metode:- Het die mens 'n middelaar nodig om die saligheid te beërwe?. Wie is 'n geskikte persoon?. Wat beteken die begrip kerk, wedergeboorte, ens.?

### 6.5.2.4 Die opdragmetode

Uit die voorbeelde wat gegee is onder die metode van probleemstelling kan dadelik afgelei word dat die opdragmetode 'n voortsetting en uitbreiding op die vorige metode is, met dié doel voor oë dat die katkisant deur sy eie toetrede die werklikheid vir hom ontsluit. Hierdie metode doen 'n lewensoproep tot die katkisant, want hy raak betrokke en gemoeid met dié dinge wat hom in sy menswees konfronteer en derhalwe meehelp om mondigheid in sy geloofslewe te bereik en sy betrokkenheid tot sy medemens te orden. 'n Voorbeeld van die opdragmetode is onder andere die volgende: gebruik die Bybelkonkordansie of die Bybelse Ensiklopedie om vas te stel wat dood, gees, opstanding, ens. beteken.

### 6.5.3 Enkele metodes gesien vanuit die handelinge van die katkisant

### 6.5.3.1 Die luistermetode

By hierdie metode word die vereiste van geestelike aktiwiteit deur die katkisant voorop gestel. Dit impliseer dat die katkisant met aandag moet luister en konsentreer en nie in passiwiteit verval nie. Die vertelling van die kategeet sal dus die kind bring tot die handeling van luister.

Die katkisant is in sy geestelike mondigwording baie beïnvloedbaar en baie beïndrukbaar en daarom moet die kategeet so versigtig moontlik wees dat hy nie deur verkeerde indrukke die kind tot ontsporing lei nie. Die doel van die kategeet is tog uiteindelik om die kind deur sy voorsegginge te help in sy wordingsgang na geloofsvolwassenheid. Van besondere belang is dat hy die kategeet nie net moet aanspreek nie, maar hy moet ook die katkisant volle geleentheid gee om mee te spreek, d.w.s. om ook self aan te hoor. (Smit, 1973, 119).

### 6.5.3.2 Die heuristiese metode

Dié woord kom van die Griekse "heureka" wat "ek het gevind" beteken. Hierdie metode leer die kind om versigtig waar te neem, feite korrek aan te teken en bruikbare gevolgtrekkings te maak. (Kilian, 1968, 159). Die kategeet wat van hierdie metode gebruik maak, sal heelwat minder in die klas vertel en die moontlikhede waar moontlik skep vir selfdenke. Die opvoedingswaarde van die heuristiese metode lê daarin dat die katkisant op eie verantwoordelikheid die waarhede en doel van sy eie wêreld ontdek en oopdek.

In die kategetiese onderrig kan 'n gegewe opdrag deur die kategeet aan die katkisant in 'n biblioteek heuristies nagevors word, byvoorbeeld om deur gebruikmaking van die Bybelkonkordansie of die Bybelse Ensiklopedie die betekenis van die knegskap van Christus na te vors. Die kategeet moet egter steeds wegwyser bly, want die katkisant kan nie sommer laat los word om tot eie gevolgtrekkings aangaande geloofswaarhede te kom nie.

## 6.6 Enkele didakties-pedagogiese hulpmiddele by die kategetiese onderrig

Die aard van die leerstof bepaal die gebruik van aanskouingsmiddele, want baie lesse kan en moet verkieslik aangebied word sonder die gebruik van hulpmiddele omdat by sommige leerstof die klem eerder op belewenis val as op leer, inskerping en memorisering. Sulke voorbeelde is onder andere die kruisdood van Christus, God se verskyning aan Moses, Jesus se hemelvaart, ens. Voorstellings van engele, die hiernamaals en God is uit die aard van die saak nie visualiseerbaar nie. (Van Niekerk, 1973, 21).

Aan die ander kant is hulpmiddele in die pedagogies-didaktiese situasie onontbeerlik, veral as die denke van die katkisant, die woord van die kategeet wat die opmerksaamheid rig en die woord van die Heilige Skrif wat direk tot die kind spreek, 'n prominente plek daarin vervul. Sinvolle hulpmiddels in die onderwysing van die kind is van onmiskenbare waarde. (Smit, 1972, 95). Inteendeel, God maak self van aanskouingsmiddele gebruik om Hom en sy Wil aan die mens te openbaar.

Die Hebreërbrief wys in die besonder na aanskoulikheidsvorme wat as skadubeelde heenwys na dit wat nog moet kom (vgl. *Hebr.* 9:1–28). Die hele Bergpredikasie is deurspek met aanskouingsmiddele wat Christus gebruik om die geheimenis van die Koninkryk van die Hemele aan Sy toehoorders te ontsluit. (*Matt.* 5–7).

### 6.6.1 Algemene didakties-pedagogiese hulpmiddele

#### 6.6.1.1 Die handboek

Waar daar van handboeke in die kategetiese onderrig gebruik gemaak word, moet die volgende drie doelstellinge ten opsigte van die handboek in die oog gehou word, nl. die handboek moet voldoen aan 'n formele, inhoudelike en funksionele doel. Die boek moet 'n werklike bydrae lewer tot die bereiking van die formele doel van die opvoeding. In die geval van die kategetiese onderrig, is die formele doel gerig op die bereiking van geestelike volwassenheid. Die inhoudelike doel van die handboek hou meer verband met die vakkundige, dit wil sê met die ontwikkeling van kennis waardeur foutiewe en verouderde kennis uitgeskakel word. Met die funksionele doel van die handboek word bedoel dat die handboek 'n geordende informasiebron moet wees waaruit kategeet en katkisant kan put.

Vir die kategese kan die gebruik van 'n handboek 'n groot gevaar word as dit as enkelvoudige bron gebruik word. 'n Goeie handboek vir die kategese moet gedurig terugverwys na die toepaslike Skriftuurplase, omdat die Bybel vir die kategese die Hoofbron bly. Die kategeet moet gedurig die handboek aanvul en toelig deur die gebruikmaking van ander metodes.

#### 6.6.1.2 Die oefenskrif

Die selfstandige denkaktiwiteit van die katkisant word geaktualiseer deur die gebruikmaking van die oefenskrif. Die oefenskrif is egter 'n gebruiksmiddel wat deur die sinvolle implementering daarvan verhef kan word tot 'n belangrike leer- en hulpmiddel. Oefening volg nadat die katkisant mondeling voorberei is vir

'n bepaalde stuk werk. Die katkisant moet deur die motivering van die kategeet aangespoor word om 'n gegewe probleem skriftelik op te los.

### 6.6.2 Oudio-visuele didakties-pedagogiese hulpmiddele

#### 6.6.2.1 Die skryfbord

Vir die kategeet behoort die skryfbord die belangrikste onderwyshulpmiddel te wees. Dit bied onbeperkte moontlikhede vir die visualisering van belangrike fundamentele en geordende gedagtes. Die volgende ordeningstabel kan byvoorbeeld saam met die les "groei" op die skryfbord, ten einde die katkisante uiteindelik te bring tot blywender kennis, beter begrip en groter insig. (T.O.D. Oriënteringskursus in Bybelkunde, 1974, 9). Die ordeningstabel weerspieël die geslagslys van Kaïn en Set wat die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges aandui. (*Gen.* 4–6, *Hebr.* 11:4 en *Joh.* 3:12):

ADAM

| KAÏN | | ABEL | SET |
|---|---|---|---|
| (Eerste moordenaar) | | (gelowig) | (Plaasvervanger) |
| HENOG | | | ENOS |
| (Grondlegger van die Koninkryke van hierdie wêreld) *Gen.* 4:17 | | | (Grondlegger van die Koninkryk van God *Gen.* 4:26) |
| | | SEWENDE GESLAG NA ADAM | |
| **LAMEG (veelwywer en woestaard)** | | | HENOG (wandel met God) |
| JABAL | JUBAL | TUBAL–KAÏN | **Ander na Henog** |
| Veeboer en tentmaker | Musiekkuns | Smid, oorlog | METUSALAG ( 969 jaar) |
| | | | NOAG (prediker van geregtigheid). Uiteindelik |
| | | | JESUS CHRISTUS |

Die gebruik van die skryfbord kan ontaard in blote "chalk and talk" indien dit gebruik word om bloot "woorde daarop te skryf" of bloot gebruik word "om eenvoudige tekeninge daarop te maak". (Kilian, 1972, 98). Die vertelling moet begelei word deur die ordening van die leerstof in 'n eenvoudige skema. (Van Niekerk, 1973, 22–25).

### 6.6.2.2 Enkelvlakkige visualisering as didakties-pedagogiese hulpmiddel

Hieronder ressorteer prente en kaarte asook die truprojektor wat in 'n groot mate plaasvervangend vir die skryfbord gebruik kan word. (Die skryfbord is ook 'n enkelvlakkige visualiseringshulpmiddel, maar omdat dit so belangrik is, is dit afsonderlik bespreek).

**Die prent of kaart**

Die belangrikste kriterium vir die gebruik van 'n prent of kaart is dat die geskiktheid daarvan bepaal moet word vir die sinvolle verloop van die kategetiese gebeure. Die gedagte wat die kategeet wil oordra, moet maklik begrypbaar wees; daarom moet die ouderdom van die katkisant in aanmerking geneem word. Die prent of kaart moet derhalwe aan die volgende vereistes voldoen:

– Die inligting wat die kategeet in die didakties-pedagogiese gebeure wil inskakel, moet sonder twyfel korrek en Bybelgetrou wees.

– Die prent moet nie te veel besonderhede bevat nie. Die patroon moet dus eenvoudig wees en die gedagte wat oorgedra moet word, moet maklik begrypbaar wees (Smit, 1973, 157). Illustrasies wat oorlaai is met te veel besonderhede kan die katkisant se begrip verwar en sy denke strem, in plaas daarvan dat dit die kategeet help om sy doel te bereik. (Van Niekerk, 1973, 26).

- Die prent moet verder groot en duidelik genoeg wees sodat selfs die katkisant wat die verste van die kategeet af sit, dit duidelik kan waarneem. Dit moet esteties bevredig en litografies goed versorg wees.

'n Effektiewe en goeie prent of kaart maak dit 'n kragtige onderwyshulpmiddel in die hand van die kategeet wat deur die gebruik daarvan ten doel het die begrypbare voorstelling van die inhoud en agtergrond van die leerstof. Die kategeet moet besef dat die prent of kaart middel tot die doel is. Die aandag van die katkisant moet dus nie so in beslag geneem word deur die hulpmiddel dat dit hom nie help om die inhoud van die stof beter te begryp nie. Dan het die hulpmiddel self doel geword. Die stel "Perskor–Bybelprente" en die muurkaarte van die Interkerklike Uitgewerstrust is oor die algemeen opvoedkundig verantwoordbaar en besonder bruikbaar by die kategese.

**Die truprojektor**

Hierdie hulpmiddel is seker die mees bruikbare wat deur die kategeet aangewend kan word, want dit kan die skryfbord geheel en al vervang. Die projektor het vier besliste voordele:

- Die kategeet staan teenoor die klas en het alles onder oë terwyl hy die projektor gebruik.

- Geen verdonkering is nodig nie.

- Duursame transpirante kan vooraf gemaak word.

- Die aandag van die groep katkisante kan dwarsdeur die les behou word deur slegs gebruik te maak van die aan- en afskakelaar. (Vgl. T.O.D.–Oriënteringskursus, Lesing nr. 9, 1974, 6).

### 6.6.2.3 Drie-dimensionele visualisering as didakties-pedagogiese hulpmiddel

Hieronder ressorteer modelle, filmstrokies en klankfilms (rolprente).

**Filmstrokies en klankfilms**

Die waarde van hierdie hulpmiddels is dat tyd en afstand daarmee oorbrug kan word. Die werklikheid speel voor die oë van die katkisant af. Die voordeel van strokiesfilms is dat spoed deur die kategeet gereël kan word terwyl die beelde in korrekte, beplande volgorde gerangskik is.

Die kategeet moet daarteen waak dat die katkisant die indruk kry dat die film daar is om te vermaak. 'n Atmosfeer van eerbied moet deurgaans behoue bly. Daarom moet enkele aspekte in gedagte gehou word wanneer besluit word om van hierdie hulpmiddels gebruik te maak. Elke film en strookfilm moet vooraf deur die kategeet vertoon en geëvalueer word. Hierna moet bepaal word hoe die betrokke film of strookfilm ten beste benut kan word. Vrae moet vooraf deur die kategeet opgestel word oor bepaalde gedeeltes van die film en hy moet besin oor die gesprek wat behoort te volg na die afloop van die film. Katkisante moet derhalwe vooraf weet waarom die film vertoon gaan word en waarop hulle spesifiek moet let tydens die vertoning. (Vgl. T.O.D. Oriënteringskursus, Lesing Nr. 9, 1974, 8; ook Van Niekerk, 1963, 38).

Katalogusse van films, strookfilms, ens., wat bekom kan word van die afdeling Oudiovisuele Onderwys in Pretoria kan vir kategete van onskatbare waarde wees. Daar is ook ander verspreiders van onderwyshulpmiddele (*Didacta* en *Educational Distributors* in Johannesburg, e.a.), wat die kategeet ten dienste staan. Beskikbare onderwysmiddele moet egter steeds krities en met die grootste omsigtigheid benader word. Die eis van Skriftuurlikheid bly deurslaggewend.

**Modelle**

Die model is 'n uitstekende hulpmiddel om meer as een sintuig in te span. Die

kind sien dit, maar hy kan dit ook bevoel en selfs geaktiveer word om deel te neem om 'n model struktureel te help opbou. So kan modelle van die tabernakel, die tempel, 'n huis met bovertrek, 'n olyfpers, ens. deur die katkisante met behulp van die kategeet opgebou word.

## 7. Die eis van insig in die kategetiese leerstof

### 7.1 Oriëntering

Leerstof en metode is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Oor metode is daar onder die vorige punt breedvoerig besin. Die vraag is nou: waaruit bestaan die leerstof? Uitgaande van die kerklike karakter van die kategese, kan die leerstof niks anders wees as die Heilige Skrif wat aan die kerk toevertrou is nie. (Hagenbeek, 1947, 115). Die behandeling van die Skrif sluit noodwendig ook die behandeling van die kerklike belydenis in, dit wil sê die belydenis as antwoord op die Woord van God en as herkenningsteken van die Christusgelowiges onderling. Aangesien die belydenis grootliks die gevolg is van die problematiek van die kerk met die wêreld, sal dit nodig wees om die historiese agtergrond – die Kerkgeskiedenis – van hierdie gesprek duidelik aan die katkisant te stel. (Van Nie, s.j., 46).

In die kategetiese onderrig is die leerstof sentraal, omdat ons hier te make het met die Bybel waarin God tot die mens spreek. Saam met Ten Have moet ons sê dat God die eintlike kategeet is, want Hy onderwys deur Sy Woord en daarom is die Skrif so belangrik as kategetiese leerstof. (Ten Have, 1948, 43). Ten Have sê verder dat die Bybel nie slegs leerboek is nie, maar ook die teboekstelling van God se boodskap. Die Bybel is so "gelaai" dat elke woord wesenlike betekenis het en geen woord daarom misgeloop kan word nie. (Ten Have, 1948, 44).

### 7.2 Die Bybel as kategetiese leerstof

Kennis van die Bybel is vir die christenmens wat as mondige lid van die kerk in die wêreld staan, eerste vereiste. Die Heilige Skrif as afsonderlike onderdeel van die kategetiese leerstof is sedert die Reformasie nie meer weg te dink uit die

kerklike onderrig nie. (Bijlsma, 1962, 141). Die Skrif het in die lewe van elke mens 'n besondere plek in te neem; daarom moet die kind reeds van jongs af ingelei word in die waarhede van die Bybel. Die Bybel moet van meet af as maatstaf vir leer en lewe by die kind ingeskerp word. Volgens Jooste kan dit slegs gebeur as die katkisante tydens die kategetiese vorming die Heilige Skrif leer ken as die Godsopenbaring, die inhoud daarvan leer ken en verstaan sover dit vir kinders moontlik is om dit wel te verstaan en te leer om die Skrif 'n besondere plek in hulle lewe toe te ken. (Jooste, 1965, 48).

Met die Bybel as leerstof moet die kategetiese onderrig daarvoor sorg dat die oordrag van die Bybelse boodskap verantwoordbaar is aan die Bybel self. Indien dit die geval is, kan verwag word dat die kind die voorgeskrewe weë van die Bybel sal navolg en daardeur gelei sal word tot 'n gesonde geloofslewe. (Bijlsma, 1962, 142).

Die volgende kriteria by die onderrig van die Bybel as kategetiese leerstof is aan die Bybel self ontleen as die direkte spreke van God. (Bijlsma, 1962, 143–148):

- Die Bybel is in sigself verkondiging en is niks anders as die skriftelike weergawe van wat oorspronklik van mond tot mond oorgedra is nie. Volgens *Joh.* 20:31 en 21:24 wil alle oordrag van dit wat plaasgevind het, juis verkondig word. Die inhoud van die verkondiging in die ganse Heilige Skrif bestaan uit die groot dade van God in die geskiedenis. Alles wat van Godsweë voorgedoen en voorgedink is, is in die Bybel as vertelling opgeteken; daarom is die lewende verkondiging, die grondslag van die doel en oorsprong van die Bybel.

- Dit sal die taak van die kategeet wees om die katkisant daarop te wys dat die heilsgebeure in die hele Skrif nou aan mekaar verbonde is. Die heilsgebeure in die Ou Testament, nl. die roeping van Abraham; Moses, met spesiale verwysing na die uittog en die wetgewing; die intog in Kanaän; die Dawidiese koningskap, ens., hou verband met die heilsgebeure in die Nuwe Testament soos die geboorte, lyde en sterwe, opstanding en hemelvaart van Christus en

die uitstorting van die Heilige Gees. Die katkisant moet derhalwe, deur bemiddeling van die leiding van die kategeet, insig verkry in die Christosentrisiteit van die Heilige Skrif.

- Vervolgens moet die kategeet die katkisant help om insig te verwerf in die opbou van die Bybel. Die Thora is die oeropenbaring van God en is die basis vir die uitwerking van die geloofsreaksie wat verder in die Ou Testament vervat is. Wat die Nuwe Testament betref, is die Evangelies die basis en uitgangspunt van die heilsgebeure wat in die Nuwe Testamentiese geskrifte nader uitgelê, toegelig en konkreet toegepas word. Die Woord van God het dus organies gegroei en daarom is die afsonderlike boeke van die Bybel organies aan mekaar verwant. "Juis omdat die Heilige Skrif 'n organisme is, moet by die verklaring van die een deel gereken word met die geheel en met die ander dele asook met die ontwikkelingsgang van die openbaring. Die boeke van die Ou Testament openbaar die verlossingswerk van Christus tot eer van God histories in die vorming en leiding van Israel as nasie". (Van Wyk, 1971, 382).

  Daar is dus 'n parallelle opbou tussen die Ou en Nuwe Testament, mèt dié ooreenkoms dat hulle inhoud verkondiging is van die heilsdade van God, gesentreerd rondom die magtige getuienis van Jesus die Messias.

- Ten slotte moet die kategeet die katkisant wys op die gedifferensieerde Skrifgesag, nl. die heilsgesag wat die outoritêre gesag is waaruit en waarmee die Bybel in sy geheel en al sy dele spreek. Dit is naamlik die verkryging van kennis aangaande die reddende genade van God. Verder moet gewys word op die historiese gesag van die Skrif, d.w.s. op die heilsideë en waarhede wat wesenlik verbonde is aan die handelinge van God in die geskiedenis. In die laaste plek moet gewys word op die voorskriftelike gesag in die Skrif. Die voorskrifte en gebooie in die Bybel moet allereers in hulle historiese verband gesien word en daarna veral gelet word op die betekenis daarvan in die heilshandeling van God. (Bijlsma, 1962, 148). Histories gesien lyk dit asof daar in die Skrif goedkeuring geheg word aan die poligamie, vgl. Abraham en Salomo, maar die voorskriftelike gesag in die Bybel wil dat die huwelik 'n Goddelike instelling moet wees wat die verbinding is van één man en één vrou. (vgl. *Gen.* 2:22–24).

### 7.3 Geloofs- en sedeleer as kategetiese leerstof

7.3.1 **Die geloofsleer** is die sistematiese samevatting van die Bybelse boodskap – dit is die dogmatiese verwerking van die Evangelieboodskap, en as sodanig is dit die oudste bestanddeel van die kategetiese leerstof. Dit kan nie 'n selfstandige bestaan naas die Bybel voer nie. Die dogmatiek is die sistematiese nadenke oor dit wat God histories voorgedink en voorgedoen het.

Volgens Jooste is die kennis van die leer van die kerk om die volgende redes vir die katkisant noodsaaklik: om vir homself rekenskap te kan gee van die Christelike leer en sodoende doelbewuste gelowige te wees; om die waarhede van die Christelike geloof te kan uitdra met woord en daad en om die Christelike leer te kan verdedig.

Na aanleiding van vrae en antwoorde van die Kategismus moet die leer van die kerk teties uiteengesit word, met spesifieke aantoning hoe die leerstukke uit die Heilige Skrif gehaal is. Dit is van wesenlike belang vir die kategeet om hierdie leerstukke teenoor afwykende rigtinge te kan verdedig. Volgens Jooste moet afwykende rigtinge duidelik en objektief aan die katkisant voorgehou word voordat die weerlegging daarvan onderneem word. (Jooste, 1965, 50).

Ander belydenisskrifte behoort integrerend by die Kategismus ingewerk te word sodat die katkisant ook deeglik met die ander belydenisskrifte kennis kan maak. (Jooste, 1965, 50).

7.3.2 **Die sedeleer (etiek)** besin oor die vraag: hoe moet die volk van God wat reeds oor sy geloof besin het, lewe in gehoorsaamheid aan Sy Woord uit dankbaarheid en in gemeenskap met die Heilige Gees?. Die etiek is die praktiese implementering van die geloof in God en die lewe van die Christenmens.

## 7.4 Ander noodsaaklike toerustingsvakke

### 7.4.1 Kerkgeskiedenis

Die doel van hierdie vak is om aan te toon in hoeverre die kerk die boodskap van God uitgeleef het en hoe die kerk dit vandag, wel al dan nie, getrou probeer gehoorsaam, om dan in verband hiermee die taak en plek van die jong gemeente wat opgelei word, aan te dui. (Ten Have, 1948, 44). Vir die handhawing van 'n verantwoordelike houding ten opsigte van groot wêreldvraagstukke is die kerkgeskiedenis ook van onskatbare betekenis. (Bijlsma, 1962, 159).

Bijlsma sien die kerkgeskiedenis as die geskiedenis van die uitleg van die Heilige Skrif in die geskiedenis van die mensheid. Die implikasie daarvan is dat die kerk telkens beslissings moes gee op die uitdaging om te laat sien hoe hy die gehoorsaamheid aan Christus wil vergestalt. Die kerkgeskiedenis is derhalwe reaksie op dié uitdaging – die dialogiese verloop van gebeurtenisse waarin die kerk getuienis moet aflê van die Koninkryk van God te midde van alle ryke en magte op hierdie aarde. (Bijlsma, 1962, 159).

Jooste waarsku teen oorlading van die kategetiese leerplan, rekening houdende met die ontsaglike aantal feite wat in die kerkgeskiedenis opgeteken is. Die werk behoort só behartig te word dat die katkisant kennis verkry van die belangrikste gebeure in die kerkgeskiedenis, met die klem veral op die vaderlandse kerkgeskiedenis.

### 7.4.2 Die liturgiese toerusting in die kategese

Om ten volle te kan deelneem aan die ontmoeting in die erediens, behoort die kind vertroud gemaak te word met die inhoud en bedoeling van die liturgiese gebeure sodat die erediens van harte meebelewe kan word. Liturgiese gebeure kan ook by die behandeling van die Godsopenbaring in die Bybel ingeweef word, bv. die liturgiese gebed en die doopformulier, die nagmaalformulier, ens. Die kerklied moet ook sy regmatige plek inneem en kán ook sinvol ingeskakel word by die behandeling van die Openbaringsgeskiedenis.

Uiteindelik is die kerkgang self die aangewese weg waarlangs die kind kan ingroei in die kerklike liturgie. "Wanneer het kind in het opgroeien eraan gewent mee te doen en mee te gaan, zal het door eigen ervaring in het geheim der ontmoeting met God en met al de heiligen binnetreden." (Bijlsma, 1962, 158).

### 7.4.3 Ander toerustende vakke

Hoewel dit baie belangrik is dat die katkisant kennis moet maak met die ander toerustende vakke, soos die beginsels van kerkregering, belangrikste wêreldgodsdienste en die ekumeniese vraagstuk, sal die kategeet slegs baie oppervlakkig daaroor kan heenbeweeg, omdat sy tyd so beperk is.

## 8. Eise gestel aan die hulpkategete

Prakties gesproke is dit nie altyd moontlik vir die kategeet om al die werk self te verrig nie, en daarom verskyn daar meer persone op die toneel. Dit mag egter sekerlik nie vir die leraar die geleentheid wees om hom aan die kategese te onttrek nie. Die hulpkragte vervang nie die kategeet nie – hulle is mense wat met liefde vir die saak besiel is en die eweigheidswaarde van die werk besef en daarom hulle kragte inwerp by dié van die kategeet. (Jooste, 1965, 58).

Die kerkraad as geestelike bestuur oor die gemeente is aanspreeklik om hierdie onderwys te laat plaasvind. (De Wet, 1943, 2). Daarom behoort die hulpkategete deur die kerkraad behoorlik benoem te word sodat hulle met vrymoedigheid kan optree om die hulpdiens te verrig. (Jooste, 1965, 58). Eloff wys daarop dat die kerkraad 'n kommissie kan benoem wat hulle aandag spesifiek aan jeugsake, en veral die kategese, kan gee. "Hulle moet sorg dat die regte personeel gevind word – eerstens uit die geledere van die kerkraad self – maar dan ook uit die kring van soveel moontlik ervare en/of gewillige voorbeeldige lidmate". (Eloff, 1971, 24).

Dit sou noodsaaklik wees om, indien so 'n kommissie deur die kerkraad aangewys word dat die hoofkategeet as voorsitter van die kommissie moet optree. Per slot van rekening bly die kategetiese onderrig 'n goddelike opdrag aan die kerk en die persoon wat amptelik belas is om die werk te doen, is die kategeet.

(Eloff, 1971, 23). Onder die begrip "regte personeel" verstaan Eloff heel waarskynlik die volle implikasie daarvan, nl. volwasse Christenmense wat ook pedagogies deeglik onderlê is. 'n Maklike taak, veral in plattelandse gemeentes, sal dit nie wees nie aangesien hierdie deugde nie altyd in elke persoon wat bereid is om hierdie hulpdiens te verrig, teenwoordig is nie. Dit lyk asof so 'n kommissie hom moet beywer om hulpkategete te bekwaam deur voorligting, by wyse van gereelde lesings deur die kategeet. (Jooste, 1965, 58).

De Villiers lê in die besonder klem op hierdie aangeleentheid. Volgens hom het die kerk hier as subjek beslis 'n taak om sy ampsdraers ten beste te skool en op te lei in die kategetiese vereistes aangesien die toestand en gehalte van die kategetiese onderrig in 'n hoë mate sal afhang van die onderrig van die ampsdraers. (De Villiers, 1957, 64).

"Die denkbeeld dat enige soort opleiding goed is vir die Sondagskool (kategese – W.L.J. v. R) solank die hart en die bedoeling van die onderwyser maar reg en goed is, deug hoe langer hoe minder. Goeie bedoelinge is onontbeerlik, maar dit help nie veel as dit nie gerugsteun word deur deeglike kennis en intelligente metodes nie". (Greyling, 1942, 178). Daarom sal die hulpkrag aan dieselfde vereistes moet voldoen as die kategeet, en as hy nie daaraan voldoen nie, is dit die plig van die kerkraad om geskikte hulpkategete op te lei.

'n Deeglike opleiding van die hulpkragte van die kategeet is om verskillende redes noodsaaklik. Greyling sien dit soos volg (Greyling, 1942, 179–180):

8.5.1 Daar is geen groter en heerliker onderwerp waarmee die mens hom kan besig hou nie as juis die godsdienstige onderlegging van die jongmens.

8.5.2 Daar is geen gewigtiger doel in die onderwys as juis die doel van die kategetiese onderrig nie. "Die onderwyser (hulpkategeet – W.L.J. v. R) is hier besig met die onsterflike siel en buigsame karakter van die kind. Geen geldelike oorwegings of iets anders kan ooit teen die doel van die

godsdiensonderwys (kategetiese onderrig – W.L.J. v. R.) opweeg nie. En tog is die onderwysers van die openbare skool baie beter toegerus vir hulle werk as dié van die Sondagskool (kategese – W.L.J. v. R.)". (Greyling, 1942, 179–180).

8.5.3 Die sukses, en dikwels ook die goeie naam, van die kategetiese onderrig hang dikwels af van die gehalte van die hulpkragte. Die kind vergelyk die goedopgeleide en toegeruste onderwyser van die openbare skool met die hulpkragte van die kategese tot skade van laasgenoemde. By baie kinders is dit die rede waarom die kategetiese onderrig as minderwaardig en bloot as bysaak beskou word.

8.5.4 Die wesenlike belang van die kategetiese onderrig vir die dooplidmaat vereis goedopgeleide hulpkragte. Die hulpkategeet wat besiel is met 'n liefde vir die saak en die eise wat dit aan hom stel besef, sal onvoorwaardelik gebruik maak van die geleenthede wat die kerk bied.

8.5.5 "Die kerk is dit verskuldig aan sy onderwysers (hulpkategete – W.L.J. v. R.) en die onderwysers (hulpkategete – W.L.J. v. R.) is dit verskuldig aan hulself en aan hul werk . . . . Baie godvrugtige manne en vroue gee hul werk in moedeloosheid op omdat hulle nie weet hoe om hul godsvrug aan die kinders mee te deel nie, en omdat die kinders vir hulle te veel word". (Greyling, 1942, 180).

## 9. Samevatting

9.1 Die lewe van die kategeet moet getuienis wees van 'n erns wat die jeug, deur God se genade, in die hart raak. Hy moet self gegryp wees om die katkisant na Christus te lei.

9.2 Hoewel die kategeet teologies deeglik onderlê is, d.w.s. ook in die katetiek, moet hy tog ernstig gewaarsku word teen 'n voorgewende onfeilbaarheid. Daarbenewens moet die kundigheid van die kategeet van so 'n aard wees dat hy sy kundigheid met welslae kan oordra aan die kind.

9.3 Slegs met die noodsaaklike kennis van kinderpsigologie kan die kategeet hoop op suksesvolle kategetiese onderrig. Die kategeet moet deeglik kennis dra van die kind se besondere eienskappe, sy vermoëns, die struktuur van sy sielelewe, sy gevoel, wil en strewe. Die insig en kennis van die kind in hierdie verband, kan die kategeet in staat stel om sy hulpkragte dienooreenkomstig te onderlê.

9.4 Die kind as hulpbehoewende wese wat langsamerhand tot volwassenheid gelei moet word, vereis van die kategeet dat hy hom op die hoogte van die pedagogiek moet stel, want hy het die besondere opvoedingstaak om die kind tot geestelike volwassenheid te lei, d.i. die funksionele heenleiding na geloofsaanvaarding van God. Die kategeet moet derhalwe aan dieselfde opvoedkundige eise wat aan die onderwyser in die dagskool gestel word, voldoen, d.w.s.: deeglike voorbereiding en beplanning van die werk, gebruik van onderwyshulpmiddele, besinning oor metodes en doel van elke les.

9.5 Kategetiese onderrig, wat uit die aard van die saak "onderwysing" impliseer, vereis van die kategeet dus dat hy kennis moet dra van die metodiesdidaktiese grondslae van die bepaalde onderrig. Hy (die kategeet) sal moet besin oor metodes wat hy gaan aanwend in sy onderrig – metodes wat onderskraag word deur die verskillende didaktiese beginsels soos doelgerigtheid, motivering en aktivering, die utiliteitsfaktor, sinvolle uiterlike belewing van die leerstof, indiwidualisering en geordende beplanning. Daarbenewens moet die kategeet hom vergewis van die verskillende oudio-visuele didaktiespedagogiese hulpmiddele wat, deur die aanwending daarvan, die katkisant se denke stimuleer, sy opmerksaamheid rig en uiteindelik die woord van die Heilige Skrif "hoor".

9.6 Die metodes is middele wat aangewend word om bepaalde leerstof sinvol aan die katkisant oor te dra, daarom is leerstof en metode onafskeidelik aan mekaar verbonde. Uiteraard bepaal die leerstof die metodes wat aangewend gaan word, daarom is insig in die kategetiese leerstof bepaald 'n vereiste vir sinvolle kategetiese onderrig. Die kerklike karakter van die kategese bepaal dat die Heilige Skrif die outoritêre leerstof uitmaak. Dit sluit noodwendig

die behandeling van die belydenis as antwoord op die Woord van God in én die Kerkgeskiedenis wat gebore is uit die problematiek van die belydenis in die wêreld. Daar mag nie uit die oog verloor word dat die leerstof die sentrale posisie inneem in die kategetiese onderrig nie, want hierin het ons te make met die Bybel waarin God tot die mens spreek.

9.7 Omdat dit prakties gesproke byna onmoontlik vir die kategeet is om al die werk self te verrig, moet hy van hulpkategete gebruik maak. Hoewel die hulpkategete die kategeet se amptelike verantwoordelikheid nie kan vervang nie, verrig hy tog dieselfde taak as die kategeet. Die hulpkategeet moet dus aan dieselfde vereistes as die kategeet voldoen en as hy nie daaraan voldoen nie, moet hy daarin geskool word.

# HOOFSTUK III

# KATEGETIESE ONDERRIG IN DIE REFORMATORIESE AFRIKAANSE KERKE IN SUID-AFRIKA: HISTORIES, PRINSIPIEËL EN INHOUDELIK

## 1. Kategese in historiese perspektief (oorsigtelik)

### 1.1 Skriftuurlike fundering van die kategetiese onderrig en vroeë historiese verloop daarvan

Onderrig aan die jeug van die Kerk moet herlei word na die Skrif waarin dit reeds van baie vroeg af vasgelê is. Basies moet die oorsprong reeds in ou Israel gesoek word. (Vgl. *Ex.* 18:20; *Deut.* 4:36; 1 *Sam.* 12:23; *Neh.* 8:8, 9:20; *Job* 6:24, 27:11; *Ps.* 32:8; *Spr.* 4:11; *Jes.* 28:26, ens.). Ten tye van die Ou Testament het die priesters die volk onderrig, maar ook aan die patriarg was die taak opgedra om die kinders te leer aangaande die groot heilsdade van Jahwe. Tewens, *Deut.* 6:7: "Jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan", is 'n direkte goddelike opdrag in hierdie verband.

So is daar tydens die Paasfees die vraag na die betekenis van dié fees, deur die oudste seun aan die vader gevra. Hierop volg 'n vertelling van die geskiedenis van die bevryding uit die slawediens in Egipte. (Groenewald, 1966, 51). As draers van die Verbondsbelofte, moes die dade van God met sy volk steeds by hernuwing van geslag tot geslag aan die volk meegedeel word, soos duidelik blyk uit *Ex.* 12:26, 27: "En as julle kinders vra: Wat beteken die diens daar? ..........". Dit is dus duidelik dat die huisgesin die eerste opvoedingsinstelling was (vgl. *Gen.* 17:7) – maar hier was nog geen sprake van kategese nie. Die ouer was in hierdie geval verteenwoordiger van volk en staat wat die wet en geskiedenis moes onderrig. (De Villiers, 1957, 21).

In die Nuwe Testament tree Christus op as die groot Onderwyser (vgl. *Joh.* 18:20), hoewel die klem nog nie op die onderrig self val nie. In hoofsaak het dit daarom gegaan om aan te toon "dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan". (*Hand.* 17:3

Dit gaan dus om die aanduiding van Jesus as die Christus. Volgens *Matt.* 28:19–20 kan die sendingbevel van Christus as die fondament van alle kerklike onderwys aangedui word (De Villiers, 1957, 21), nl.: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ..... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het". (*Matt.* 28:19). Die Nuwe-Testamentiese tydperk word dus gekenmerk deur 'n apostoliese kategese aan die heidene wat Christene wou word, asook aan volwasse bekeerdes. Hierdie onderrig het die vestiging en die uitbreiding van die Kerk ten doel gehad, terwyl die onderrig aan die kinders van die kerk waarskynlik deur die ouers in hulle huis gegee is. (De Wet, 1943, 10).

Die doop het die uitgangspunt van die kerklike onderrig gevorm. Op grond van die geloof in Jesus Christus beteken die aanvanklike kerklike onderrig nou: die toetrede van volwassenes tot die gemeente deur die toediening van die teken van die doop. Die onderrig het hoofsaaklik daarin bestaan dat volwassenes belydenis moes aflê in die naam van Jesus Christus, die Verlosser. (Bijlsma, 1962, 45). Daar moet egter op gewys word dat nog geen kategetiese vorm bestaan het nie.

Die apostoliese kategese het heel waarskynlik reeds baie vroeg sy beslag gekry. Prins wys daarop dat die Didache, die oudste bekende geskrif uit die vroeë Christelike kerk en wat waarskynlik dateer uit die laaste gedeelte van die tweede eeu, 'n bondige samevatting van die leer van die apostels insluit. Hieruit is dit duidelik dat die kategese die gevolg was van die kerk se konfrontasie met die heidendom – die kategese moes dien as inleiding in die Christendom. (Prins, 1973, 39).

Die basiese grondslag van die kategese, nl. die onderrig aan diegene wat hulle wil laat doop, lei heen na die kategumenaat in die tweede helfte van die tweede eeu. (Bijlsma, 1962, 54). "Die 'catechumeni' is die proseliete wat hulle wens uitgespreek het om christene te word; hulle besoek die erediens en word deur gemeentelede onderrig". (Beukes, 1974, 80). Vóór belydensaflegging moes so 'n persoon hom aanmeld by een van die kerklike ampsdraers (Bijlsma, 1962, 48), waar hy dan moes belowe om af te sien van heidense gewoontes, terwyl hy, indien hy 'n beroep beoefen het wat vir die Christendom aanstootlik was, moes laat vaar. (Biesterveld, 1900, 15).

Die kategetiese skoling het ook gepaard gegaan met die inskakeling van die proseliet by die gemeente met die doel om hom op te lei tot 'n Christelike lewe. Hierdie inskakeling het uit twee kategorië bestaan, nl. onderrig ten opsigte van die erediens en die meegaande verpligtinge. Ten opsigte van die erediens kon hy alleen toehoorder wees; hy kon die diens van die gebede bywoon en gedurende die laaste aantal maande word hy toegelaat tot die hele erediens, behalwe die gebruik van die nagmaal. (Bijlsma, 1962, 48). Daarnaas is van die kategumeen verwag om met lede van die gemeente om te gaan, terwyl hulle onder toesig van ervare Christene toegespitste onderrig ontvang (Biesterveld, 1900, 16), wat bestaan het uit die praktiese konsekwensies vir 'n Christelike lewenswandel, asook die onderrig in die doop en die nagmaal. (Jooste, 1965, 18). "Met Paasfees is die katkisante gewoonlik na belydenis van geloof gedoop en direk daarna toegelaat om nagmaal te gebruik". (Beukes, 1974, 82).

Gewoonlik het die kategumenaat van twee tot drie jaar geduur. (Van der Sprenkel, 1956, 151). Daar is egter gevalle uit die Skrif bekend waar die doop direk op die bekering plaasgevind het, bv. die kamerling van Ethiopië (*Hand.* 8:35–38); Kornelius (*Hand.* 10:47); die sipier van Filippi (*Hand.* 16:33).

Volgens Beukes het die kinderdoop 'n negatiewe uitwerking op die kategese gehad tydens die vroeë Christelike kerk. Die ou kerk het krampagtig aan die gedagte vasgehou dat die doop slegs bedoel is vir die heidene met die oog op hulle inlywing by die gemeente. Aangesien die kinders van gelowige ouers reeds gedoop was, was verdere kategese nie meer nodig geag nie. Die kategese het hoofsaaklik daarin bestaan dat kinders die erediens moes bywoon. Chrysostomus (347–407 n.C.) het die ouers vir die eerste keer aangedui as die primêre kategeet van die kind. Waar by die proseliete die kategese bedien is met die oog op die doop, belydenis en nagmaal, is by die verbondskind hierdie dinge nagelaat, omdat die kerk van oordeel was dat die kind deur sy doop ten volle toegang verkry tot beide sakramente. (Beukes, 1974, 84).

In 313 is godsdiensvryheid deur die Edik van Milaan in die Romeinse ryk aangekondig en dit het uitgeloop op Theodosius die Grote se verheffing van die

van die Christelike godsdiens tot staatsgodsdiens in 383. Die gevolg daarvan was die toestroming van heidene tot die Christelike geloof en die grootskaalse vervlakking van die kategumenaat. Baie mense is gedoop en daardeur toegelaat as belydende lidmate van die kerk, sonder dat hulle genoegsame kennis van die leer van die Christelike kerk gehad het. (Jooste, 1965, 18).

Sedert die sesde eeu het die kategumenaat steeds meer in verval geraak omdat die kinderdoop al hoe meer uitgebrei het. Godsdiensonderrig is nou veral aan kinders gegee. (De Villiers, 1957, 103). Onderrig het hoofsaaklik nog in die huisgesin plaasgevind en het bestaan uit die inprenting van die *Apostolicum Symbolum* en die *Onse Vader.* " Die kerk was meesal tevrede dat die doel met die kategetiese onderrig bereik was as die gelowiges besef het dat hulle gereeld moes bieg en verder dat hulle gehoorsame seuns en dogters van die kerk moes wees as hulle die saligheid deelagtig sou (sic) word". (Jooste, 1965, 22).

Voorlopers van die Kerkhervorming soos die Waldense, die Hussiete en die Boheemse Broeders onderrig hulle kinders in die geloofsleer en plaas die Bybel weer in die sentrum van die onderrig. Die Reformasie verwerp die doelstelling van Rome ten opsigte van die kategese, nl. om gehoorsame seuns en dogters van die kerk te kweek. (Biesterveld, 1900, 25). Tydens die Reformasie is die doel van die kategese "nie enkel om gedeeltes te ken en kerklike wette na te kom nie, maar om die waarheid, wat God is, te leer ken in haar krag en betekenis en dit te beleef .....". (De Villiers, 1957, 105). Die doel is verder ook in besonder noue verband gesien met beide sakramente, nl. beginnende by die doop en met die nagmaal as eindpunt van die kategumenaat. (Vgl. in hierdie verband Van Veldhuizen, 1925, 29). Die kategetiese leerstof was die Bybel wat sentraal gestel was en waarvan die inhoud begryp moes word nadat dit met die grootste inspanning by die kinders ingeskerp is. (Jooste, 1965, 22).

Luther het hom in die besonder beywer vir die onderwysing van die jeug. Hy stel self kategismusse op en eis selfs dat die kinders die klein-kategismus van buite moes leer. (Jooste, 1965, 22). Calvyn het met klem op die plig van die ouers ten opsigte van die kategetiese onderrig gewys, met die gevolg dat in 1541 'n kerklike bepaling uitgevaardig is wat ouers verplig om hulle kinders op 'n Sondagmiddag na die kat-

kisasie te stuur. (Vgl. in hierdie verband De Villiers, 1957, 108–113).

## 1.2 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Reeds vanaf die daarstelling van 'n eie Sinode vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1824, is aandag gegee aan die kategetiese werk. (Acta Sinodi, 1824, 45). Eie reëlings is getref, besluite oor die verhouding van die kerk en die skool is geneem en leerboeke vir die kategese is vasgelê. Die Skotse leraars as kampvegters vir die onderwys in die algemeen, het in 'n mate ook die kategese beïnvloed want noukeuriger toesig oor die stand van godsdiensonderwys in die kerk en skool was aan elke Ring opgedra. (De Villiers, 1957, 210 e.v.).

'n Verdere historiese baken in die ontwikkeling van kategetiese onderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk was die stigting van die Kweekskool op 1 November 1859. Professor John Murray, gebore op 15 September 1826 en seun van Andrew Murray, was een van die twee stigterslede. Die onderwys aan sy volk was 'n diepgevoelde lewensroeping. (De Villiers, 1957, 299). Op die gebied van kategese het uit sy pen die eerste letterkundige bydraes gevloei, bv. *Het Volksleesboek* (1868); *Geschenk aan de Jeugd* (1856), ens.

Op Pinksterdag, 26 Mei 1844, is die eerste Sondagskool in die konsistorie van die Groote Kerk in Kaapstad gestig. Ds. Abraham Faure, derde leraar van die gemeente in Kaapstad, het hom veral daarvoor beywer nadat hy as student reeds met Sondagskoolwerk in Engeland kennis gemaak het. Die stigting van hierdie eerste Sondagskool was die produk van die Raikesgedagte met die aanvanklike doel om armes te bedien. (De Villiers, 1957, 258). Die kerkleiding het destyds geen beswaar gehad dat blank en gekleurd saam onderwys ontvang nie. (Greyling, 1942, 21–22). In die verslag van die Ring in Oktober 1844 word daar beklemtoon dat die onderwys deur kerkraadslede en ander lede van die gemeente behartig word. Die bedoeling van hierdie Sondagskool, en die ander wat intussen tot stand gekom het, bv. te Tulbach (1856), was dat dit verlengstukke van die dagskole vir arm kinders moes wees. Hierdie Sondagskole het 'n kerklike karakter gedra en die onder-

rig was suiwer op die godsdiens gerig. Die Sondagskoolstroom het in die bedding van die ouere kategese gevloei. Behalwe die naam en 'n paar kleinere formele verskille was dit nog maar dieselfde. (Greyling, 1942, 24–25).

Intussen het die Sondagskool groot belangstelling van Sinodale en gemeentelike kant ondergaan. Tydens 'n Sondagskoolkonferensie op 28–30 Oktober 1884 in die Paarl het eerw. J.C. Pauw die leerstof van die Sondagskool aangedui as: Bybelse geskiedenis; die leer van Bybeltekse; godsdienstige sang; kennis van die inhoud van Bybelboeke en die sendingwerk. Die doel van die Sondagskool is omskryf as die leiding van die kind na bekering, terwyl die *"Kinderbybel"* van prof. John Murray as handboek naas die Bybel, sterk aanbeveel is. In dieselfde jaar is deur die Ring van Richmond bepaal dat die hoogste klas van die Sondagskool as katkisasieklas beskou word. Tydens die konferensie te Swellendam word die metodes van onderwys, nl. die vertellende, vragende, illustrerende en die uit- en weglatende metode, aangedui. Die hoofdoel van die Sondagskool is ook deur die Ring van Albanie aangedui as die bekering van kinders, die opbouing van pasbekeerdes en die vorming vir die werk van die Here. (De Villiers, 1957, 259).

Die liberale benadering wat hom openbaar in die onderwyswette van 1839 en 1865 en tot gevolg gehad het dat die godsdiensonderwys op skool verwater is, het die kerk opgeroep om selfstandige aandag aan die kerklike onderrig te gee. (Vgl. Acta Synodi, 1880; vgl. ook Acta Synodi, 1886, 42 ). Vanaf 1881, onder inspirasie van ds. A. McGregor, kry die Sondagskool 'n meer selfstandige karakter. Deur sy ywer sien die *Kindervriend* in 1881 vir die eerste keer die lig en 1899 verskyn sy katkisasieboek onder die titel: *Het Nieuwe Catechisatieboek.*

Intussen is die katkisasie en Sondagskool hoe langer hoe meer met mekaar vereenselwig en algaande sou die Gefedereerde Sondagskoolkommissie die taak van die kategetiese onderwys behartig. Hierdie kommissie is in 1925 in die lewe geroep en De Villiers meen dat "die bydrae van die Sondagskoolkommissie as die grondoorsaak beskou kan word, vir die oplewing en hernieude belangstelling in die kategese in die afgelope veertig jaar". (De Villiers, 1957, 291). Die kerk het egter steeds 'n wakende oog oor die werksaamhede in die Sondagskool gehou.

Die Sinode van 1940 het byvoorbeeld besluit om die Algemene Sondagskool-kommissie te versoek om voortaan die Kort Begrip as uitgangspunt en leerboekie te neem by die behandeling van die katkisasieklaslesse in *Die Kindervriend*, met aanvullings uit die Heidelbergse Kategismus. Tydens die Sinode van 1945 is byvoorbeeld opdrag aan die Gefedereerde Sondagskoolkommissie gegee om ondersoek in te stel na die tyd wat in gemeentes gegee word om die katkisant tot doeltreffende lidmaatskap te lei, en na die metodes van voorbereiding vir die aflê van belydenis. (Vgl. Handelinge van die Sinode, 1945).

In 1920 kry Afrikaans sy regmatige plek in die kerk. Die gevolg is dat leerboeke in die moedertaal daargestel moes word. (Handelinge van de zevende vergadering van de Raad der Ned. Ger. Kerken in Zuid-Afrika, 20). Op hierdie stadium begin die kerk kennis neem van die metodes van die pedagogiek en die bevindinge van die psigologie. Ds. J.R. Albertyn het tydens die Sinode van 1928 voorgestel dat 'n kursus in praktiese Opvoedkunde en Sosiologie gehou behoort te word. In 1940 is 'n pamflet van ds. P.K. Albertyn gepubliseer op versoek van 'n Sondagskool-kongres te Bloemfontein n.a.v. lesings van ds. Albertyn oor die metode van godsdienstige opvoeding. Die boekie het verskeie herdrukke beleef. (Oom P.K., 1940). Reeds tydens die derde Algemene Sondagskool-konferensie, gehou vanaf 4 tot 8 Julie 1928, is daar besin oor metodes van onderwys. Onder andere het ds. D.S.B. Joubert daarop gewys dat die nuwere onderwysmetodes die kind op die oog het, nl. sy eindbestemming, terwyl die ou metode die klem op die geheue van die kind laat val het. (Die Kindervriend, Augustus 1928, 6).

De Villiers kom tot die gevolgtrekking dat die kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk beslis nie ten koste van die Sondagskool in verval geraak het nie. "Na ons oordeel was daar in die loop van die eeue geen noemenswaardige prinsipiële afdwalings nie". (De Villiers, 1957, 301). 'n Noemenswaardige prinsipiële mistasting was egter die beskouing oor die hoofdoel van die Sondagskool, nl. "die bekering van kinders" soos gesien deur die Ring van Albanie tydens 'n Sondagskoolkonferensie (1896) aldaar. Interessant is die besluit van die Algemene Sinode in 1970, nl.: "Dat die H.E. Sinode besluit (1) Katkisasie as alternatiewe term vir "Sondagskool" gebruik mag word; (2) dat die terme "Toelating tot belydenis in plaas van "Aanneming"; "Aflegging van belydenis" in plaas van

"Bevestiging" of "Voorstelling" .....", gebruik moet word. (Handelinge van die Algemene Sinode, 1970, 376). Malan voer aan dat daar "in die afgelope jare" spontaan 'n verset teen die term "Sondagskool" by predikante ontstaan het. Hy voer as rede daarvoor aan dat daar 'n besef ontstaan het dat die woord nie skriftuurlik gefundeer is nie en per slot van rekening nie eie is aan die eie kerklike tradisie en geskiedenis nie. Op die klank af het dit 'n assosiasie met die openbare skool. "Die junior en senior kategese van die kerk is tog wesensverskillend van die onderwys en opvoeding van die kind in die openbare skool, omdat dit 'n ander uitgangspunt, doel en werkswyse het". (Malan, Aug. 1973, 38). Die vraag is egter of hierdie besef wel so spontaan was, want vir meer as 'n eeu het Gereformeerdes in woord en geskrif die term "Sondagskool" aangeval en veroordeel vanweë die humanistiese en metodistiese herkoms en die on-Skriftuurlikheid daarvan – ook vanweë die feit dat dit in stryd met die Gereformeerde tradisie is.

In sy waardeskatting van die gang en stand van die Kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk kom Kilian (Kilian, 1972, 36–38) tot die gevolgtrekking dat dit wil voorkom asof die kategese in die begin en selfs lank daarna, gewentel het om die kwessie van handboeke. Hy verklaar verder dat die kerk sy taak en verantwoordelikheid ten opsigte van die jeug besef het soos blyk uit die besprekings van Sinodes. Van die Sondagskool sê Kilian dat dit gesien moet word as 'n voorbereidende of agtergrondstadium vir die kategese – meer korrek 'n beginstadium "en dan wel as die begin van die kategetiese onderrig van die kerk". (Kilian, 1972, 38). Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1966 het hom reeds toe al soos volg oor hierdie aangeleentheid uitgespreek: "Die Sinode spreek hom uit ten gunste van die beginsel dat die kategetiese onderrig in ons kerk vanaf die vroegste periode van die bywoning van die Sondagskool sal begin". (Sinodale Handelinge, 1966, 543).

Tot en met die Sinodesitting in 1966 was daar twee goedgekeurde handboeke in gebruik van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, nl. *"Handboek by die Katkisasie"* deur dr. G.B.A. Gerdener en *"Die Katkisasieboek"* van die Algemene Jeugkommissie. Die gevolg was dat daar geen uniformiteit t.o.v. die leerstof en metodes was nie. Die belangrikste kritiek i.v.m. die twee bestaande handboeke was dat die handboeke

die Kortbegrip as uitgangspunt het in die leerstellige gedeelte, en daardeur die drie Belydenisskrifte nie tot hul reg kom nie; dat die leerstof in die handboek so omvangryk is dat dit psigologies oorweldigend en ontmoedigend vir die jong katkisant is; dat die leerstof nie gegradeer is om aan te pas by die bevatlikheid van die kinders van verskillende ouderdomme nie; dat dié handboeke leerboeke en nié handboeke is nie en dat die bestaande handboek 'n dubbele doel dien, nl. handboek vir die "katkisasiemeester" en leerboek vir die katkisant. (Sinodale Handeling 1970, 373 – memorandum van die A.J.K.). Op grond van hierdie kritiek en die aanbevelings van die Algemene Jeugkommissie m.b.t. die leerstof het die Sinode besluit "om die kwessie van die leerplan en handboekies vir die kategese, met die aanbevelings van die A.J.K. (Agenda pt. (iii), p. 373, 374) en Beskrywingspunt B IV 4 (Agenda p. 552) terug te verwys na die A.J.K., om dit na oorleg met opvoedkundige en teoloë te finaliseer en om dan die nodige handboekies daarvolgens deur bevoegde persone te laat skryf en keur en aan die kerk beskikbaar te stel". (Sinodale Handelinge, 1970, 822).

In opdrag van die A.J.K. het 'n ad hoc-komitee op 29 Augustus 1971 in Bloemfontein bymekaargekom waar 'n nuwe leerplan voorgelê en goedgekeur is (vgl. Viljoen in *Onderrig uit die Woord,* 1974, 48–49), terwyl dit aan die Algemene Jeugkommissie tydens 'n vergadering op 15, 16 Februarie 1972 voorgelê en aanvaar is. In November 1973 verskyn 'n handleiding in metodiek vir die kategeet en hulpkategeet, nl. *Onderrig uit die Woord* – uitgegee deur die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie handleiding bevat referate wat gelewer is tydens ingebruiknemingskongresse van die nuwe reeks leerboeke gedurende 1974.

Die nuwe handboekies vir die Junior Kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat tans gebruik word bestaan uit 'n reeks van ses handboekies, met die oog op die aanpassing van die leerstof by die ouderdom van die kind en beginnende by graad een tot en met standerd vier. Die reeks leerboeke vir die senior kategese bestaan uit die volgende vyf handboekies: *Leer die Woord ken,* st. 5, twaalfjariges; *Leer jouself ken uit die Woord,* st. 6, dertienjariges; *Leer jou Verlosser ken uit die Woord,* st. 7, veertienjariges; *Leer dankbaarheid ken uit die Woord,* st. 8,

vyftienjariges; *Leer lewe uit die Woord*, st. 9, sestienjariges, belydenisklas.

### 1.3 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerk

Die Gereformeerde Kerk is op 10 Februarie 1859 onder leiding van ds. D. Postma herstig met die oogmerk om toe te sien dat die Christelike leer suiwer gehou word. Hierdie doelstelling kon die beste in die kerklike onderrig verwesenlik word. (De Wet, 1943, 90). Die gedagte was aanvanklik 'n oorwegend godsdienstige opvoeding om die dooplidmate te onderrig of te laat onderrig in die leer van die Gereformeerde Kerk. Daarom was die Gereformeerde patriarge besonder kieskeurig aangaande die skole waarin hulle hul kinders geplaas het. Ds. D. Postma het 'n gereformeerde skool in Rustenburg onder sy leiding gehad en oral waar dit moontlik was, is privaat gereformeerde skooltjies gestig. "Uit den aard der zaak rust de verantwoordelijkheid op de ouders, opzieners en leraren, maar zij kunnen met goed gevolg tot behulpsels hebben in Christelijke onderwijzers en scholen onder hun direct toezicht. De Kerkschool zal uitstekende diensten kunnen betonen. Hetgeen tot hiertoe is aangevoerd is in volkomen accoord met wat de Dordtsche Synode besloot in hare 17de zitting" (*De Catechese of Goedsdienstonderwijs der Jeugd in de Christelijke Kerk*, Februarie 1904, 10). Die skool moes die kategetiese onderwys verskaf of minstens aanvul. In werklikheid was die skool in hierdie tyd die enigste middel om behoorlike kategetiese onderwys te verskaf. Aangesien daar slegs een predikant was (later twee) moes die kerk hom derhalwe op die skool beroep om die kinders te onderrig op die katkisasiepatroon van die Dordtse Sinode. (De Vries, 1959, 78).

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word hierdie tydperk gekenmerk deur die opkoms en groei van die Sondagskool. Volgens art. 44 van die Handelinge van die tweede Algemene Sinodale vergadering, 1863, is ouderlinge "opgewekt om ook zoo veel mogelijk met de Gemeenten te catechizeren". Die Sinodes het daarna tydens elke sitting oor die godsdiensonderrig van skool en kerk gehandel. Die skool het in hierdie tyd onder direkte toesig van die kerk gestaan. (De Wet, 1943, 93, 96, 101). Die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus was die fundamentele

leerboeke. Na 1904 word die skool egter nie meer genoem in die katkisasie-verband nie en in 1907 het die skool die kerk geheel en al ontval. Daar is afkeurend van die skool gespreek as die "kleurlose goewernementschool" (*Voorligting aan onse Huisvaders, Huismoeders en Kerkrade,* November 1917, 6). "Onder gewone omstandighede verstaan ons onder die woord 'katkisasie' eintlik net die amptelike kerkkatkisasie; alhoewel die huiskatkisasie steeds in die algemene denke inbegryp word. Onder huidige omstandighede dink ons nie meer aan 'n skoolkatkisasie nie, omdat ons openbare skole vandag neutraal staan teenoor die kerkleer". (De Wet, 1943, 55). Voortaan sou verbondsonderrig derhalwe in georganiseerde vorm as amptelike werksaamheid geheel en al die verantwoordelikheid van die kerk word en verbind word aan die amp van die leraar, terwyl al die kinders van die gemeente daarby betrek word. (De Vries, 1959, 79).

Aangesien die kerk tot ongeveer 1950 geworstel het met 'n ernstige tekort aan predikante, is predikante aangespoor om met hulle huisbesoek ook katkisasie te doen en is die roeping van die ouderlinge ten opsigte van die katkisasie ook besonder sterk gestel. Die Sinode van 1876 te Reddersburg "wekt de broeders op om altoos getrouwlijk de geestelijke belangen der gemeenten te behartigen; alsmede, dat de ouderlingen hun zoo gewichtig ambt met allen ijver mogen betrachten, inzonderheid in het bezoeken hunner leden, en in de gemeenten welke herderloos zijn, de jeugd onderwijzen in de leer der waarheid, soveel hun mogelijk is". (Verzameling van der Algemeende Bepalingen der Synoden der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, vasgesteld door hare zesde Synode te Reddersburg in 1876, 81).

Die weg wat die Sinodes verder gevolg het om die ontstane leemte te vul was om enersyds werksaam te bly vir die verkryging van Christelike skole en die opleiding van katkisasiemeesters. "Die aangewese persoon om die onderwijs te gee is natuurlik die Predikant als leraar, onder toesig van die Ouderlinge. In die Konsulents Gemeentes moet die Ouderlinge in die afwesigheid van die Predikant, dit self doen of gebruik maak van die dienste van Kategiseermeesters, hetsij van die Diaken of bekwame lidmate van die Gemeente, altyd onder toesig van die Ouderlinge". (*Voorligting aan onse Huisvaders Huismoeders en Kerkrade,* November 1917, 10). Die saak van die katkisasiemeesters is egter eers tydens die Sinode van

die Gereformeerde Kerk in 1924 ter tafel gelê (Sin. Handelinge, art. 103) en dit nadat die katkisasiemeesterspraktyk blykbaar in volle swang was in al die Algemene Vergaderings. Tydens dieselfde Sinode is 'n skema vir 'n godsdienseksamen vir die opleiding van katkisasiemeesters goedgekeur (art. 103). Hierdie aangeleentheid is verder gevoer tydens die Sinodes van 1936 (p. 56) en die Sinode van 1939 (art. 65). Van die voorneme om hierdie mense georganiseerd op te lei het egter niks gekom nie, maar die Teologiese skool het hom egter daarop begin toespits om predikante as bekwame kategete op te lei. (De Vries, 1959, 79).

Hierdie uitgangspunt het daartoe aanleiding gegee dat daar spoedig 'n gesonde voortgang in die kategetiese onderrig van die Kerk merkbaar geword het. 'n Gemeenskaplike lesrooster het in gebruik gekom wat uiteindelik in die dertiger jare van hierdie eeu kulmineer in 'n gemeenskaplike lesblad vir alle gemeentes en wat tans nog in alle gemeentes gebruik word. (Vgl. Algemene Katkisasielesblad, 1975). Die Heidelbergse Kategismus word gebruik as leerboek, terwyl die sogenaamde "rooiboekie" en "blouboekie" (dit is die Heidelbergse Kategismus aangepas by die bevattingsvermoë van die kleinkind, in twee dele uitgewerk) vir die kleiner kind gebruik word.

Daarmee is die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerk op 'n besondere baan geplaas, nl. "geen Sondagskool nie maar amptelike kerklike onderrig vir die lammers van die kudde; geen georganiseerde en sinodale aksie – en dit sou kollegialistiese aksie wees – om onderwysers op te lei nie maar opleiding van predikante as kategete; geen verdeling van die kategese tussen skool en die kerk nie maar kategese van die instituut van die kerk vir alle kinders, van hulle 'teedere jaren aan'; geen beheer van die katkisasie deur 'n sinodale deputaatskap nie – soos dikwels verkeerdelik bepleit – maar wel leiding deur so 'n deputaatskap en voorsiening van hulpmiddels in die vorm van handboeke en lesblaaie en toeligting van lesse vir die spesifiek plaaslike aksie en verantwoordelikheid van die katkisasie." (De Vries, 1959, 79). Hierdie deputaatskap vir katkisasie, benoem deur die Algemene (Generale) Sinode, bestaan uit 'n professor in kategetiek aan die Teologiese skool, een predikant uit elke provinsie en minstens twee opvoedkundiges, waaronder een 'n praktiese onderwysman moet wees. Aan die deputaatskap word

die inrigting en uitvoering van alle werk in verband met die katkisasie opgedra, d.w.s. die opstel van lesroosters vir die hele kerk, die uitgawe van benodigde handboeke, ens. (De Wet, 1943, 123).

Tydens die Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom (22 Januarie 1964) is die prinsipiële benadering van die Gereformeerde Kerk tot die kategetiese onderrig vasgelê. Samevattend kom dit op die volgende neer: katkisasie is die voorbereiding vir die openbare geloofsbelydenis en dus vir die volle verantwoordelikhede van 'n belydende lidmaat; hierdie amptelike katkisasie is 'n uitbreiding van die huiskatkisasie. Dit veronderstel dus 'n voorafgaande huiskatkisasie na die eis van die verbond; die katkisasie neem nie die verantwoordelikheid van die ouers oor nie – dit is die uitbreiding daarvan. Indien ouers wel nalatig gevind word, "sal hulle deur deftige vermaning van die predikante tereggewys word" en as die saak dit vereis, sal sensuur van die Kerkraad tot die skuldiges gebring word; die katkisasie is amptelike onderrig van die verbondskinders deur die bedienaar van die Woord. Slegs by hoë uitsondering mag die amptelike taak van die predikante aan hulpkragte oorgelaat word. (Handelinge van die vyf-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom, 1964, 359). Die praktiese implikasie van die bogenoemde prinsipiële benadering is dat die kind tot op 10 jaar hoofsaaklik Bybelse geskiedenis moet leer, en deur middel van die Bybelse geskiedenis in toenemender mate die geloofsleer. Vanaf die elfde jaar behoort Bybelonderrig as openbaringsgeskiedenis behandel te word met inbegrip van die belydenisskrifte van die Kerk. In die kerkgeskiedenis behoort die klem te val op dogmageskiedenis. Verder moet die kategetiese onderrig die dooplidmate tot 'n volle bewuste geloofskennis lei. (Sinodale Handelinge, 1964, 360).

Tydens die ses-en-dertigste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1967 is breedvoerig besin oor die wese, doel, vereistes, metodes, ens., van die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerk. (Vgl. 2.1.6 van hierdie hoofstuk).

Tydens die Sinode van 1970 het die deputate vir katkisasie die volgende aanbeveling gedoen: "Die deputate beveel by die Sinode aan dat 'n lesblad as handleiding opgestel word, wat sal bevat:

- ’n model-lesblad;
- sinodebesluite insake kategese;
- leiding in verband met die metodiek van die kategese”. (Soos aangehaal in Sinodale Handelinge, Potchefstroom, 1973, 552).

In die verslag van die deputate verantwoordelik vir hierdie opdrag tydens die Sinode van 1973, is gewag gemaak van allerlei praktiese probleme op grond waarvan die opdrag nie uitgevoer is nie. Die volgende belangrike probleme in hierdie verband, is aan die Sinode voorgelê:

- “So ’n lesblad as handleiding sou in ’n beperkte oplaag gedruk moes word, aangesien ’n kerkraad maar een of enkeles sou benodig. Dit sou die koste per eksemplaar buite verhouding hoog maak en verkope daarvan bemoeilik”.

- “Sinodebesluite insake kategese is feitlik alles vervat in die rapport van 1967, art. 180, wat toeganklik is vir elke kerkraad”.

- “U deputate kon ook nie duidelik leiding gee in verband met die metodiek van die kategese nie, omdat u deputate van mening is dat die metodiek veral ten opsigte van die Geref. leerstof, soos vervat in die boekies Kategismus deel 1 en 2 verouderd is. Met die oog daarop volg hier onder ’n aanbeveling. Intussen het u deputate dus voortgegaan om jaarliks ’n lesblad uit te gee met enkele praktiese wenke insake metode ens., wat redelik algemeen deur die kerkverband bestel is. U deputate vra die Sinode se goedkeuring vir hul optrede in die verband.” (Sinodale Handelinge, 1973, 552).

Op grond hiervan het die deputate die Sinode versoek om aan die te benoemde deputate die volgende opdrag te gee: “Om ’n diepgaande studie te maak en met aanbevelings te kom ten opsigte van die metodiek van die kategetiese onderwys gesien in die lig van die moderne ontwikkelinge op die terrein van die onderwys.” (Sinodale Handelinge, 1973, 552). Die volgende twee beskrywingspunte van die

Partikuliere Sinode Kaapland en S.W.A., sal ook aan die te benoemde deputate opgedra word; nl.:

- Hersiening van Rooi- en Blouboekies: " 'Dat die Kategismusboekies, te wete die Rooi- en Blouboekies, hersien word met die oog op taal en formulering'.

- Beskikbaarstelling van lesblad: 'Die sinodale deputate belas met die Katkisasieblad word gevra om die lesblad vir elke nuwe jaar reeds voor die skoolsluiting van die lopende jaar beskikbaar te stel'." (Sinodale Handelinge, 1973, 553).

Tydens dieselfde Sinode is die finansiële verslag van *Die Slingervel* behandel. (Sinodale Handelinge, 1973, 553). Hierdie blad verskyn sedert 1960 en staan tans onder die bekwame redaksie van prof. dr. P.W. Buys. Die blad is bedoel om aan die katkisante geskikte stigtelike leesstof te bied wat in 'n taal en idioom geskrywe is wat vir die jongmens verstaanbaar is.

Die volgende handboeke word deur die Deputate vir Katkisasie aanbeveel vir gebruik deur die kategete. (*Algemene Katkisasielesblad,* 1975, 3–4). By die Heilige Skrif as leerstof word daar by die Bybel aangesluit met: *"Bybelse Geskiedenis vir kinders vertel"* deur Mev. H.L. Viljoen en *"Bybelse Geskiedenis in vrae en antwoorde"* deur ds. I.J. Lessing. Hierdie boekies bestaan uit Bybelverhale, aangesien die kind nog nie 'n begrip van die kronologie van die Bybelgebeure het nie. Vanaf standerds 3 tot 6 word aangesluit by *"Laat my lammers wei"* van ds. M.J. Booyens. Aangesien die klem geleidelik meer en meer op die Openbaringsgeskiedenis moet val, word die gedagtes wat in *"Vir die kerkjeug"* van ds. M.J. Booyens voorkom, ingevleg.

Vanaf standerds 7 tot 9 word die Openbaringsgeskiedenis aan die hand van *"Handboek Gewyde Geskiedenis"* van prof. P.J.S. de Klerk behandel, met aanvulling uit *"Vir die kerkjeug"* van ds. Booyens. Die volgende boeke word ook aanbeveel: *"Ken en Vertrou"* van ds. J.J. van der Walt en prof. G. C. P. van der Vyver,

*"Handboek Bybelse Geskiedenis"*, dele I en II, van proff. J.H. Kroeze en E.P. Groenewald, *"Woord en Antwoord"* van proff. W.J. de Klerk en J.H. van Wyk.

Die Gereformeerde Kerk se "leerboek" vir die kinders is die Heidelbergse Kategismus. Aanpassende by die bevattingsvermoë van die kinders word daar gebruik gemaak van die Heidelbergse Kategismus, deel I, (rooi boekie), deel II (blou boekie), die "Vereenvoudigde Kategismus met kort toeligting" van ds. M.J. Booyens in "Laat my lammers wei" (hfst. 91), "Kategismus-Analise" van ds. Z.C. Grobler, "Die leer van ons kerk" deur dr. K.S. van Wyk de Vries en die volledige Heidelbergse Kategismus soos in die Psalmboek opgeneem.

Die Dordtse leerreëls word behandel uit "Ken en Vertrou" deur dr. G. C. P. van der Vyver. Die Nederlandse Geloofsbelydenis word behandel aan die hand van *"Ons glo met die hart en bely met die mond"* van ds. M.J. Booyens.

Die Deputate vir Katkisasie beveel vir die Kerkgeskiedenis *"Beknopte Kerkgeskiedenis vir katkisasie"* van prof. B. Spoelstra en "Handleidingvir die studie van die Kerkgeskiedenis" van prof. S. du Toit aan, terwyl vir die Inleiding tot die Bybelboeke, *"Ken en Vertrou"* van dr. J.J. van der Walt en prof. G.C.P. van der Vyver aanbeveel word.

### 1.4 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is in 1852 onder leiding van ds. Dirk van der Hoff in Transvaal gestig. Wat voor 1852 in die Kerk gebeur het, is natuurlike besit van aldrie kerke, maar kan desgewens, vanuit 'n organisatoriese oogpunt gesien, onder die Nederduitse Gereformeerde Kerk geplaas word, hoewel die naam van die Kerk as gevolg van die invloed van De Mist (vgl. Kerkorde van De Mist, art. 46), en die gebeure in Nederland, vir 'n tydlank "Nederduitsch Hervormd" was.

Tydens die Groot Trek en die eerste periode van die twee Republieke was predikante en onderwysers baie skaars, met die gevolg dat die ouerhuis die grootste gedeelte van die godsdiensonderrig waargeneem het. Nieteenstaande struikelblokke soos die skaarste aan predikante, wydverspreide gemeentes en lidmate wat ver weg woon, asook die Engelse oorlog, het die godsdiensonderrig tog in huis, kerk en skool aandag geniet.

Aan die begin van die huidige een word in die meeste gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk Sondagskole aangetref. (Le Roux, Julie 1959; vgl. ook Ruysch van Dugteren, 15 Mei 1909). Koördinasie in die Sondagskoolarbeid het nog nie bestaan nie en daar was byvoorbeeld nog geen gemeenskaplike leerplan nie. Sommige Sondagskole het byvoorbeeld van die lesrooster van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk gebruik gemaak en ander van 'n Nederlandse lesrooster. Tydens die Algemene Kerkvergadering in 1912 is 'n voorstel ingedien om 'n eie lesrooster saam te stel. "Ofschoon de zaak van de tegenwoordig gebruikte Zondagschool teksten niet door kerken of kerkbesturen geschiedt, maar door haar leden, menen wij – ter oplossing van die moeilike keuze van Zondagsschool teksten uit Holland of uit Stellenbosch – ten zeerste te moeten aanbevelen: 'maak ze zelf' en een ieder zal het zelf gemaakte meer waarderen, zodat over heel de kerk één soort teksten gebruikt worde en één geest onze hof doorwaaie". (Notulen Algemene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika, Pretoria, 3de December 1912, 20). Dit het egter misluk weens gebrek aan finansies. Die ontstaan van Sondagskole was die gevolg van 'n diepgevoelde roeping van die kerk ten opsigte van die verbondskinders. (Ruysch van Dugteren in *Die Hervormer,* 15 Mei 1909). Neutraliteit in die skool het by die kerk die drang laat ontstaan om meer aandag te gee aan die godsdiensonderrig vir die kinders. (Algemene Kerkvergadering, 1909 en 1912). Baie huisgesinne het ook versuim om hulle doopbelofte na te kom. Intussen is kinders ook na Engelse Sondagskole in dorpe getrek.

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1916 is die Sondagskoolarbeid gekoördineer en op 'n vaste grondslag geplaas. (Algemene Kerkvergadering, 1916, 313). Onder andere is daar besluit dat 'n hoofsuperintendent leiding sal gee aan

Sondagskole en wat op sy beurt verantwoording moet doen aan die Algemene Vergadering. Ringe benoem op hulle beurt in oorleg met die hoofsuperintendent ringsuperintendente. Gesamentlik vorm hulle 'n Sondagskoolraad. Elke kerkraad benoem weer gemeentesuperintendente wat onder toesig van die kerkraad leiding gee. Verder moes die Sondagskoolraad gereeld kongresse saamroep, 'n lesrooster saamstel en leiding by lesse verskaf aan die onderwysers.

Die Algemene Kerkvergadering van 1916 het ook die grondslag vir die Sondagskool bepaal. (Algemene Kerkvergadering, 1916, 34). Die grondslag word in die Heilige Skrif gevind, nl. *Joh.* 21:15. Die doel van die Sondagskool was: kennis van God en Sy Woord, liefde vir sy diens as getroue, belydende lidmate van sy kerk. Daarom is kennis van die kerkgeskiedenis onontbeerlik, omdat die kinders liefde moet hê vir hulle kerk. "..... Dat wij daarvoor ook offervaardig moeten zijn; dat wij onze kinderen moeten opleiden voor de kerk en voor den godsdienst: dat Zondagscholen noodig zijn, dat ze erg verwaarloosd worden; en dat wij vrye kinderen van God ontvangen en naar de door ons afgelegde Doopsbelofte ook voor God moeten opvoeden". (Notulen Algemeene Vergadering, 1916, 34).

Op 16 Januarie 1918 is die eerste algemene "Zondagschool Konferentie" onder leiding van die hoofsuperintendent van Sondagskole, ds. Jac van Belkum, gehou. "Hierdie Sondagskoolkonferensie is van buitengewone betekenis vir die historiese, prinsipiële en praktiese organisatoriese ontwikkeling van die eie Sondagskoolwese van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. (Le Roux, 1962, 140). Tydens hierdie Sondagskoolkonferensie is die volgende formulering van die doel van die Sondagskool aanvaar, nl.: "De vervulling van de Doopbelofte verplicht, dat elk kind, gevestigd in Kristus, onderwezen worde in de Schriften en de leer der Kerk, om alzo het kind ongehinderd tot zijn Heiland te laten komen, die gezegd heeft: 'Weidt mijn lammeren'." (De Hervormer, 15 Maart 1918, 8). Aansluitend hierby het ds. L.E. Brandt 'n inleiding gegee, oor die metodiek om in die Sondagskool hierdie doel te verwesenlik. Hierdie metodiek het onder andere die volgende sake behels: klasse moet klein wees en ingedeel wees volgens die leeftyd en die bevattingsvermoë van die kind, terwyl lesroosters gebruik moet word en pryse as aanmoediging uitgegee moet word. Die onderwyser moet hoof-

saaklik van die vertelmetode gebruik maak: "Alles moet kinderlijk blijven ook in het bidden en vertellen". (*Die Hervormer*, 1918, 8). Verder moes onderwysers hulself goed voorberei. Waar moontlik moes onderwysers een keer per week bymekaarkom onder leiding van die predikant of iemand anders wat bekwaam is om te help. Vlytigheid, getrouheid en kennis van die kind was 'n vereiste.

Uit die Sondagskoolkonferensie van 1918 het dit duidelik geword watter weg die Sondagskoolarbeid in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, prinsipieel en prakties sou inslaan. Samevattend kan die uitkoms van die konferensie soos volg gestel word:

- Die grondslag vir die Sondagskool is die Heilige Skrif – die Woord van God met die verbondsbelofte en verbondsverpligting.

- Die doel is om die kinders tot kennis van en tot geloof in Christus, asook tot bewuste lewende lidmate van sy kerk op aarde, te lei.

- Die metode om hierdie doel te verwesenlik sal wees die verkondiging in ooreenstemming met die bevattingsvermoë van die verskillende ouderdomsgroepe by die kind.

- Gestalte:
  Die Sondagskool moet "soveel mogelijk gelijken op een dienst." Die elemente van die erediens, naamlik verkondiging (Skriflesing en vertelling), lofsang, gebed en offer, moet aanwesig wees.

- Toerusting en voorbereiding van onderwysers is nodig.

- Die menslike subjek van die Sondagskool is die gemeente.

Reeds vanaf die begin is geskikte handboeke aanbeveel, byvoorbeeld *"De Bijbelsche Geschiedenis"* van E. Stock. Daar is ook met vrug gebruik gemaak van die Sondagskoolleerooster van ds. Jac van Belkum en die lesuiteensettings in *Die Hervormer*. (Vgl. *De Hervormer* 15 Jan. 1916, 15 Feb. 1916 en volgende jaarreekse met lesuiteensettings).

Gedurende die eerste helfte van 1920 het *"De Zondagschool Blad voor de Kinderen der Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika"* sy maandelikse verskyning gemaak. Dit het lesuiteensettings vir onderwysers en ouers bevat. Weens finansiële probleme het dit egter nie bly voortbestaan nie. *"Ons Jeugblad"*, 'n Sondagskool- en jeugblad maak in 1938 sy verskyning. Weens probleme insake papierskaarste wat die oorlog meegebring het, het die blad slegs vier jaar lank verskyn. Weens die steeds gevoelde behoefte aan 'n tydskrif om voorligting aan Sondagskole te gee, verskyn *"Weiding"*, 'n onderwysblad in 1952. Die naam *"Weiding"* is deur ds. S.P. Viljoen voorgestel en deur die Raad vir Jeugwerk aanvaar. Volgens die notule van die Raad vir Jeugwerk op 17 Maart 1952 is ds. L.M. le Roux as redakteur benoem. Tans is dit uitsluitlik 'n blad vir die Sondagskoolonderwyser. Sedert 1958 verskyn 'n tydskrif uitsluitlik vir die kinders, nl. *"Ons Kinderblad"*.

Sedert 1923 is die Kort Begrip, met verklarings deur ds. A.J. Burger (Middelburg, Transvaal) in die Nederduitsch Hervormde Kerk as leerboek gebruik. Enkele besware wat die uitskakeling van die Kort Begrip tot gevolg gehad het, was dat die opsommings agterin dikwels gelei het tot blote geheuekennis. Die verklarings by die vrae was verder redelik uitgebreid en verwarrend sodat die kern die leser dikwels ontglip het. Die Kort Begrip het verder die Heidelbergse Kategismus nie nougeset nagevolg nie. Reeds in 1951 het prof. A. van Selms gepleit vir 'n verbeterde leerboek wat saamgestel moet word deur 'n teoloog, 'n pedagoog en 'n man uit die praktyk. Die uitkoms van hierdie pleitrede is die in gebruikneming van 'n leerboek in 1974, nl. *"Geloofsleer"* deur dr. H.G. van der Westhuizen in medewerking met prof. dr. B.J. Engelbrecht en ds. G.C. Velthuysen. Dié nuwe leerboek skakel die lesrooster, waarvan die kerntekse van die geloofsleer nie altyd op die voetspoor van die Heidelbergse Kategismus was nie, uit. Terselfdertyd skakel dit ook die lesuiteensettings wat sedert Januarie 1916 in "Die Hervormer" verskyn het uit. Die lesuiteensetting in "Die Hervormer" word vervang deur die boekie vir Bybelse geskiedenis deur prof. dr. J.I. de Wet en dr. L.M. le Roux (Oktober 1971). Vir die bestudering van die Kerkgeskiedenis word *"Kerkgeskiedenis"* deur prof. dr. A.D. Pont gebruik (Augustus 1970).

Die studieveld vir die kategeet en katkisant is dus die Bybel self, die Heidelbergse Kategismus, die kerkboek, die kerkgeskiedenis. (Le Roux, 1962, 348). Op

grond hiervan het die Algemene Kerkvergadering reeds in 1961 die inhoud en die vorm van die kategese bepaal. (Notule Algemene Kerkvergadering, 1961, 24–26).

Onder andere het die vergadering tot die volgende slotsom gekom:

- "Die vergadering beklemtoon die taak van die predikant ten opsigte van kategese wat weekliks waargeneem moet word ....."

- "Die vergadering beveel aan dat waar enigsins moontlik, die belydeniskategese op vaste tye gedurende die week sal geskied en dat minstens twee uur per week hieraan bestee sal word".

- "Hierdie vergadering spreek hom ten sterkste uit oor die noodsaaklikheid van toegewyde en volgehoue kategetiese onderrig en spreek hom uit daarvoor dat die kategese oor 'n tydperk van minstens een jaar sal strek". (Notule Algemene Vergadering, Pretoria, 9–12 Maart 1961, 24–26).

Om die kerk van advies te bedien aangaande die kategese en om leiding te gee aan diegene wat daarmee belas is, is die Raad vir Sondagskool en Kategese. Sedert die Algemene Vergadering in 1970 is die benaming van hierdie raad verander na "Raad vir Kategese" (vgl. art. 53 van die Kerkwet, 119). Dáármee het die term "Sondagskool" verval en word tans van "Kategeseklasse" gepraat. Volgens artikels 91 en 92 van die Kerkwet word die kategetiese onderrig in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in twee kategorië verdeel, nl. die voorbereidende kategese (Artikel 91) en die gewone kategese (Artikel 92). Die voorbereidende kategese is die onderrig wat gegee word aan kinders onder twaalf jaar en is die verantwoordelikheid van die ouers in die huis, van die Sondagskool (kategeseklasse, W.L. J.v.R.) en van die erediens. (Vgl. Notule Algemene Vergadering, 1967, 251). Die gewone kategorie is die onderrig aan die kind van twaalf jaar en ouer en geskied in die huis deur die ouers en in die daartoe bestemde katkisasieklasse. (Vgl. Notule Algemene Kerkvergadering, 1967, 251). Die kinders word

aan die hand van 'n lesrooster, opgestel in opdrag van die Raad vir Kategese, onderrig. (Vgl. Van der Westhuizen, 1973; 7–15).

## 2. Prinsipiële benaderinge van die onderskeie kerke met betrekking tot kategetiese onderrig

### 2.1 Prinsipiële benadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot die kategetiese onderrig

#### 2.1.1 Die wese van kategetiese onderrig

Die instelling van die katkisasie is 'n eis wat deur die wese van die Christendom en die aard van die Kerk van die Here gestel word. Daarom is kategese die amptelike onderrig van die Kerk aan die onmondige lidmaat. Daar was egter tye in die Nederduitse Gereformeerde Kerk toe die amptelike karakter van die kategese nie tot sy reg gekom het nie. Volgens De Villiers het die kerk in hierdie tyd te veel werk gelaat in die hande "van organe wat in eintlike sin, slegs hulpdienste gelewer het by die kategetiese onderrig, t.w. de ouer en die onderwyser". (De Villiers, 1957, 342). Desnieteenstaande is katagese "'n amptelike werk van die kerk. Dit geskied in die Naam en met die gesag van die Koning van die Kerk, Jesus Christus. Dit word verrig aan die 'onmondige' lede van die gemeente en almal wat tot die gemeente wil toetree. Dit het ten doel die vorming van lewende lede van die kerk". (Prins, 1973, 55, 56).

#### 2.1.2 Die plek van die kategetiese onderrig

Histories gesien was daar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanvanklik weinig onderskeid gemaak tussen amptelike en nie-amptelike onderrig. De Villiers skryf hierdie stand van sake toe aan die feit dat daar min predikante aan die Kaap was en dat die Kerk nie in staat was om kategetiese onderrig na behore te gee nie. Aanvanklik het die mistasting ten opsigte van 'n duidelike onderskeid tussen kategetiese onderrig as amptelike onderrig en kategismusprediking – 'n voortsetting van die Dordtse standpunt – hiertoe bygedra. Die invloed van die Skotse predikante, die stigting van die Kweekskool te Stellenbosch en bydraes van ander groot

kategete het dié verdienste gehad, nl. dat die kerk opgeroep is tot vervulling van sy kategetiese plig.

Die kategese hou egter ook verband met die psigologie en pedagogiek, omdat katagese onderwysing van die kind impliseer en derhalwe gebruik moet maak van die resultate van die genoemde wetenskappe. Daardeur kan die kategese didakties en metodologies verryk word. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word die resultate van die psigologie en pedagogiek eers vanaf 1912 in die kategetiese onderrig betrek. De Villiers skryf: "Ons het egter bevind dat daar van die jongste resultate van die metodiek en die didaktiek in die katkisasielokaal, min te reg kom. Ons metodes staan nog te veel in die teken van die ou Sokratiese metode wat reeds in die Middeleeue bekend was". (De Villiers, 1957, 343).

Sedert 1844 staan die kategese en Sondagskool in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in noue verband met mekaar. Prinsipieel gesien was die Sondagskool 'n voorbereidingstydperk vir die kategese, hoewel die gevaar bestaan het dat die Sondagskool 'n belangriker plek inneem as die kategese. Sedert 1970 is die term "Sondagskool" vervang met die term "katkisasie". (Handelinge van die Algemene Sinode, 1970, 376).

### 2.1.3 Die doel van die kategese

Aanvanklik was die doel van kategetiese onderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk baie vaag, omdat verkeerde terme soos "aanneming" en "voorstelling" verwarring geskep het. Intussen het daar egter 'n vrugbare ontwikkeling ten opsigte van die doel van kategetiese onderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk plaasgevind.

Na deeglike onderrig en ondersoek van die geloofskennis van die katkisant, word die dooplidmaat deur die ampsdraers toegelaat om geloofsbelydenis af te lê. By die belydenisaflegging aanvaar die nuwe lidmaat die volle verantwoordelikheid as mondige lidmaat. "Kategese is die deel van die amptelike onderrigswerk van die kerk wat gerig is op sy gedoopte lidmate, en op diegene wat wens om deur die

doop tot die kerk toe te tree, met die oog op hulle belydenisaflegging en die verkryging van toegang tot die Nagmaal, sodat hulle as mondige lidmate deel kan hê aan die lewe van die kerk en in diens van Gods Koninkryk hulle Christelike roeping in kerk en wêreld kan uitleef. Sodoende word God verheerlik en die koms van Sy Koninkryk bevorder deur die opbou en uitbou van Sy kerk". (Prins, 1973, 59). Kortweg kan die doel van die kategetiese onderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesien word as die onderrig om die mondige lidmaat te bring tot aflegging van die belydenis. (Vgl. *Rom.* 10:10).

### 2.1.4 **Die subjek van die kategese**

Die kerk is die subjek van die kategese en kom tot sy volle reg as die lerende en regerende ouderling daarvoor verantwoordelik is. Die kategetiese onderrig is egter ook die verantwoordelikheid van die kerkraad wat moet sorgdra dat die onderrig wel plaasvind. Aanvanklik het sieketroosters en voorlesers baie bygedra tot die vordering van kategetiese onderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, terwyl die skool en huisgesin gedurende die volksplanting onskatbare dienste gelewer het. Die skoolonderrig was by tye daarop ingestel om beter lidmate vir die kerk op te lei, maar sedert die Kerkorde van De Mist en die wetgewing van 1839, staan die skool al hoe mee in die teken van neutraliteit.

Sedert die stigting van die Kweekskool en die eerste Sinode van 1824 het die kerk sy taak ten opsigte van die kategetiese onderrig met groter erns aangepak. Weens die feit dat daar van kategetiese onderrig in die huis min sprake is, en die godsdiensonderrig op skool neutraal gestaan het, was die kerk daartoe verplig om met nuwe erns die aandag aan kategetiese onderrig te gee. (De Villiers, 1957, 349).

### 2.1.5 **Die objek van die Kategese**

Die onmondige lidmaat is die objek van die kategese met die klem op die verbondsgedagte, nl. die gedoopte kind van die gemeente. Die kerk gaan verder van die veronderstelling uit dat die ouers kragtens die doopbelofte reeds begin het met die religieuse opvoeding van hulle kinders. Volgens die Gereformeerde beskou-

ing is die objek van die kategese ook sondaar en daarom is dit so belangrik dat geloofskennis, soos geopenbaar in die historiese feite van die Skrif, deur hom aangeleer word.

Prinsipieel gesien het die psigologiese ontwikkeling van die objek 'n direkte betrokkenheid met die kategese. Dit verhelder die insig van die kategeet met betrekking tot die kind en kan die kategeet sy doel bereik deur die metodes aan te wend wat die beste by die ontwikkeling van die kind pas.

### 2.1.6 Die didaktiek in die kategese van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Deur die gebruikmaking van handboeke is die onthou van feite in die Nederduitse Gereformeerde Kerk oorbeklemtoon. In sy ondersoek het De Villiers tot die gevolgtrekking gekom dat 50% van die kategete wat die vraelys moes beantwoord, geen didakties-pedagogiese hulpmiddels gebruik nie en dat 80% nie van die skryfbord gebruik maak nie. Op grond hiervan sê De Villiers dat die didaktiek in die Nederduitse Gereformeerde Kerk beslis nog 50 jaar vertraag is.

Sedert die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat op 14 Oktober 1966 vergader het, aan die Algemene Jeugkommissie opdrag gegee het om 'n persoon of persone te benoem om 'n handboek op te stel (vgl. Handelinge van die tweede vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1966, 542–543) vir die Junior Kategese wat Bybelkundig sowel as Opvoedkundig verantwoordbaar is, het daar in 1974 ook 'n "Handleiding vir Kategese in verband met die subjek, objek, leerstof in die metodiek van die Senior Kategese", verskyn. (Vgl. *Onderrig uit die Woord,* 1974).

Die agterstand waarvan daar by De Villiers sprake is, is dus deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk besef en daar is daadwerklik oorgegaan om die kategeet en hulpkragte van 'n didakties-verantwoordbare handleiding te voorsien.

## 2.2 Prinsipiële benadering van die Gereformeerde Kerk tot die kategetiese onderrig

### 2.2.1 Die wese en plek van die kategetiese onderrig

Katkisasie is amptelike kerklike onderrig aan die dooplidmate van die kerk. Dit is onderrig wat die kinders van die verbond inlei in die verborgenhede van die geloof, d.i. in die kennis van die inhoud van die Heilige Skrif en die belydenisskrifte van die kerk. (Sinodale Handelinge, 1964, 368). Die katkisasie is verder die voorbereiding vir die openbare geloofsbelydenis en dus vir die volle verantwoordelikhede van 'n belydende lidmaat. (Sinodale Handelinge, 1964, 359). Hierdie amptelike katkisasie is dieper en breër as die onderrig in die huiskatkisasie, en bou op laasgenoemde voort. Die amptelike katkisasie van die kerk wil egter nie die taak van die ouers uit hulle hande neem nie, want die ouers bly nog volgens die doopsformulier verplig "om hulle kinders, as hulle opgroei, hieromtrent (d.w.s. aangaande die betekenis van die doop en die verbond) breedvoeriger te onderrig. Plegtig word ook deur die ouers beloof dat hulle die kinders, as hulle tot hulle verstand gekom het, in die leer van die kerk na hulle vermoë sal onderrig of laat onderrig". (Sinodale Handelinge, 1942, 40).

Wesenlik kan die kategese in die Gereformeerde Kerk dus omskryf word as die primêre amptelike bediening van die Woord deur die kerk aan die verbondskinders van die kerk om hulle te lei tot die nodige rypheid van geloof, d.w.s. in die kennis van God se Woord as die waaragtige en volkome leer van die saligheid en in die vaste vertroue op sy beloftes, sodat elkeen van sy/haar persoonlike geloof in welbewuste volwassenheid belydenis kan doen in die boesem van die kerk. Omdat die belydenis in die kerk gedoen word, word benewens kennis van God se woord ook vereis dat die kerk in sy belydenis en geskiedenis geken moet word as deur Christus vergader deur sy Woord en Gees. Die vrug van die belydenis is dat deel verkry word aan die sakrament van die Nagmaal en die ander voorregte en verantwoordelikhede wat 'n volwassene in die geloof as belydende lidmaat ontvang. (Sinodale Handelinge, 1967, 542).

### 2.2.2 Die doel van die kategese

Die doel van die kategese is net soos by alle bediening van die Woord, die werking, onderhouding en uitbouing van die geloof van die verbondskinders. In die Gereformeerde Kerk word onderskei tussen 'n individuele en 'n gemeenskaplike doel:

#### 2.2.2.1 Die individuele doel

Die individuele doel impliseer die leiding van die verbondskind tot 'n rype, mondige en persoonlike geloofsbelydenis. Die klem val daarop dat die geloofsbelydenis nie 'n outomatiese afsluiting van die kategese is nie. Die belydenis moet steeds 'n saak van 'n persoonlike welbewuste keuse wees.

#### 2.2.2.2 Die gemeenskaplike doel

Om die verbondskind te bring tot welbewuste lewe in die volle gemeenskap met die volk van God, die Kerk, d.i. om die verbondskind te lei tot volle aanvaarding van die belydenis van die kerk en tot mondige diensbaarheid in die kerk.

Hierdie dubbele doelstelling word uitdruklik gestel in die formulier by die aflegging van die belydenis van geloof in die Gereformeerde Kerk. In die eerste vraag gaan dit om 'n persoonlike belydenis dat die leer van God se Woord, soos deur die Kerk bely, waaragtig en volkome is. Dié vraag behels dus die persoonlike belydenis van geloof. Die persoonlike belydenis van volharding en bekering deur die genade van God, kom in die tweede vraag na vore waar dit gaan om die persoonlike verhouding tot God; die volharding by dié leer en om die daaglikse bekering. In die derde vraag gaan dit om die verhouding tot en die lewe in die gemeenskap van die kerk.

Die doel van die kategese word dus daardeur bereik dat die antwoord van die verbondskind op die vrae 'n openlike belydenis in die kerk is en dat hy/sy glo, en daardeur langs die weg van geloofsvolharding die Verbondsgemeenskap met God in die kerk sal onderhou.

### 2.2.3 Die subjek van die kategese

Die kerk is die subjek van die kategese, want die kerk as instituut is geroep tot die vergadering en versorging van die volk van die Here. Daarbenewens word die verbondskind ook gereken as lede van die kerk, alhoewel nog inkompleet. Die kerk voer sy roeping, om hulle tot komplete lede te lei, uit deur Woordbediening. Die kerk se taak is dus primêr die amptelike bediening van die Woord aan die verbondskinders van die kerk om hulle te lei tot die nodige rypheid van geloof.

### 2.2.4 Die objek van die kategese

Die objek van die kategese is die verbondskind in die kerk, d.w.s. die kind wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en die seël is. So word in die objek die katkisasie onderskei van evangelisasie en sending.

Volgens die ses-en-dertigste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1967), is die sentrale gronde vir die kerk om sy kategese op die verbondskind te rig in die eerste instansie die opdrag van die Here in *Deut.* 6:7–9 en *Joh.* 21:15; in die tweede instansie die verbondsverpligting en die wasdom van die kerk.

Die ouderdom waarop die verbondskind kategetiese onderrig moet begin ontvang, is nie 'n beginselsaak nie, maar word hoofsaaklik deur praktiese omstandighede bepaal. In die reël behoort dit nie later as op elfjarige ouderdom, die begin van die vroeë puberteit, 'n aanvang te neem nie. Daar word egter deur die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika aanbeveel dat verbondskinders reeds vanaf ses jaar by die katkisasie betrek word, veral weens die gebrekkige huiskatkisasie van die tyd waarin ons lewe. Die Sinode beklemtoon egter verder die feit dat die katkisasie nooit die ouers se verbondsverpligting ophef of vervang nie. (Sinodale Handelinge, 1957, 543).

### 2.2.5 Die didaktiek van die kategese

Die metode van die kategese is ten eerste bediening van die Woord. Onder bediening word verkondiging en onderrig verstaan. Gedagtig aan die besondere aard en doel van die kategetiese onderrig, móét daar in die metode ook klem gelê word op die verbondskind se vordering in die kennis van wat aan hom verkondig is, en sy vermoë om wat geleer is, te verantwoord.

Metodologies gesproke moet die kategeet steeds van die meedelende metode gebruik maak. Die katkisasiegebeure mag nie daarin bestaan dat bloot versies opgesê of vrae beantwoord word nie. Dit sou die dood van die kategese beteken. (Sinodale Handelinge, 1967, 546). Waar verkondiging die hoofklem in die metode ontvang, moet handboek en diktate (of diktering) naas Bybel en Belydenis tot 'n noodsaaklike minimum beperk word.

Selfwerksaamheid kan meer beklemtoon word namate die kind opgroei. So word rypheid en volwassenheid in die geloof bevorder. Aan die heel kleintjies van 6–7 jaar, moet hoofsaaklik meegedeel word. Selfs die verse wat uit die hoof geleer word, moet in die klas herhaaldelik oorgegaan word. "Die kind moet nie in die klas die slagoffer van 'n ontroue verbondsouer wees nie". (Sinodale Handelinge, 1967, 546).

Om egte kennis eie te maak moet daar steeds gesorg word dat wat as geheuewerk geleer is (veral die Kategismus) ook toegeïen word. Hier is die samevoeging van geheuewerk en verkondiging baie noodsaaklik. Sonder geheuewerk word weer te dikwels aan 'n verwronge inhoud vasgehou. Daarom is dit so belangrik dat veral die Kategismus verduidelik moet word voordat én nadat dit tuis uit die kop geleer is. Die vrae moet by toetsing van kennis in onderdele opgebreek word. As gevolg van die feit dat klasse 'n week van mekaar verwyder is, moet by elke klas, by wyse van steekproefvrae en beklemtoning van hoofsake, herhaling wees.

Die verdeling van kinders in klasse moet as die ideaal gesien word, nl. 'n klas per ouderdomsjaar. Die voordeel daarvan is kleiner klasse met die gevolg dat

meer individuele aandag aan die katkisant gegee kan word. Slegs in noodgevalle moet kinders van meer as twee ouderdomsjare saamgevoeg word, aangesien die geestelike vermoë van 'n normale 7 en 9 jarige so verskillend is. Wat belydenisklaskinders aanbetref, moet die ouderdom liewer bo agtien jaar as daaronder wees. Dit stel die normale reël en neem nie die reg weg wat elke kind het om te enige tyd by die kerkraad aansoek te doen om belydenis van geloof af te lê, en dus deur die kerkraad ondervra te word nie. (Sinodale Handelinge, 1967, 546).

Tuguitoefening moet geestelik van aard wees aangesien strafwerk slegs verset teen die kerk en religie sal bevorder. Aan die anderkant sal tugloosheid 'n slordige, belangstellinglose lidmaatskap bevorder. Ouers behoort verder vrye toegang tot die katkisasie te hê. 'n Gereëlde skriftelike verslag oor katkisasiebywoning en vordering van die kind word aanbeveel. Die aansluiting tussen kategese in die huis en die kerk sal sodoende tot groter vrugbaarheid gestimuleer word. (Sinodale Handelinge, 1967, 546).

In boekvorm het daar reeds in 1943 'n metodiekhandleiding uit die pen van De Wet en Coetzee verskyn, nl. *"Die beginsels, metode en geskiedenis van die kategetiese onderwys"* (De Wet, 1943). Jooste het in *"Studiegids vir Kategetiek"* (Jooste, 1965) baie oppervlakkig daaraan aandag gegee. Tans werk die Sinodale Deputate vir Katkisasie in opdrag van die Sinode van 1972 aan 'n handleiding vir metodiek. Gedurende die afgelope aantal jare verskyn daar jaarliks saam met die lesrooster 'n kort metodiekhandleiding.

## 2.3 Prinsipiële benadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk tot die kategetiese onderrig

### 2.3.1 Die wese en plek van die kategetiese onderrig

Die motief of grondslag van die Sondagskool of kategese is die Woord van God. Dit veronderstel die onderrig van die verbondsvolk in al die waarhede aangaande die troue Verbondsgod. "Deur Christus se lyde, sterwe en opstanding het God vir homself 'n geestelike huis, 'n gemeente gegrondves. Hierdie 'huis' is in sigself vanweë sy 'inwoners' nie volmaak nie en daarom is verdere opbouing nodig.

Hierdie opbou is 'n opbou in geloof en aantal. Op grond hiervan kan die kategese omskryf word as voortplanting van die kerk in 'n volgende geslag." (Beukes, 1974, 110). Die dryfkrag tot die kategetiese onderrig lê dus nie op die vlak van die lewensfilosofiese, vitalistiese, tradisionalistiese of ideologiese nie, maar "die Heilige Skrif is die riglyn waarlangs die Heilige Gees ons lei om die kinders in die Sondagskool te versamel". (Le Roux, 1962, 147). In *Deut.*6:6 en 7; 6:20; *Joh.* 21:15 word duidelike Skrifriglyne aangetref tot die kategese-opdrag.

Wesenlik is kategetiese onderrig die amptelike bemoeienis van die kerk met sy lidmate – m.a.w. dié lidmate wat nog nie belydenis van die geloof gedoen het nie – met dié doel voor oë dat hulle sal kom tot 'n dankbare Godverheerlikte geloof. (Van der Westhuizen, 1973, 4). Kategetiese onderrig mag in sy wese dus nie vreemd wees aan die erediens op Sondae nie. Die Sondagskoolkonferensie van 1918 het bepaal dat hierdie bemoeienis moet "soveel mogelijk gelijken op een dienst". Daar word verder gespesifiseer dat die elemente van die erediens, naamlik verkondiging (Skriflesing en vertelling), lofsang, gebed en offer, teenwoordig moet wees.

Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor die verbondskind. Die kategese is die kerklike hulporgaan in sy bemoeienis en verantwoordelikheid ten opsigte van die dooplidmaat. (Le Roux, 1962, 154). Die kerk neem in sy kategetiese bemoeienis met die kind nie die taak van die ouer oor nie, dit wil ook nie die onderrig op die dagskool oorbodig maak nie, maar die kategese bring nog iets meer as die ouerhuis en die dagskool vir die kind: dit bring die erediens vir die kind op Sondag.

In sy wese is die kategese dus 'n normale kerklike instelling. Die kategetiese werk is onontbeerlik omdat dit fundamenteel van aard is en daarom is dit doel in sigself, omdat dit die verheerliking van God in die oog het. "Die kategese is 'n doelgerigte poging om die katkisant volkome toe te rus vir elke goeie werk. Die kategese beoog nie primêr soos die opvoeding in die ou Griekse wêreld om 'n goeie mens te vorm, wat self kan onderskei tussen goed en kwaad, wat sal gaan leef volgens algemeen aanvaarde norme nie, maar die onderwerping aan die Woord van

God. Dit vind plaas sodat die mens sy Skepper sal liefhê, sy gebooie onderhou, God sal eer en dien". (Beukes, 1974, 111).

Samevattend kan die kategetiese onderrig dan beskou word as "die onderrig aan die kinders van die gelowiges wat op grond van hulle inlywing in die gemeente deur Christus, gedoop is, met die oog op die openbare belydenis van die geloof in gehoorsaamheid aan die Woord van God ooreenkomstig Mattheus 10:3, Romeine 10:9, 10 en 1 Timotheus 6:12, tot deelname aan die Sakrament van die Heilige Nagmaal en tot verantwoordelike lidmaatskap van die kerk". (Notule Algemene Kerkvergadering, 27 April – 5 Mei 1970, 216).

### 2.3.2 Die doel van die kategese

Die doel van die kategetiese onderrig "is identies met die doel van die Verbond van God of met die doel van die kerk van Christus:- Die verheerliking van God. Die doel van die kategese is dus die "saambring" en leiding van die kind tot verheerliking van God. Die kategese moet egter nie as 'n menslike prestasie gesien word nie, alhoewel die mens daarby betrek is. Dit is egter God self wat die "ontmoeting" tussen Christus en die kind laat plaasvind. Volgens die huweliksformulier is die verheerliking van God onafskeidbaar met die ewige saligheid van die kinders.

Die kategese het dus "tot doel om die jeug van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree te onderrig aangaande die leer van die kerk en die betekenis van hulle dooplidmaatskap van die kerk waarin hulle opgeneem is deur die Doop, om hulle voor te berei vir die openbare belydenis van die geloof, vir die deelname aan die heilige Sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en dié van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder". (Notule Algemene Kerkvergadering, 25 April – 4 Mei 1967, 251).

### 2.3.3 Die subjek van die kategese

Die kerk en die gemeente moet die kategetiese onderrig sien as behorende tot sy taak en roeping. Daarom moet die werk van die kategese in noue kontak met

die gemeente staan. Vanaf sy ontstaan het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die kategese as die offisiële taak van die kerk gesien. (Le Roux, 1962, 154).

"Die feit dat kategese verkondiging is lei noodwendig tot die konklusie: 'werklike kategese kom net in die kerk voor.' Dit is vanselfsprekend so, omdat net die kerk die opdrag van die Here ontvang het om die Woord van God te verkondig. Daarom is dit noodsaaklik om die kerklike karakter van die kategese te behou. Dit kan alleen gebeur as die kerk self die kategese as kerkwerk beskou en beoefen sonder om hierdie verantwoordelikheid op enige ander instansie af te skuif." (Beukes, 1974, 129 haal aan uit De Wet, J.I., Kategetiek Diktaatlesings, 7).

Volgens *Ps.* 127:3 is die kind erfdeel van die Here en daarom het die kerk die "opgaaf" om die "gawe" of erfdeel van die Here, toe te rus met kennis van, liefde vir en geloof in God.

### 2.3.4 Die objek van die kategese

Die kategese word net soos die verbond deur twee pole bepaal, nl. God en kinders. (Le Roux, 1962, 158). Die kategese is slegs daar as gevolg van die opdrag van God tot sy eer en verheerliking. God is daarom die eerste pool, want kinders sonder God beteken geen kategese. Die kind is die tweede pool en die kerklike kategese bemoei hom met die kind vanuit die opdrag van God. "Omdat God in sy Woord die kinders nie verbysien nie, maar aan hulle diepe aandag skenk, moet die kerk in die Sondagskool aan die kinders volle aandag skenk en sig onder andere ook verdiep in hul wese, hul moontlikhede en beperkthede". (Le Roux, 1962, 158). Die kategese sal derhalwe dan kennis moet neem van die ouderdomsverskille van die kind, die keuse van die leerstof, die metode, ens., sodat hulle met begrip, liefde en aandag, na die voorbeeld van Jesus Christus self, na God gelei kan word. Die leiding van die kind moet egter steeds gesien word onder die voortdurende vraag na die wil van God. (1 *Sam.* 3:9).

## 2.3.5 Die aanbieding van die kategese

Binne die grense van die prinsipiële het die kategese ook nog 'n besondere doel, nl. die besondere boodskap wat uit elke les moet spreek. Voordat hierdie boodskap aan die kind oorgedra kan word, moet die kategeet dit self raaksien en begryp. 'n Vertelling mag nooit in die lug hang nie, maar elke vertelling moet gedra word deur 'n begryplike boodskap. "Dit gaan in die samekoms om 'n boodskap wat die kind aanspreek en wat hulle kan saamneem vir die res van hul lewe". (Le Roux, 1962, 226). Hierdie boodskap moet egter 'n boodskap van God wees – dit moet dus Skrifgebonde wees.

Die oordrag van hierdie boodskap vind plaas deur vertelling. "Die wese van die vertelling in die Sondagskool is die gee van die gawe van Godswoord en die ontvang daarvan in wisselwerking, tussen leerkrag en kinders. Die vorm van die verkondiging is die vertellende gesprek". (Le Roux, 1962, 235). Die vertelling bestaan uit die oordra van feite, gebeurtenisse en dade. Dit moet kort wees en geen abstrakte filosofiese redenasies moet aan die orde wees nie. Wesenlik kan die vertelling dan omskryf word as die aanspreek van die kind met die Woord van God en die kind antwoord daarop deur te luister, 'n vraag te stel of te reageer deur hardop daaraan deel te neem. (*Luk.* 24:14, 15; *Hand.* 24:26; 1 *Kor.* 15:33). "Dit is 'n gesprek (homilia), van leerkrag en kinders. Daar is 'n wisselwerking – albei gee en ontvang. Dit is gee van die gawe van God in Christus en ontvang van dieselfde gawe." (Le Roux, 1962, 236).

Vraagstelling moet 'n integrale deel van die vertellende oordrag van die leerkrag vorm. Vir doeltreffende vraagstelling moet die kategeet deeglik kennis dra van die betrokke ouderdomsgroep in die klas. Hy behoort ook die agtergrond van die individuele kind deeglik te ken. Om korrekte en bevredigende antwoorde op vrae te kry, behoort die kategeet en sy hulpkategete deeglik te kan onderskei tussen kontroleringsvrae, beslissingsvrae en denkvrae. (Le Roux, 1962, 254).

Aangesien die tydsfaktor 'n baie belangrike remmende invloed is én die meeste gemeentes net 'n halfuur ná die erediens aan kategetiese onderrig kan afstaan, is

die ekonomiese gebruik van die tyd baie belangrik. Die kategeet moet deeglik voorbereid wees en hy moet presies vooraf bepaal wat hy met die katkisante gaan behandel. (Van der Westhuizen, 1973, 6).

Gewoonlik kom die katkisasieklasse ná die erediens byeen vir sangoefening, waarvoor die aangegewe Psalms of Gesange by die geloofsleer (vgl. Van der Westhuizen 1973) gebruik kan word. Die klasse verdeel hierna, registers word gehou en dan "word 'n begripsvormende gesprek oor die voorafgaande prediking gevoer. Tekste word aangehoor, waarna die behandeling van die Bybelgeskiedenis en Kerkgeskiedenis volg. Reëlings word by die deur getref vir 'n dankoffer". (Van der Westhuizen, 1962, 6).

## 3. Kritiese beskouing van die leerstof in die onderskeie sillabusse van die verskillende kerke

### 3.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

#### 3.1.1 Die geestelike versorging van die voorskoolse kind deur die kerk (vgl. Memorandum Jeugkommissie in *Die Kindervriend*, 1972, 7)

##### 3.1.1.1 Begripsbepaling

Die voorskoolse kind is die kind vanaf sy geboorte tot en met die ouderdom waarop hy skool toe gaan, dit wil sê ses jaar.

##### 3.1.1.2 Belangrikheid van hierdie fase

Hierdie fase is die tyd waarin die vermoëns van die suigeling op unieke wyse ontwikkel. Hy neem waar, onderskei, leer om te loop en te praat. Gewigstoename vind radikaal plaas, maar dit is ook die tydperk waarin primêre grondslae gelê word vir die vorming van sy gewete, lewensnorme, waardemeting en waardebepaling. Dit is die fase waarin die kind se persoonlikheid ontwikkel sowel as sy lewensbeskouing, geloofsoortuiging en godsdienssin.

Die wêreld en dinge rondom die kind het 'n neerslag in sy binneste. Hierdie neerslag is die boustene vir sy hele persoonlikheid en latere lewensuitinge. Die kleuter pas hom volkome aan in die milieu waarin hy hom bevind en daardeur word die grondpatroon van sy lewe gelê.

#### 3.1.1.3 Die belang van die kerk by hierdie ontwikkelingsfase

Dit is die fase waarop die kerk met erns moet ingryp, want "by hierdie periode van fondamentlegging moet die kerk teenwoordig wees met sy taak van lering en dié gegewe geleentheid met 'n vaste hand en 'n warm hart aangryp". (Du Plessis, 1972, 7). Die kerk behoort dus deur ingryping toe te sien dat die regte koers vir die kind vorentoe bepaal kan word.

#### 3.1.1.4 Prinsipiële standpunt aangaande die geestelike versorging van die voorskoolse kind

In die eerste instansie is die geestelike versorging van die voorskoolse kind die verantwoordelikheid van die verbondsouer wat kragtens die doopbelofte optree "om hierdie kind as hy tot sy verstand gekom het in die leer te onderrig, of te laat onderrig". Hierdie verpligting is onvervangbaar, daarom sou die "of" eintlik met "en" vervang kon word. Dit is egter in die tweede instansie so dat die voorskoolse kind die voorwerp is van die kategese van die kerk. (Vgl. art. 50 van die Kerkorde). Die implikasie daarvan is dat die godsdienstige onderwysing van die kerk aan die voorskoolse kind op een of ander manier moet plaasvind deur die Junior Kategese, dit wil sê die lerende instelling van die kerk.

#### 3.1.1.5 Wat word beoog met die godsdienstige onderwys van die kerk aan die voorskoolse kind?

Die kerk beoog "die doelbewuste stelselmatige uitvoering van die Doopgelofte aan die verbondskind op direkte en op indirekte wyse." (Du Plessis, 1972, 8). By die doop het beide ouer én kerk belang: die ouers deur die gelofte by die doop as begenadigde kontrakterende party in die genadeverbond en die kerk met die taak van toesighou, leer, lei en vermaan.

Die ouer is die eerste middel wat God in Sy vrymagtige optrede gebruik om Sy genadegawes aan die Verbondskind te verwesenlik. Die opvoeding van die kind in die vrese van die Here is die onvervreembare plig van elke ouer. Die belang van die ouerhuis in die religieuse opvoeding van die kind is onoorskatbaar. Dit is nie slegs die doelbewuste religieuse opvoeding wat so beslissend belangrik is nie, maar ook die religieuse atmosfeer in die ouerhuis wat homself op die kindergemoed afdruk, bv. die liefdevolle maar gesaghebbende stem van die vader. Liefdevolle huweliksharmonie, bewuste verbondsouerskap en daaglikse toegewyde lewe van die ouers het 'n onuitwisbare invloed op die kindergemoed. Maar die ouer mag ook nie nalaat om die huisgodsdiens te sien as deel van die opvoeding van die hele gesin nie. Seker die belangrikste opvoedingsituasie doen hom voor in die aanleer van die kindergebed, waarin die moeder die kind na Jesus kan lei.

Die amptelike taak van die kerk is om die ouer te lei, te bemoedig, toe te rus om die doopgelofte na te kom deur prediking en pastoral sorg. Maar die kerk is ook met die kind in kontak in die direkte aanspreke in die erediens, besondere aandag aan die kind tydens huisbesoek én deur die Junior Kategese.

Ds. J.A. Malherbe van Goudini het tydens 'n Kerkraadskonferensie te Tulbagh, gehou in die jaar 1895, voorgestel dat elke kind vanaf sy vierde jaar in die Sondagskool opgeneem moet word. (Du Plessis, 1972, 9). Sedertdien is daar in sekere Sondagskole 'n kleuter- en wiegafdeling georganiseer (vgl. Aanbeveling van Algemene Sondagskoolkommissie, Sinodale Handelinge, 1966, 285), maar tydens dieselfde sitting van die Algemene Sinode van 1966 is dit afgestem. (Sinodale Handelinge, 1966, 542).

### 3.1.2 Die leerstof van die Junior Kategese

#### 3.1.2.1 Interpretering en ordening van die leerstof

In die lesse vir die kleiner kinders (graad 1 – standerd 1) sowel as vir die groter kinders (sts. 2–4) is daar in die sillabus daarna gestrewe om op die mees eenvoudige wyse moontlik, aan die katkisante in die eerste plek die historiese feite in hoofsaak mee te deel en tegelyk ook die diepe sin, die openbaringswaarhede

bloot te lê in soverre as wat dit vir die kind vatbaar en verstaanbaar is en in soverre die beskikbare tyd, d.w.s. hoogstens dertig lesse per jaar, dit toelaat. (Eloff, 1972, 31).

Die doel van die godsdiensonderrig is om God Drieënig te ken, lief te hê en te dien. Daarom is dit ook die doel en uitgangspunt van die sillabus en ook die doel wat met elke les bereik wil word. (Eloff, 1972, 31). Die sillabus gaan ook uit van die erkende opvoedkundige beginsel nl.: om eers te kom by die geheel, en dan te gaan na die dele, en dan weer terug na die geheel. (Viljoen, 1972, 11).

Die sillabus vorm twee ontplooiende fases, waarvan die tweede die eerste aanvul en uitbou. Die konsentriese siklusmetode is dus die metode waarvan hier gebruik gemaak is. By die kleinder kinders (gr. 1–std. 1) is by die keuse van die leerstof veral gebruik gemaak van die psigologiese metode. Skrifverhale is derhalwe in hoofsaak gekies om by die kleiner kinders se belangstelling en begripsvermoë te pas. In hierdie sillabus is die leerstof die Bybel, d.w.s. Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese geskiedenis, waarvan die inhoud in die eerste konsentriese sirkel die geskiedenis uit blote temas bestaan, terwyl in die tweede sirkel ook begin word om die chronologiese verband aan te dui. In beide gevalle word daar op eenvoudige wyse 'n begin gemaak om Openbaringsmomente uit te lig – dit wil sê 'n begin van leerstellig onderrig. Vanweë die tydsprobleem in die kategetiese jaar, kan daar uit die aard van die saak hoofsaaklik oor die hoogtepunte in die openbarings-geskiedenis gehandel word, terwyl daar in die behandeling van die leerstof uit die Ou Testament en die Nuwe Testament die Christosentrisiteit van die Skrif in gedagte gehou moet word. (Vgl. Viljoen, *Die Kindervriend,* 1972).

### 3.1.2.2 Die leerstof vir Junior Kategese

Vir 'n volledige uiteensetting vergelyk *Die Kindervriend,* Eerste Kwartaal 1972, pp. 83–40.

### 3.1.3 Leerstof vir die Senior Kategese

#### 3.1.3.1 Interpretering en ordening van die leerstof

Volgens die Algemene Sinode van 1966 dra die Sinode "dit aan sy Algemene Jeugkommissie op om dit ernstig te oorweeg om naas die Kort Begrip ook die Heidelbergse Kategismus in sy geheel in uitgawes van die erkende katkisasieboeke te laat opneem". (Sinodale Handelinge, 1966, 543). Tydens die Algemene Sinode van 1970, is die volgende aanbevelings ten opsigte van die opstel van 'n nuwe sillabus gedoen:

- Die kategetiese leerstof moet leerstellig wees en opvoedkundig-sielkundig aansluit by die handboeke van 6–11 jaar.

- Die leerstof moet gegradeerd aangebied word met die oog op leerlinge van ongeveer 12–16 jaar. (Sts. 5–9).

- Die basiese leerstof moet die Bybel wees en die Drie Formuliere van Enigheid. Waar in die Junior Kategese hoofsaaklik die feite van die Bybelgeskiedenis behandel is, moet nou oorgegaan word na die eintlike sin en betekenis van die Bybelgeskiedenis as Openbarings- en Verbondsgeskiedenis.

- Bykomende leerstof is Kerkgeskiedenis, kerkregering, dwaalleringe en sektes en die pligte van die lidmaat.

- Die leerstof moet eenvoudig, duidelik en helder wees met gebruikmaking van taal wat vir die kind verstaanbaar is en met gebruikmaking van voorbeelde wat eie is aan die tyd waarin die kind leef.

- Die leerstof moet aktueel wees, dit wil sê daar moet rekening gehou word met dwalinge en gedagterigtinge van ons tyd. Geloofswaarhede moet positief aangebied word, maar tegelyk ook die antitese met die dwalinge van vandag, bv. die nuwe vrysinnigheid as uitvloeisel van die humanisme en liberalisme.

- Vir spesifieke leerstellige onderrig moet die Heidelbergse Kategismus as uitgangspunt gebruik word, terwyl die ander twee belydenisskrifte koördinerend en aanvullend deeglik bygewerk word.

In st. 5 word dus gekom tot 'n geheelbeeld wanneer die feitelike gegewens ontleed word as Openbarings- en Verbondsgeskiedenis, maar dit is nog ongesistematiseerd in die sin dat die orde van die Skrif gevolg word. In st. 6 word die kind werklik eers met gesistematiseerde leerstof gekonfronteer, d.w.s. vir 13, 14 en 15-jarige katkisante. Hier word die Heidelbergse Kategismus op die spoor gevolg, as die erkende metode van sistematisering. Die ander belydenisskrifte word aanvullend gebruik, terwyl relevante afwykende beskouings uitgewys word. Die stof van die Kategismus leen hom tot progressiewe afhandeling daarvan, d.w.s. om alhoemeer ingewikkelde begrippe aan die kind voor te hou.

Die Kategismus self word behandel na aanleiding van die bekende drie-indeling, nl. Ellende, Verlossing en Dankbaarheid. Die aksent val vir 'n bepaalde jaar op 'n bepaalde afdeling, sonder dat die geheel uit die oog verloor word. Daar moet dus voortdurend wisselwerking wees tussen dit wat reeds behandel is, dit wat op die oomblik behandel word en dit wat nog behandel moet word. Op sestienjarige ouderdom word dan weer by die geheel uitgekom wanneer die leraar nie alleen die kategismus saamvat nie maar ook ruimskoots kan teruggryp na die openbarings- en verbondsgeskiedenis wat in st. 5 behandel is. (Viljoen, 1972, 12).

Die leerstellige stof word sistematies aangevul met noodsaaklike agtergrondskennis, wat ook versprei word oor die betrokke jare volgens die bevatlikheid van die kind en volgens die aard van die leerstof.

### 3.1.3.2 Die leerstof

**St. 5 – 12-jarige kinders**

- Die ontstaan en betekenis van die Bybel – in hoofsaak en eenvoudig.

– Die Bybel as openbarings- en verbondsgeskiedenis – in hooftrekke met die oog op 'n totale perspektief as afronding van die Junior-kategetiese leerplan en as basis van die verdiepte leerstellige onderrig wat volg.

**St. 6 – 13-jarige kinders**

– Die Heidelbergse Kategismus – met spesiale toespitsing op die eerste deel, nl. sonde en ellende, maar met 'n saaklike vooruitwysing en verbandlegging t.o.v. "Verlossing" en "Dankbaarheid" en met bywerking van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse leerreëls waar ter sake.

– Algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis.

**St. 7 – 14-jarige kinders**

– Die Heidelbergse Kategismus met spesiale toespitsing op die tweede deel, nl. Verlossing, maar met 'n oorsigtelike verbandlegging t.o.v. "sonde" en "dankbaarheid".

– Liturgie (die erediens).

**St. 8 – 15-jarige kinders**

– Die Heidelbergse Kategismus met spesiale toespitsing op die derde deel nl. "dankbaarheid", maar met oorsigtelike verbandlegging t.o.v. "sonde" en "verlossing".


– Die kerkregering.

**St. 9 – 16-jarige kinders (belydenisklas)**

– Samevattende oorsig van die hele Heidelbergse Kategismus, met bywerking van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse leerreëls waar nodig.

– Die pligte van die lidmaat.

**3.1.3.3 Skematiese voorstelling van die kategesesillabus in die Nederduits Gereformeerde Kerk. (Vgl. Viljoen, in *Onderrig uit die Woord,* 1974, 60).**



## 3.2 Die Gereformeerde Kerk. (Vgl. Algemene Katkisasielesblad, 1975)

### 3.2.1 Interpretering en ordening van die leerstof

Die vordering van die kind in die openbare skool bepaal die leerinhoud van die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerk. Kinders bly vir twee jaar in dieselfde "klas". Indien 'n leerling 'n skoolstanderd druip, "druip" hy nie outomaties ook in die katkisasie nie.

Indien die omstandighede dit vereis, nl. waar die getal katkisasiekinders klein is, en dit nie prakties moontlik is om die kinders in standerds te verdeel nie, kan die verdeling soos volg plaasvind:

- Voorskools en die eerste skooljaar in een klas
- Tweede skooljaar, st. 1 en st. 2 in een klas
- Standerds 3 en 4 in een klas
- Standerds 5 en 6 in een klas
- Standerds 7 en 8 in een klas
- Belydenisklas

Groter kombinasies ter wille van minder klasse is ook moontlik. Waar gekombineer word, kan die werk roterend aangebied word. "By die indeling van kinders in klasse moet as ideaal gesien word 'n klas per ouderdomsjaar. Dit het ook die voordeel van kleiner klasse ter wille van indiwiduele aandag, veral waar die beskikbare tyd gewoonlik maar 'n halfuur is. Vir groepering van jare moet slegs in gevalle van noodsaak meer as twee ouderdomsjare saamgevoeg word". (Sinodale Handelinge, 1967, 546).

Kinders, voorskools en tydens die eerste skooljaar doen dieselfde werk. Dit het dié voordeel dat kinders wat eers gedurende die eerste skooljaar die katkisasie bywoon, nie 'n jaar verloor het nie. Vir die ander kan herhaling net voordelig wees. Die sillabus maak voorsiening vir telkense herhaling van die Bybelse geskiedenis gedurende 'n nuwe jaar, veral by kleiner kinders.

Memorisering van Skrifgedeeltes, Psalmverse en Skrifberymings word aangepas by die Bybelgeskiedenis wat behandel word, asook by die ontwikkeling van die kind. Die kategeet of hulpkategeet sal telkens die verband moet aantoon.

Teen die einde van st. 2 is die Bybelgeskiedenis in hooftrekke reeds vyfmaal deurgewerk. Sover doenlik pas die gekose gedeeltes aan by die leeftydsvlak van die kind. Vanaf st. 3, wanneer die kind eers werklik 'n begrip van chronologie het, word die Bybelgeskiedenis in besonderhede behandel, sodat dit drie jaar duur om weer die geskiedenis van die Godsopenbaring deur te werk, waarna dit in die daaropvolgende drie jaar weer deurgewerk word. In st. 7, 8, en 9 word gedurende elke jaar Ou sowel as Nuwe Testament behandel.

Die Kerkgeskiedenis word in st. 8 onderrig. "Die belang van die Kerkgeskiedenis vir die kategese is om te toon hoe God deur Sy Woord en Gees die ware kerk vergader; en hoe die ware kerk steeds in handhawing van die belydenis moet reformeer teen die neiging tot die dwalinge van die valse kerk in. Daarom is alleen die groot lyne en veral dié van die dogmageskiedenis van belang en moet te veel detail vermy word". (Sinodale Handelinge, 1967, 545).

Die Bybelgebeure, met die klem op Godsopenbaring wat in standerds 7, 8 en 9 behandel word, moet rekening hou met die unieke eie aard van die Bybel, sy gesag as die lewende Woord van God. (Vgl. ook Sinodale Handelinge, 1967, 545).

Die Heidelbergse Kategismus (deel II, die blou boekie) word in drie jaar (st. 5, 6 en 7) vraag vir vraag deurgewerk, waarna die Kategismus in een jaar (st. 8) aan die hand van die werk van ds. M.J. Booyens (*"Laat my lammers wei"*) of ds. Z.C. Grobler (*"Kategismusanalise"*) deurgewerk word. Die finale deurwerk van die Kategismus (soos in die Psalmboek opgeneem) geskied in die belydenisklas (of st. 9). Dit kan ook aan die hand van *"Die leer van ons kerk"* van dr. K.S. van Wyk de Vries behandel word. Die Belydenisskrifte mag egter nooit as 'n selfstandige grootheid bo die Skrif gehanteer word nie. Dit moet steeds die naspreke van die Skrifopenbaring bly. Aangesien die Heidelbergse Kategismus tradisioneel die leerboek van die kategese is, wil dit nie sê dat die ander belydenisskrifte tersyde gelaat mag word nie. "Uiteindelik moet in die Belydenisklas gekom word tot 'n tetiese

uiteensetting van die geloofsleer in 'n samevatting van die Drie Formuliere van Eenheid". (Sinodale Handelinge, 1967, 545).

Die rooster, soos in die Katkisasielesblad van 1975 aangedui, gaan van die gedagte uit dat twee lesperiodes per week in Standerds 8 en 9 gebruik word. Indien die kategese langer sou duur as waarvoor in die lesblad voorsiening gemaak word, word na afhandeling van die werk daarin voorgeskryf, 'n eie rooster gevolg. Lesse wat as gevolg van vakansienaweke en Nagmaalsondae in die slag bly, moet deur middel van huiskatkisasie of andersins afgehandel word.

3.2.2 **Die leerstof.** (Vgl. Algemene Katkisasielesblad 1975).

### 3.2.3 Skematiese voorstelling van die leerstof

| Skooljaar | Klas | Leerstof |
|---|---|---|
| Voorskoolse en eerste Skooljaar | KLAS 1 | Ou Testamentiese Bybelgeskiedenis: Die Skepping – Dawid |
| | | Nuwe Testamentiese Bybelgeskiedenis: Geboorte van Jesus – Pinkster |
| | | Memorisering van Bybelverse |
| Tweede Skooljaar | KLAS 2A | O.T. Bybelgeskiedenis: Skepping. Daniël in die Leeukuil |
| | | N.T. Bybelgeskiedenis. Geboorte van Jesus Christus - Paulus lei skipbreuk. |
| | | Memorisering van Bybelverse |
| Standerd 1 | KLAS 2B | O.T. Bybelgeskiedenis: Adam en Eva – Nebukadnesar kranksinnig |
| | | N.T. Bybelgeskiedenis: Kindermoord en vlug – Cornelius |
| | | Memorisering van Bybelgedeeltes en Psalms (Berymd of andersins) |
| Standerd 2 | KLAS 3A | O.T. Bybelgeskiedenis: Die Skepping – Jona |
| | | N.T. Bybelgeskiedenis: Jesus as Kind – Pinkster |
| | | Memorisering van Bybelverse en Berymde Psalms |
| Standerd 3 | KLAS 3B | O.T. Bybelgeskiedenis – Kronologies Behandel: Die Bybel – Kanaän ingeneem |
| | | Heidelbergse Kategismus, deel I (rooi boekie) Vraag 1–93 |
| Standerd 4 | KLAS 4A | O.T. Bybelgeskiedenis (Kronologies): Die Rigters – Juda word weggevoer |
| | | Heidelbergse Kategismus, deel I (rooi boekie) Vraag 94–197 |
| Standerd 5 | KLAS 4B | Voortsetting van O.T. Bybelgeskiedenis: Juda in Ballingskap – Ballingskap tot Christus |
| | | Begin met N.T. Bybelgeskiedenis: Profesie oor die Messias – Afskeid van Galilea |
| | | Heidelbergse Kategismus, deel II (blou boekie) vraag 1 – 39 |
| Standerd 6 | KLAS 5A | N.T. Bybelgeskiedenis: Op die Loofhuttefees – Afsluiting v.d. Goosopenbaring |
| | | Heidelbergse Kategismus, deel II (blou boekie) Vraag 40–77 |
| Standerd 7 | KLAS 5B | Openbaringsgeskiedenis v.d. O.T. en N.T. Skepping - Jesus in Nasaret (Tematies) |
| | | Heidelbergse Kategismus, deel II (blou boekie) Vraag 78–114 |
| Standerd 8 | KLAS 6A | Openbaringsgeskiedenis van die O.T. en N.T.: Tyd v.d. Rigters – Verheerliking op Berg (Tematies) |
| | | Kerkgeskiedenis (Beknop) tot Gesk. van Geref. Kerk |
| | | Inleiding tot die Bybelboeke: Genesis - Amos |
| Standerd 9 (Belydenisklas) | KLAS 6B | Openbaringsgeskiedenis v.d. O.T. en N.T.: Die Konings – Paulus: Jerusalem tot Rome (Tematies) |
| | | Nedelandse Geloofsbelydenis (Psalmboek) Artikels 1 - 37 |
| | | Heidelbergse Kategismus: Sondag 1 36 |
| | | Inleiding tot die Bybelboeke: Obadja Openbaringe |
| | | Dordtse Leerreëls (Ken en Vertrou): Les 7 - 14 |

## 3.3 Die Nederduitsche Hervormde Kerk

### 3.3.1 Interpretering en ordening van die leerstof

Katagese is opdrag aan die kerk en daarom moet die kerk self die stof van die kategese bepaal. Kategese is gestalte van die kerklike verkondiging en daarom sal die wese van die kerk altyd in die oog gehou moet word met die bepaling van die stof. (Hagenbeek, 1947, 115; vgl. ook Beukes, 1974, 219). Met die oog hierop en gedagtig aan die doel van die kategese, nl. "om die jeug van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree te onderrig aangaande die leer van die kerk en die betekenis van hulle dooplidmaatskap van die kerk waarin hulle opgeneem is deur die Doop, om hulle voor te berei vir die openbare belydenis van geloof, vir die deelname aan die heilige Sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en die van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder" (Notule Algemene Kerkvergadering, 1967, 251), kan die leerstof niks anders wees nie "dan die Heilige Schrift, die aan die kerk is toevertrouwd. En gegeven het feit dat de Heilige Schrift aan de kerk is toebetrouwd, sluit de behandeling van haar als leerstof in de behandeling van de Kerkelijke belijdenis. En aangezien de belijdenis voor een groot deel te danken is aan de polemiek van de Kerk met de wereld, zal het nodig blijken de historische achtergrond van dit gesprek duidelik te maken, de leerstof voor die catechisatie kan niet anders zijn dan: die bijbelse geschiedenis, de belijdenisgeschriften en de kerkgeschiedenis'. (Van Nie, s.j., 36).

Die kategese in die Nederduitsch Hervormde Kerk het as kern en vertrekpunt die Heidelbergse Kategismus, want die Kategismus is die gesistematiseerde insnyding (vgl. *Luk.* 6:48) en inskerping (*Deut.* 6:7) van die wortelfeite van die Woord van God – dit is die dogmatiese verwerking van die Bybelfeite en is ook die oudste bestanddeel van die kategetiese stof. Dit wil dus sê dat sowel aan bybelse as dogmatiese stof aandag gegee moet word. "Die Heidelbergse Kategismus kan geneem word as vertrekpung en daarby kan die ander twee (Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse leerreëls, W.L.J.v.R.) se stof ingewerk word sodat uiteindelik die ganse belydenis en leer van die kerk ter sprake sal wees". (Beukes, 1974, 227).

Sedert 1962 is die Kort Begrip in die Nederduitsch Hervormde Kerk dus vervang met die Heidelbergse Kategismus by die katkisasie van die finale jaar. Sedertdien is met die Kategismus op 'n vroeër stadium in die lewe van die kind begin (tans op sewejarige ouderdom). Algaande is die Kategismus egter in 'n veranderde vorm aan die kinders geleer. Tans word dit aangebied as Geloofsleer (vgl. Van der Westhuizen, 1973), wat bestaan uit kernstukke aan die hand van die Heidelbergse Kategismus.

Die geloofsleer word in elke les aangevul met die Bybelgeskiedenis en die Kerkgeskiedenis. Die aanbieding van die kategese strek vanaf die 7e jaar tot 15e jaar. Op 16-jarige ouderdom vind die finale afronding vir die openbare geloofsbelydenis plaas, met besondere aandag aan die Belydenisskrifte, Kerkwet en die kerklike praktyke van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Opmerklik is dat die leerstof slegs op grond van die ouderdom van die kind ingeklee word en nie ook soos by die ander twee kerke, aangepas word by die ontwikkeling by die dagskool nie.

Die leerstof word aangebied volgens die konsentriese herhalingsmetode met Christus as die altyd-belangrike KERN waarom alles gaan. Gewyde sang vorm 'n integrale deel van die kategetiese gebeure.

In sommige gevalle bestaan die sillabus uit 34 weeklikse lesse (vgl. 7-, 8-, 10-, 11-, 13- en 14-jariges) en in ander gevalle 37 weeklikse lesse (vgl. 9-, 12- en 15-jariges). Hierdie vier ekstra weke is bedoel vir die hersiening van moeiliker gedeeltes. (Vgl. Van der Westhuizen, 1973, pp. 7–15).

In 'n persoonlike gesprek gevoer met dr. M.J. du P. Beukes, predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Newlands, Johannesburg, en ook tans lid van die Raad vir Kategese, bestaan daar onoorkomelike probleme met betrekking tot die leerstofuiteensetting van Van der Westhuizen. Die grootste probleem lê opgesluit in die feit dat waar daar noue skakeling gesoek word tussen die drie komponente nl. Geloofsleer, Bybelse Geskiedenis en Kerkgeskiedenis, hierdie skakeling glad nie in gedagte gehou is nie. Byvoorbeeld, by die sewejariges moes daar op die derde Sondag van Januarie die volgende teks geleer word:- Julle behoort aan Christus –

1 *Kor.* 3:23. Aansluitend hierby moet die Bybelse Geskiedenis behandel word wat handel oor die skepping – *Gen.* 1 en 2. (De Wet, 1971, 7). In die Kerkgeskiedenis word die kerk aan die Kaap gedurende die Nederlandse Tyd behandel, nl. Afdeling 11 hoofstuk 1.1. (Pont, 1970, 4). Uit die aard van die saak beteken dit dat daar geen korrelasie van leerinhoude is nie. Verder is dit ook nie pedagogies-didakties verantwoordbaar nie en hou dit nie rekening met die ontwikkelingspeil van die sewejarige kind nie.

Talle vertoë wat deur die kerk in hierdie verband tot die Raad vir Kategese gerig is maak die huidige situasie van die kategetiese onderrig in die Nederduitsch Hervormde Kerk nog hangende en word daar deur die Raad vir Kategese besin oor die aangewese weg wat gevolg moet word.

Konkluderend kan die leerstof aangedui word as Geloofsleer met die Heidelbergse Kategismus as uitgangspunt (vgl. Van der Westhuizen, 1973); die Ou en Nuwe Testamentiese Bybelse Geskiedenis (De Wet, 1971) en die Kerkgeskiedenis (Pont, 1970) wat integrerend by die Geloofsleer bygewerk word. Die leerstof word algaande vermeerder hoe ouer die kind word.

## 4. Gevolgtrekking

### 4.1 Is daar by die onderskeie kerke ontwikkeling met betrekking tot die kategetiese onderrig te bespeur?

#### 4.1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Dit is duidelik dat daar by die Nederduitse Gereformeerde Kerk wel duidelik 'n ontwikkeling in die kategetiese onderrig deur die jare plaasgevind het. Die gedagte van "Sondagskool" het by implikasie prinsipiële wanbeskouings laat posvat in weerwil van De Villiers se beskouing in dié verband. (De Villiers, 1957, 301; vgl. ook 1.2 van hierdie hoofstuk). Die wegbreek van die idee van "Sondagskool" is bewys van die ontwikkeling wat wel plaasgevind het – dié ontwikkeling is ten goede, want waar die doel van die Sondagskool aan die beginjare gesien is as "die bekering van kinders", het die kerk nou op Sinodale vlak vir homself prinsi-

pieël die wese van die kategetiese onderrig as amptelike kerklike onderrig met die doel die vorming van lewende lede van die kerk (vgl. 2.1.1 van hierdie hoofstuk; vgl. ook 2.1.3 van hierdie hoofstuk) uitgemaak. Die doelstelling by die Sondagskool as "bekering van kinders" het ongetwyfeld óok begrippe soos "aanneming" en "voorstelling" in die kerk laat posvat. Tydens die Algemene Sinode van 1970 is hierdie terme gewysig sodat dit aanpas by die werklike doelstelling van die kategetiese onderrig. (Sinodale Handelinge, 1970, 376).

De Villiers noem dat daar tye in die Nederduitse Gereformeerde Kerk was toe die amptelike karakter van die kategetiese onderrig nie tot sy reg gekom het nie, omdat die kerk sy eie verantwoordelikheid te veel in die hande gelaat het van ander organe, nl. die ouer en onderwyser. (De Villiers, 1957, 342). Deur die deeglike besinning van die kerk in dié verband, kan die wesenstruktuur van die kategetiese onderrig tans as die amptelike werk van die kerk uitgesonder word.

### 4.1.2 Die Gereformeerde Kerk

Die aanvanklike gedagte sedert die herstigting van die Gereformeerde Kerk was 'n oorwegend godsdienstige opvoeding deur die stigting van gereformeerde skooltjies. Spoedig is die kategetiese onderrig egter, veral met die totstandkoming van die neutrale skool, teruggekanaliseer na die Kerk. (De Wet, 1943, 55). Verbondsonderrig het dus reeds baie vroeg in die bestaan van die kerk die amptelike werksaamheid van die kerk geword. (De Vries, 1959, 79).

Geen prinsipiële dwalings is in die loop van die geskiedenis van die kerk aanwysbaar nie, derhalwe kon die kerk van die begin af ongehinderd groei. Dit lyk asof die worsteling van die Gereformeerde Kerk aan die begin, veral ten opsigte van die tekort aan predikante, by hom die besef laat ontstaan het dat die enigste behoud van die kerk die sinvolle onderrig van sy kinders in die leer van die kerk was.

### 4.1.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Aanvanklik was die kategetiese onderrig grotendeels in die hande van die huisgesin — hoofsaaklik weens die tekort aan predikante aan die beginjare. Aan die begin

van die huidige een word daar egter in die meeste gemeentes 'n Sondagskool aangetref, hoewel daar nog geen koördinasie in die Sondagskoolarbeid was nie. Daar het byvoorbeeld geen gemeenskaplike leerplan bestaan nie. Pogings om in 1912 so 'n lesrooster die lig te laat sien, het misluk en moes daar van lesroosters van ander kerke gebruik gemaak word. Eers in 1916 is die Sondagskoolarbeid gekoördineer en op vaste grondslag geplaas. Tydens die Sondagskoolkonferensie van 1918 is positief hierop voortgebou.

Hoewel die term "Sondagskool" in die Nederduitsch Hervormde Kerk tot en met 1970 gebruik is, is daar in 1916 ongetwyfeld bewys gelewer dat die kerk nie prinsipieël dwaal nie deur die doel van die Sondagskool onomwonde te stel as: kennis van God en sy Woord, liefde vir Sy diens as getroue, belydende lidmate. (Notulen Algemeene Vergadering, 1916, 34).

### 4.2 "Groei" die kerke die afgelope tyd weg van mekaar af, of beweeg hulle nader aan mekaar?

Die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die drie Reformatoriese Afrikaanse kerke toon ongetwyfeld 'n beweging nader aan mekaar. Die prinsipiële beskouing aangaande die kategetiese onderrig hang nou saam met die historiese ontwikkeling van die onderskeie kerke. Soos reeds aangetoon, het daar wel prinsipiële dwaling bestaan met betrekking tot die doel van die kategetiese onderrig by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, maar soos by die ander twee kerke word die doel tans gesien as die werking, onderhouding en uitbouing van die geloof by die verbondskind, d.w.s. tot lewende lede van die kerk.

Histories gesien was daar by die Nederduitse Gereformeerde Kerk weinig onderskeid gemaak tussen amptelike en nie-amptelike kategetiese onderrig. Dieselfde geld ook vir die Nederduitsch Hervormde Kerk wat hom weens moeilike beginjare moes verlaat op die onderrig van die huisgesin. Die Gereformeerde Kerk het aanvanklik met dieselfde probleem te kampe gehad, nl. te min predikante. Daarom het die kerk sy amptelike onderrig aan gereformeerde skole oorgedra. In aldrie gevalle het die liberale neiging in die onderwyswette van 1839 en 1865, die kategetiese onderrig na

die kerk toe terug gekanaliseer. Die kerk word derhalwe sedertdien as subjek van die kategetiese onderrig gesien, terwyl die objek die dooplidmaat is, d.w.s. die verbondskind. Histories-prinsipieël gesien was en is die leerstof nog steeds in aldrie gevalle, hoofsaaklik die Heilige Skrif, die belydenisskrifte en die Kerkgeskiedenis.

Hieruit is dit duidelik dat, hoewel prinsipiële verskille aanvanklik bestaan het, daar prinsipieël sowel as materieël groot ooreenkomste bestaan.

Uit die volgende hoofstuk sal dit duidelik blyk dat aldrie kerke ook 'n uniforme probleem het, nl. die gebrek aan sinvolle, pedagogies-didakties verantwoordbare kategetiese onderrig soos bewys deur waarnemings uit die praktyk.

## 5. Samevatting

Histories-prinsipieël gesien, word die oorsprong van die kategetiese onderrig reeds vroeg in die Ou Testament aangedui, terwyl die apostoliese kategese sy beslag kry in die kerk se konfrontasie met die heidendom. Die kategese moes dus dien om die proseliet in die Christedom in te lei. Sedert die Reformasie word die katagese weer in verband gesien met die sakramente en met die Bybel as sentrale leerstof.

Die ontwikkeling van die kategetiese onderrig in die drie Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika hang nou saam met die historiese ontwikkeling van dié kerke. Prinsipieël het die beskouing van dié drie kerke met betrekking tot die kategetiese onderrig ontwikkel tot die beskouing: kategese is kerklike onderrig met die doel om die onmondige lidmaat tot mondigheid en aflegging van die belydenis te bring.

By die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Gereformeerde Kerk het die leerinhoud van die kategese, t.o.v. omvang, ordening, ens., 'n redelike mate van geyktheid en finaliteit bereik waarop vrugbaar voortgebou kan word. Die Nederduitsch Hervormde Kerk, met die Raad vir Kategese aan die voorpunt, is tans nog besig om te orden en te sistematiseer.

Die leerinhoud is tans in 'n groot mate opvallend identies by die drie Afrikaanse kerke. Gaandeweg is daar deur die jare, wat die leerinhoud en leerstofordening betref, steeds nader aan mekaar beweeg.

# HOOFSTUK IV

## DIE ONDERLEGDHEID VAN DIE KATEGEET EN SY HULPKRAGTE EN DIE GESLAAGDHEID VAN DIE ONDERRIG AAN DIE DOOPLIDMAAT

### 1. Doel

**Die doel van hierdie hoofstuk is:**

1.1 aanduiding van die sillabusse wat by die onderskeie teologiese opleidingsentrums gebruik word ten einde teologiese studente voor te berei vir die kategese. Hierdie gegewens is verkry deur gesprekke te voer met die professore wat verantwoordelik is vir die komponent Kategetiek aan die Universiteite van Potchefstroom, Pretoria (afdelings A en B) en Stellenbosch. In die afleidings wat uit hierdie gegewens gemaak word, word die oorsprong van die misstande met betrekking tot kategetiese onderrig aangedui. Dit is die vertrekpunt van die kategetiese onderrigproblematiek;

1.2 aanduiding van die didaktiese onderlegdheid van die kategeet en sy hulpkategete gestaaf met menings van 'n aantal kategete;

1.3 aanduiding van die doeltreffendheid van die leiding van die katkisant van dooplidmaatskap tot belydende lidmaatskap deur die kategeet;

1.4 om na aanleiding van enkele menings van kategete, die noodsaaklikheid van die opleiding van hulpkragte met betrekking tot die psigologie van die volwassewordende kind, aan te dui;

1.5 om aan te dui of die kategetiese onderrig aan die kind hom eties gereed gemaak het vir volwaardige burgerskap van ons land en uiteindelik tot burgerskap van die Koninkryk van God;

1.6 om die behoefte wat by die kategeet bestaan om kennis te bekom in die Opvoedkunde, in besonder die Didaktiek, aan te dui;

1.7 om aan te dui of elke faset van die kategetiese onderrig, naamlik Bybelkennis, Openbaringsgeskiedenis, Geloofsleer, Sedeleer en Kerkgeskiedenis, sy regmatige plek beklee in aldrie die Afrikaanse kerke;

1.8 om aan te dui dat die predikante oor die algemeen tevrede is met die wyse waarop die kategetiese onderrig in hulle gemeentes plaasvind;

1.9 om die menings van enkele predikante in te win aangaande metodes, indien enige, wat deur hulle aangewend word om die onderrig in hulle gemeentes beter te laat funksioneer.

## 2. Verantwoording van metode

2.1 Hierdie ondersoek maak nie daarop aanspraak om 'n wetenskaplik-empiriese ondersoek te wees nie. Dit is eerder konstatering en aanduiding van tekortkominge in die kategetiese onderrig wat met enkele voorbeelde uit die praktyk gestaaf word.

2.2 Om die gestelde doel te verwesenlik (vgl. 1.1 van hierdie hoofstuk) is vier professore in die Kategetiek, nl. prof. D.W. de Villiers en prof. J.J. de Klerk, albei van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, prof. J.I. de Wet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en prof. P.W. Buys van die Gereformeerde Kerk, genader om die sillabusse wat gebruik word by die opleiding van teologiese studente in die Kategetiek te verkry.

2.3 Die aangeduide tekortkominge in die kategetiese onderrig word gestaaf met menings van nege predikante in nege gemeentes van elk van die genoemde kerke. Uit die aard van die saak wil die meningsopname nie die katkisante toets nie.

2.4 Om die meningsopname enigermate verteenwoordigend en verantwoordbaar te maak, is daar gepoog om antwoorde te verkry van leraars van dwarsoor die Republiek asook antwoorde wat plattelandse en stedelike gemeentes betrek.

Daar is gepoog om sover moontlik aldrie kerke in een besondere dorp of stad verteenwoordig te kry. Slegs in enkele gevalle moes van 'n antwoord van 'n gemeente uit 'n ander dorp of stad gebruik gemaak word. Die volgende uiteensetting geld vir aldrie kerke:

| | | |
|---|---|---|
| Plattelandse gemeentes | 4 ) | 9 |
| Stedelike gemeentes | 5 ) | |
| Transvaal | 2 ) | |
| O.V.S. | 2 ) | |
| Kaapprovinsie | 2 ) | 9 |
| Natal | 2 ) | |
| S.W.A. | 1 ) | |

Predikante is met behulp van Jaarboeke, Almanakke, ens. uitgesoek, en die vraelys is per pos aan hulle gestuur. Aanvanklik is vyftien vraelyste per kerk beplan. Predikante het egter so swak gereageer dat uiteindelik slegs nege vraelyste van elke kerk gebruik kon word.

2.5 Vir die doel van die ondersoek sou 'n vraelys aan elke gemeente behorende aan die drie kerke nie net 'n ontsaglik groot, maar onnodig omvangryke taak wees. Om dieselfde rede is die vraelys nie aan elke hulpkrag in die drie onderskeie kerke beskikbaar gestel nie. Die vraelys is slegs bedoel om die teoretiese besinning aangaande kategetiese onderrig met tendense uit die praktyk te bevestig.

2.6 Die vraelys is in vier hoofkategorieë verdeel, nl. vrae direk aan die kategeet; vrae aan die kategeet aangaande die pedagogiese bekwaamheid van die hulpkragte, vrae betreffende die geslaagdheid van die onderrig aan die katkisant en vrae met betrekking tot die eie mening waarin die kategeet sy oplossing van die probleem ten opsigte van geslaagde kategetiese onderrig aan die katkisant, inhoudelik sowel as metodologies, weergee.

## 3. Sillabusse vir Kategetiek by die opleiding van studente in die Teologie

Die vertrekpunt in die poging om die teoretiese besinning (vgl. 2.5 van hierdie hoofstuk) met tendense uit die praktyk te bevestig, is geleë in die opleiding van die predikant wat amptelik die enigste kategeet van die kerk is.

**3.1 Sillabus: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (prof. dr. J.I. de Wet)**

Die volgende sillabus wat by wyse van hooftemas aangedui word, is 'n tweejarige kursus wat gedurende die tweede en derde jaar van die teologiese opleiding aangebied word.

**3.1.1 Die Bybelse fundering van die kategese:**

die kategese as gestalte van die kerk se verkondiging

3.1.1.1 Die aard van kategese

3.1.1.2 Die doel van kategese

**3.1.2 Formele deel van die kategese**

3.1.2.1 Vorm van die kategese

3.1.2.2 Metode waarop die voltrek moet word.

**3.1.3 Leerstof van die kategese**

3.1.3.1 Handboekies (vgl. De Wet, 1971; Pont, 1970; Van der Westhuizen, 1973).

2.1.3.2 Aanvullende bywerk van onder andere die belydenisskrifte, die kerkwet, formuliere, sektes en afdwalinge.

**3.1.4 Die kategeet en katkisant**

**3.1.4.1 Die kategeet**

- As bedienaar van die Woord
- Die kategeet bygestaan deur ampsdraers.

- Die ouers se verantwoordelikheid op grond van die doopbelofte.

#### 3.1.4.2 Die katkisant

- Die missionêre (kinders wat tot geloof gelei moet word).
- Die kinders van gelowiges (verantwoordelikheid tot meelewing).

### 3.2 Sillabus: Gereformeerde Kerk (prof. P.W. Buys)

Die tweejarige kursus wat by die Teologiese Skool in Potchefstroom aangebied word, bestaan in breë trekke uit die volgende hoofsake:

- 3.2.1 Die begrip kategese
- 3.2.2 Kategetiek as teologiese vak
- 3.2.3 Kategetiek en die nouverwante nie-teologiese vakke.
- 3.2.4 Hoofmomente in die ontplooiing van die begrip kategese.
- 3.2.5 Die beginsels van die kategese.
  - 3.2.5.1 Die wese van die kategese
  - 3.2.5.2 Die karakter van die kategese
  - 3.2.5.3 Die objek van die kategese
  - 3.2.5.4 Die doel van die kategese
  - 3.2.5.5 Die subjek van die kategese.
- 3.2.6 Die praktyk van die kategese
  - 3.2.6.1 Die leerstof
  - 3.2.6.2 Die metodeleer in verband met die kategese
  - 3.2.6.3 Die organisasie van die kategetiese onderwys.
- 3.2.7 Die metodiek van kategese.

Prof. Buys wys daarop dat daar in hoofsaak gebruik gemaak word van die *Studiegids vir Kategetiek* deur prof. dr. J.P. Jooste, met aanvullings deur homself. (Vgl. Jooste, 1965).

Onder toesig van die professor in Kategetiek moet teologiese studente pal katkisasieklasse waarneem.

### 3.3 Sillabus: Nederduitse Gereformeerde Kerk (prof. D.W. de Villiers van Stellenbosch en prof. J.J. de Klerk van Pretoria)

Met prof. J.J. de Klerk van Pretoria en prof. D.W. de Villiers van Stellenbosch is albei gesprekke gevoer. Die volgende een-en-'n-halfjarige kursus word in Stellenbosch gebruik.

3.3.1 **Wat kategese is** – bring tot kerklike volwassenheid.

3.3.2 **Die subjek** – wie doen dit?
predikant, diaken, ouderling, verbondsouer, skool en ouerhuis.

3.3.3 **Die objek** – die kind

3.3.3.1 Kategese is kerklike onderrig uit die Woord van God aan die jeugdige, asook aan almal wat dit begeer.
3.3.3.2 Die kind gesien vanuit die Christelike antropologie.
3.3.3.3 Die Psigologie as hulpwetenskap.
3.3.3.4 Die Pedagogiek as hulpwetenskap.

3.3.4 **Die metodiek van die kategese**

3.3.4.1 Die leerstof
3.3.4.2 Didaktiek en metodiek
3.3.4.3 Die vereistes wat die objek en die subjek aan die leerstof stel.
3.3.4.4 Alle moontlike metodes
3.3.4.5 Hulpmiddels
3.3.4.6 Die lokaal
3.3.4.7 Praktiese opleiding. Studente moet Sondae katkisasie hou.

## 3.4 Afleidings

### 3.4.1 By die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Uit die gesprek met prof. De Wet het dit geblyk dat die benadering tot die wesenstruktuur van kategetiese onderrig in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, baie sterk op die verkondigingskarakter van die kategese aangelê is, met dié nuansering dat dit "onderrigtende verkondiging" (Beukes, 1974, 125) is.

Dit is opvallend dat, hoewel dr. L.M. Le Roux in 'n referaat wat gelewer is tydens 'n kongres vir Sondagskool en kategese op 11.6.1965 noem dat 'n studie van kindersielkunde baie noodsaaklik is, want "so kom daar beter begrip van die kind" (Le Roux, Kategete Diplomakursus, 64), daar tog nie voorsiening gemaak word vir 'n studie van die psigologie van die kind in die sillabus by die opleiding van teologiese studente nie. Die diplomakursus vir hulpkategete maak ook nie daarvoor voorsiening nie.

Beukes verklaar onomwonde dat die kategese wat sy metode en beginsels betref, nie sonder meer uit die didaktiek of pedagogiek afgelei mag word nie. Die opgaan in die hulpwetenskappe is onmoontlik, want dit gaan hier om 'n onderrig met 'n geheel eie aard. Die doel en uitgangspunt van die kategetiese onderrig verskil van alle wêreldse onderrig. (Beukes, 1974, 125). "Die krag van die Woord lê in die Woord self en is nie opgesluit in die treffende woordkeuse of die voordrag of die persoonlikheid van die bedienaar nie". (Beukes, 1974, 236). Die Pedagogiek en Didaktiek is derhalwe ook nie in oorweging geneem in die sillabus nie (vgl. 3.1 van hierdie hoofstuk). Die vraag wat nou opkom, is: Sou die kerk wat hom bedien van die Pedagogiek, die algemene en besondere Didaktiek, nalaat om die grondige, Skrifgebonde kategese te beoefen en daarmee gevaar loop om in sy belydenis onsuiwerhede en dwaalgedagtes te huisves?. (Vgl. Smit, Voorwoord in Kategete-diplomakursus, 1971).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bied 'n opsionele Kategete-diplomakursus aan oor 'n tydperk van twee jaar waarmee hulpkategete die geleentheid gebied

word om gebrekkige kennis aan te vul. Inskrywings vir die eksamen vind elke jaar gedurende Januarie en Februarie plaas. Die lesings vir hierdie kursus is saamgestel deur die Raad vir Kategese. (Vgl. Kategete Diplomakursus, 1971).

### 3.4.2 By die Gereformeerde Kerk

Prof. P.W. Buys wys daarop dat daar wel aandag gegee word aan die psigologie van die kind – sowel as aan die Pedagogiek – tydens die opleiding van teologiese studente.

Dié opleiding is egter geen voldoende studie van die onderhawige hulpwetenskappe nie hoewel die waarde daarvan nie onderskat word nie. Wat die besondere didaktiek betref, kon gedurende 1974 vier lesings, deur prof. J.H. van Wyk aangebied, ingeruim word om teologiese studente in te lei in die hantering van die leerstof in die lessituasie. Daar moet ook op gewys word dat studente gedurende hulle opleiding kategetiese onderrig moet gee.

Prof. Buys wys verder daarop dat die Gereformeerde Kerk geen opleiding tot dusver aan hulpkategete verskaf het nie. Dat opleiding wel sporadies op inisiatief van Kerkrade plaasvind, is wel waar, maar tot dusver het die kerk nog geen amptelike opleiding geloods nie. Die feit dat predikante wel die noodsaaklikheid van so 'n hulpdiens insien, word waargeneem uit die opmerkings van enkele predikante wat gevra is om hulle menings oor hierdie aangeleentheid te lig (vgl. die vraelys aan predikante in hierdie hoofstuk):- Tydens die jongste Sinode van die Gereformeerde Kerk is aan deputate belas met die kategese, opdrag gegee om 'n metodiek vir kategetiese onderrig op te stel (vgl. Sin. Handelinge van die Gereformeerde Kerk, 1973, 552).

### 3.4.3 By die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die sillabus soos gebruik deur prof. dr. D.W. de Villiers is baie volledig, aangesien voorsiening gemaak word vir elke faset van die kategetiek. In hoeverre hierdie opleiding deurwerk na die gemeentes, word verderaan in hierdie hoofstuk aangetoon deur vrae wat deur enkele predikante beantwoord is. Dit is 'n feit dat die opleiding

van die kategeet in die Nederduitse Gereformeerde Kerk voldoen aan alle vereistes wat moontlik daaraan gestel kan word. Uit die sillabus is dit duidelik dat aandag aan albei die hulpwetenskappe gegee word.

Die kursus aan die kweekskool op Stellenbosch duur 1 1/2 jaar. Die tweede jaar word hoofsaaklik gewy aan die praktiese implementering van die teoretiese gedeelte. Dit bestaan uit praktiese demonstrasies van die lessituasies deur die betrokke professor en die toepassing daarvan deur die studente. Studente moet, net soos in Potchefstroom, kategetiese onderrig gee tydens hulle opleiding. Besoeke word sporadies aan studente gebring met die doel om hulle van raad te bedien.

Gedurende 1973 is dwarsdeur Suid-Afrika, in opdrag van die Algemene Jeugkommissie, kursusse gereël om die nuwe reeks leerboekies vir katkisante en handleidings vir kategete bekend te stel. Daar word voorsien dat in die toekoms elke tweede jaar soortgelyke kursusse gereël sal word met die doel om die nodige voorligting en inligting aan kategete en hulle hulpkragte te bied. Volgens prof. De Villiers is die Algemene Jeugkommissie tans besig om met die Hugenote Kollege te onderhandel om 'n eenjarige korrespondensiekursus vir hulpkategete met dieselfde doel op te stel.

## 4. Die Questionnaire

### 4.1 Inleidend

Die tipes vrae wat aan kategete gevra is kan in drie kategorië verdeel word, naamlik vrae waar slegs van die kategeet 'n "erkenning" of "ontkenning" (*ja* of *nee* in die vraelys) verwag word. Soms is van tabelle gebruik gemaak en ander kere weer van die beskrywende vorm waar 'n geskrewe antwoord van die kategeet verkry is, afhangende van die soort vraag wat gevra is.

Die Questionnaire word in vier hoofkategorieë (vgl. 2.6 van hierdie hoofstuk) behandel.

## 4.2 Vrae gestel aan die kategeet om die geslaagdheid van die kategetiese onderrig aan te dui

### 4.2.1 Tabel $A_1$

#### 4.2.1.1 Verduideliking van tabel $A_1$

(a) Meen die kategeet dat al sy hulpkragte akademies en metodologies toegerus is vir hulle taak?

(b) Meen die kategeet dat die kategetiese onderrig in sy gemeente bevredigend is?

(c) Meen die kategeet dat die gemiddelde belydeniskatkisant genoegsaam onderlê is om 'n verantwoordelike belydenis af te lê?

(d) Meen die kategeet dat belydenisaflegging oor die algemeen vroeër kon plaasvind het?

(e) Meen die kategeet dat die belydende lidmate oor die algemeen te jonk is?

(f) Meen die kategeet dat die verworwe kennis aangaande die Bybel en geloof, die kinders in hulle latere lewe bybly?

(g) Is die gemiddelde katkisant se kennis by belydenisaflegging bevredigend?

(h) Is die kategeet van mening dat die katkisant oor die algemeen insig verwerf het sodat hy dit in sy daaglikse lewe kan toepas?

(i) Voel die kategeet dat hyself genoegsame kennis het met betrekking tot die Opvoedkunge en die Didaktiek.

(j) Meen die kategeet dat die predikant toerusting behoort te ontvang met betrekking tot Kinderpsigologie, Opvoedkunde in die algemeen, Didaktiek (algemeen en besonder), ens.?

## TABEL $A_1$

Die geslaagdheid van die kategetiese onderrig

| | (a) | | | (b) | | | (c) | | | (d) | | | (e) | | | (f) | | | (g) | | | (h) | | | (i) | | | (j) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 27 | 4 | 23 | 0 | 12 | 15 | 0 | 15 | 12 | 0 | 0 | 27 | 0 | 17 | 9 | 1 | 18 | 8 | 1 | 23 | 4 | 0 | 21 | 4 | 2 | 17 | 9 | 1 | 20 | 7 | 0 |
| % | 14,82 | 85,18 | – | 44,44 | 55,56 | – | 55,56 | 44,44 | – | – | 100 | – | 62,96 | 33,34 | 3,70 | 66,67 | 29,63 | 3,70 | 85,19 | 14,81 | – | 77,78 | 14,82 | 7,40 | 62,96 | 33,34 | 3,70 | 74,70 | 74,07 | 25,93 |

<u>AFKORTINGS</u>:

J = Ja

N = Nee

G.K. = Geen kommentaar

### 4.2.1.3 Afleidings

- Vier predikante of 14,82% van die 27 wat die vraelys voltooi het, meen dat hulle hulpkragte akademies en metodologies toegerus is vir hulle taak, terwyl 23 predikante of 85,18% gebruik moet maak van hulpkragte wat nie opgewasse is nie.

- Twaalf predikante of 44,44% meen dat die kategetiese onderrig in hulle gemeentes bevredigend is, terwyl 15 of 55, 56% meen dat die teendeel in hulle gemeentes geld.

- Vyftien of 55,56% van die predikante meen dat die gemiddelde belydeniskatkisant genoegsaam onderlê is om 'n verantwoordelike belydenis af te lê, terwyl 12 of 44,44% van die predikante dit betwyfel het.

- Op die vraag of die kategeet meen dat belydenisaflegging op 'n vroeër stadium in die kind se lewe kon plaasvind, was daar eenstemmigheid, nl. 27 predikante wat 'n besliste "nee" as antwoord op die vraag gegee het.

- Sewentien predikante of 62,96% meen dat die belydende lidmate oor die algemeen te jonk is, terwyl 9 predikante of 33,34% die oortuiging toegedaan is dat dit nie die geval is nie. 1 predikant of 3,70% het geen kommentaar gelewer nie.

- Agtien predikante of 66,67% is van mening dat die verworwe kennis aangaande die Bybel, geloof en lewe, die kinders in hulle latere lewe bybly, terwyl 8 of 29,63% nie so dink nie. Een predikant of 3,70% het nie kommentaar gelewer nie.

- Drie-en-twintig predikante of 85,19% is tevrede dat die gemiddelde katkisant se kennis by belydenisaflegging bevredigend is, terwyl 4 of 14, 81% nie die mening toegedaan is nie.

- Een-en-twintig predikante of 77,78% is vol vertroue dat die katkisant die insig wat hy tydens kategetiese onderrig verwerf het, ook in sy daaglikse lewe kan toepas. 4 of 14,82% glo dat dit wel nié die geval is nie, terwyl 2 of 7,40% van die predikante nie op die vraag gereageer het nie.

- Sewentien predikante of 62,96% voel dat hulle eie kennis met betrekking tot die Opvoedkunde en Metodeleer nie voldoende is nie. Nege predikante of 33,34% voel dat hulle genoegsame kennis besit, terwyl 1 predikant of 3,70% geen kommentaar op die vraag gelewer het nie.

- Twintig predikante of 74,07% meen dat die predikant toerusting behoort te ontvang met betrekking tot die Kinderpsigologie, Opvoedkunde in die algemeen en die algemene en besondere Didaktiek. Sewe predikante of 25,93% glo dat dit nie nodig is nie.

#### 4.2.1.4 Gevolgtrekking

Uit die meningsopname blyk dit dat die hulpkragte nie goed toegerus is vir die belangrike taak van kategetiese onderrig nie. Dit is dus ook duidelik dat die afleiding gemaak kan word dat die kategetiese onderrig, in soverre dit die betrokke gemeentes wat die vraelys voltooi het aangaan, nié pedagogies verantwoordbaar is nie. Bewys daarvan is dat 55,56% van die predikante wat aan die meningsopname deelgeneem het, nie tevrede is dat die kategetiese onderrig in hulle gemeentes doeltreffend gehanteer word nie.

Kommentaar, indien die antwoord "nee" sou wees op die vraag: *meen u dat die algemene toestand, wat die kategetiese onderrig betref, in u gemeente bevredigend is?*, was oor die algemeen dat die nodige dissipline by die kinders ontbreek; kennis, vir afronding deur die kategeet in die finale jaar, is onvoldoende by die katkisant; sommig hulpkragte gebruik slegs die metode van vraag en antwoord; deeglike voorbereiding ontbreek; in sommige gevalle word die hulpkragte "van die veld af gevang" – dikwels ywerige jongmense wat min ervaring met kinders het, wat self nie ryp is nie en derhalwe onseker van hulleself is; in sommige gevalle

moet van "swak" hulpkragte gebruik gemaak word omdat daar 'n gebrek aan algemene belangstelling is; in 'n ander geval is die hulpkragte van ontrouheid en gebrek aan selfdissipline beskuldig; gebrek aan huiskatkisasie is in een geval ook aangevoer as rede vir die besonder moeilike taak van die hulpkragte.

In die meeste gevalle waar daar min of geen probleme in dié opsig ondervind word nie, word die hulpkragte deeglik opgelei deur die kategeet vir hulle taak en word streng toesig deur die kategeet en ouderlinge gehou. In een gemeente waar dit besonder goed gaan, is 'n predikant benoem, naas die ander predikante in dieselfde gemeente, wat hom uitsluitlik bemoei met die kategetiese onderrig. Dit is egter prakties onuitvoerbaar in alle gemeentes.

Dit blyk uit die meningsopname dat baie predikante, nl. 55,56%, tevrede is om te aanvaar dat die belydeniskatkisant genoegsaam onderlê is om 'n verantwoordelike belydenis af te lê, hoewel die persentasie van 44,44 wat nié tevrede is nie, onrusbarend hoog is. Uit die kommentaar wat die predikante op hierdie vraag moes lewer, blyk dit dat die kind in baie gevalle deur die ouer "gedwing" word om belydenis af te lê omdat dit by die ouer gaan om die prestige daaraan verbonde. Die ouers leef te min uit die erns van hulle doopbelofte en dié voorneme om hulle kinders groot te maak in die leer van die verbond. Een predikant noem dat belydenisaflegging 'n saak van tradisie geword het, 'n ander sê dat dit 'n formele aangeleentheid geword het sonder genoegsame kontrole en opvolgingswerk.

In ander gevalle is as redes aangevoer vir onvoldoende kategetiese onderrig, die gebrek aan toegewyde studie en belangstelling deur die katkisant, asook onvoldoende leiding, onderrig en inspirasie vanuit die ouerhuis. Een predikant noem ook dat vanweë die jeugdige ouderdom van die katkisant die volle implikasies en verpligtinge van belydenisaflegging nie besef word nie. Te midde van soveel sekulêre bedrywighede vervul godsdiens nie die rol wat dit behoort te vervul nie, in sommige kinders is nog nie geestelik ryp genoeg nie. Die nodige selfdissipline ontbreek nog. As antwoord op dieselfde vraag skrywe een predikant: "Daar is tot op hede nie die beste gebruik gemaak van die kategetiese onderrig nie. Dit geld vir die hulpkategete sowel as vir die predikant wat oor geen opvoedkundige fundering beskik nie. Baie min onderwysers (dagskool) is bereid om hulle aandag ook aan die kategese

te wy – in ons gemeente wat 'n baie groot getal onderwysers insluit, dien geen onderwyser as hulpkategeet nie". 'n Ander predikant skrywe dat die kind se kennis dikwels voldoende is, maar dit ontbreek aan rypheid, beleefde kennis.

In die gevalle waar die predikant tevrede is dat die belydeniskatkisant genoegsaam onderlê is om 'n verantwoordelike belydenis af te lê, is dit gevalle waar die belydenisklas se werk oor twee jaar versprei word; waar deeglike kerkraadstoesig plaasvind; waar die erns van die onderrig deur die kategeet en sy hulp deeglik besef word en waar deeglike kontrole uitgeoefen word. In 'n ander geval word die onus van belydenisaflegging op die katkisant geplaas deurdat hulle aansoek moet doen om belydenis af te lê indien hulle daarvoor gereed is. Geleentheid word dan vóór elke nagmaal geskep om belydenis af te lê. Die sukses van hierdie metode word oor die algemeen toegeskrywe aan deeglike metodes by die onderrig.

Opmerklik is dat 'n baie groot persentasie van die predikante wat die vraelys voltooi het, nl. 62,96%, voel dat hulle eie kennis met betrekking tot die Opvoedkunde en Didaktiek onvoldoende is, en dat 74,07% van mening is dat die predikant toerusting behoort te ontvang. Interessant is die wedervraag van een predikant, nl.:- Is dit nodig vir die predikant om kennis van die Opvoedkunde en Metodologie te hê?

Dit blyk dat die meerderheid predikante die psigologiese, opvoedkundige en didaktiese toerusting van die kategeet verder wil kwalifiseer, nl. toegespitste onderrig en nie blote akademiese bybring van 'n vak nie.

Besonder interessant is: 85,19% van die kategete is tevrede met die kennis van die katkisante met belydenisaflegging; maar net 44,44% is tevrede met die onderrig en 55,54% meen dat die belydeniskatkisante genoegsaam onderlê is om 'n verantwoordelike belydenis af te lê. Dit beteken dat katkisante bevredigende kennis het ten spyte van onbevredigende onderrig. Ook dat 'n aansienlike persentasie van die predikante tevrede is met onvoldoende kennis by die katkisante.

### 4.2.2 Tabel A2

#### 4.2.2.1 Verduideliking

Hierdie tabel dui die gemiddelde ouderdom aan waarby kinders belydenis aflê in die gemeentes wat by die ondersoek betrek is.

#### 4.2.2.2 Tabel A2

Gemiddelde ouderdom van die katkisant by belydenisaflegging

| Getal Gemeentes: | 15–16 Jaar | 17 Jaar | 18 Jaar | Bo 18 Jaar |
|---|---|---|---|---|
| 27 | 17 | 7 | 3 | 0 |
| % | 62, 96 | 25, 93 | 11, 11 | – |

#### 4.2.2.3 Afleiding

Uit hierdie tabel blyk dit dat in die meeste gemeentes wat aan die meningsopname deelgeneem het, die katkisante belydenis van geloof aflê tussen die ouderdomme 15 tot 16 jaar, nl. 17 gemeentes, dit wil sê 62,96%.

#### 4.2.2.4 Gevolgtrekking

Uit hoofstuk II (vgl. 4.2.3.2) het dit geblyk dat hierdie stadium in die godsdienstige ontwikkeling van die kind juis dié stadium is waar sy vrae oor die geloof merkbaar toeneem. Dit is dié stadium waarin herstel moet word wat in die vorige stadiums deurmekaar gekrap is, en juis dié stadium waarin goeie leiding van die allergrootste belang is. Die begrypende en onderlegde kategeet kan in hierdie tydperk veel bydrae tot die katkisant se geloof in Jesus Christus. Kennis van die psigologie van die kind sal vir die kategeet 'n groot bate wees in sy toerusting

as die "middel" wat deur die Heilige Gees gebruik word, om die kind te lei tot geloofsrypheid en geloofsaanvaarding binne sy kerkverband.

Soos reeds aangetoon onder 4.2.1.4 van hierdie hoofstuk, het die meningsopname aangetoon dat die meeste predikante, nl. 62,96%, gevoel het dat hulle eie kennis met betrekking tot hierdie aangeleentheid gebrekkig is.

4.2.3 **Tabel A3**

**4.2.3.1 Verduideliking**

Die bedoeling hier is om aan te dui of die katkisant voordat hy in die betrokke gemeentes toegelaat word tot belydenisaflegging getoets word met betrekking tot Bybelkennis, insig in die Godsopenbaring, Kerkgeskiedenis, Geloofsleer en sedeleer.

**4.2.3.2 Tabel A3**

Die toetsing van toerustingsvakke voor belydenisaflegging

| Getal Gemeentes | Bybelkennis | Insig in die Godsopenbaring | Kerkgeskiedenis | Geloofsleer | Sedeleer |
|---|---|---|---|---|---|
| 27 | 25 | 24 | 25 | 27 | 25 |
| % | 92,59 | 88,89 | 92,59 | 100 | 92,59 |

**4.2.3.3 Afleiding en gevolgtrekking**

Uit die antwoorde van die predikante blyk dit dat in al die gemeentes wat by die meningsopname betrek is, voldoende aandag geskenk word aan die noodsaaklike toerustingsvakke. Dit is egter opmerklik dat die Geloofsleer prioriteit geniet, heel waarskynlik omdat die Geloofsleer die dogmatiese verwerking van die Evangelieboodskap is. Aangesien die Geloofsleer egter nie 'n selfstandige bestaan

naas die Bybel kan voer nie, maar die sistematiese besinning van die Bybelse boodskap is, is dit interessant dat die afdeling "insig in die Godsopenbaring" in 'n mindere mate aandag geniet, nl. 88,89%.

Uit antwoorde deur die predikante verskaf op die vraag:- Van watter metode(s) maak u gebruik om hierdie kennis te toets?, blyk dit dat die katkisante oor die algemeen deur 'n kommissie van die kerkraad ondervra word. In een gemeente word 'n skriftelike verklaring van die katkisant verwag oor "waarom ek belydenis van geloof in (die betrokke kerk) wil aflê". Van skriftelike toetse wat vrae insluit wat die hele kategetiese veld dek, word ook gebruik gemaak. In sommige gevalle word die ondervraging deur die kommissie opgevolg deur 'n persoonlike gesprek tussen kategeet en katkisant. Die kommissie wat die ondervraging behartig, bestaan in die meeste gevalle uit die predikant en twee of drie ouderlinge.

### 4.2.4 Tabel A4

#### 4.2.4.1 Verduideliking

Hierdie tabel is die antwoorde van predikante op die vraag:- Word besondere aandag aan die volgende sake tydens belydenisaflegging gegee? :

(a) sedelike gedrag in die algemeen;
(b) verpligtinge verbonde aan kerklidmaatskap;
(c) roepingsbewustheid aangaande sending en evangelisasie;
(d) kennis en weerlegging van die sekteverskynsel;
(e) toepassing van Christelike beginsels op verskeie lewensterreine;
(f) voorligting in verband met Bybelstudie;
(g) voorligting in verband met gebed;
(h) riglyne in verband met rasse- en volkere betrekkinge;
(i) roeping met betrekking tot die eie volk;
(j) Christelike standpunte oor oorlog;
(k) betekenis van die Bybel vir die wetenskap;
(l) seksvoorligting.

**4.2.4.2 Tabel A4**

Die algemene Christenskap van die belydeniskatkisant

| | Geen | % | Min | % | Heelwat | % | Baie | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) | – | | – | | 14 | 51,85 | 13 | 48,15 |
| (b) | – | | – | | 5 | 18,52 | 22 | 81,48 |
| (c) | – | | 4 | 14,82 | 17 | 62,96 | 6 | 22,22 |
| (d) | – | | 3 | 11,11 | 17 | 62,96 | 7 | 25,93 |
| (e) | – | | 1 | 3,70 | 13 | 48,15 | 13 | 48,15 |
| (f) | – | | 4 | 14,82 | 16 | 59,25 | 7 | 25,93 |
| (g) | – | | 3 | 11,11 | 16 | 59,26 | 8 | 29,63 |
| (h) | – | | 11 | 40,74 | 13 | 48,15 | 3 | 11,11 |
| (i) | – | | 7 | 25,93 | 14 | 51,85 | 6 | 22,22 |
| (j) | 3 | 11,11 | 17 | 62,96 | 6 | 22,22 | 1 | 3,71 |
| (k) | 3 | 11,11 | 7 | 25,93 | 14 | 51,85 | 3 | 11,11 |
| (l) | – | | 9 | 33,33 | 14 | 51,85 | 4 | 14,82 |

**4.2.4.3 Afleiding en gevolgtrekking**

Uit die tabel blyk dit dat die meeste predikante verkies om nie 'n antwoord te verskaf wat homself radikaal in 'n slegte of 'n goeie lig sal stel nie, aangesien die meeste predikante die woord "heelwat", wat in der waarheid nie baie veelseggend is nie, kies om sý gemeente se aandeel te omskrywe. Slegs in een geval, nl. by die vraag wat handel oor verpligtinge verbonde aan kerklidmaatskap (vgl. vraag b), was daar 22 predikante of 81,48% wat sê dat hulle "baie" aandag daaraan gee terwyl slegs een predikant baie aandag gee aan Christelike standpunte oor oorlog.

Drie predikante of 11,11% skroom nie om te noem dat tydens belydenisaflegging daar in hulle gemeentes geen aandag gegee word aan Christelike standpunte oor oorlog en die betekenis van die Bybel vir die wetenskap nie.

**4.2.5 Kommentaar op die vraag: Het u enige besondere metodes om die kategetiese onderrig goed te laat funksioneer?**

Die uitgangspunt van die predikante is deurgaans dat dit absoluut noodsaaklik is dat die kategete toegerus moet word vir hulle taak. In hierdie verband sê een predikant dat in sy gemeente "word geprobeer om die kategete ietwat op te lei, maar by die opvoedkundige metodologie kom dit nie".

Dit blyk uit die meningsopname dat die beste resultate behaal word waar die kategeet die leidende rol speel in die kategetiese onderrig. Een predikant berig dat die kategeet alle kinders een keer per week vir klasse neem, terwyl die gevorderde belydeniskatkisante twee jaar lank twee tot drie keer per week onderrig van die kategeet ontvang. Dieselfde predikant berig dat slegs in 'n beperkte mate van hulpkragte gebruik gemaak word. Daarby voeg hy dat "persoonlike ondervraging" gedurende hierdie tydperk as hoofmetode aangewend word. Dit is egter ook duidelik uit die meningsopname dat hierdie ideale toestand slegs in enkele gevalle aangetref word. In die meeste gevalle kan die hoofkategeet nie anders as om die bystand en hulp van hulpkragte in te roep nie.

Interessant is die feit dat een predikant die nut en waarde van deeglike Bybelonderrig op skool vir die kategetiese onderrig sterk beklemtoon. Dieselfde predikant lê ook besondere klem daarop dat die kategeet die geleentheid moet vind om weeklikse onderrig aan die hulpkategete te gee, en dat daar voorligting by kongresse moet uitgaan van pedagoë en ander vakkundiges in die hulpwetenskappe.

Insiggewend is die volgende opmerking van 'n predikant: "Ek vind as ek die jongmense by die les betrek, hulle meer belangstelling het. Wanneer hulle voel dat hulle wesenlik met die saak te doen het, reageer hulle onmiddellik. Anders word die vrae wat jy stel bloot as 'n soort toets gesien".

Die vorderingsverslag word in een gemeente op die volgende wyse aangepak: twee keer per jaar word die vordering van katkisante op 'n gedrukte kaartjie deur middel van simbole aangedui. Die verslag word dan deur die wyksouderling onder die aandag van die verbondsouer gebring.

## 4.3 Vrae aan die kategeet met betrekking tot sy hulpkragte om hulle pedagogiese en inhoudelike kennis aan te dui

### 4.3.1 Tabel B1

#### 4.3.1.1 Verduideliking

– Die eerste kolom stel die aantal gemeentes voor

– (a) Hoeveel ander personeel, behalwe die predikant, is behulpsaam by die kategetiese onderrig?
(b) Hoeveel van hierdie personeel is onder twintig jaar oud?
(c) Hoeveel is tussen die jare twintig en dertig?
(d) Hoeveel is bo dertig?
(e) Hoeveel van die personeel het enige opleiding in Teologie of Bybelkunde, anders as die gewone Bybelonderrig op skool?
(f) Hoeveel van die personeel is aan die onderwysberoep verbonde?

#### 4.3.1.2 Tabel B1

**Aanduiding van die aantal, ouderdom en opleiding van die hulpkragte betrokke by die gemeentes wat aan die meningsopname deelgeneem het**

| Getal Gemeentes | (a) | (b) | (c) | (d) | (e) | (f) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 3 | 2 | 4 | 0 | 0 |
| 2 | 3 | 0 | 0 | 3 | 0 | 1 |
| 3 | 16 | 0 | 3 | 13 | 3 | 4 |
| 4 | 8 | 4 | 3 | 1 | 3 | 2 |
| 5 | 5 | 2 | 0 | 3 | 0 | 0 |
| 6 | 2 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 |
| 7 | 8 | 0 | 0 | 8 | 5 | 8 |
| 8 | 4 | 1 | 1 | 2 | 0 | 1 |
| 9 | 6 | 0 | 2 | 4 | 0 | 1 |
| 10 | 20 | 8 | 4 | 8 | 2 | 10 |
| 11 | 4 | 0 | 0 | 4 | 0 | 0 |
| 12 | 17 | 5 | 6 | 6 | 0 | 0 |
| 13 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 14 | 23 | 11 | 4 | 8 | 1 | 0 |
| 15 | 15 | 0 | 0 | 15 | 1 | 2 |
| 16 | 38 | 8 | 8 | 22 | 6 | 6 |
| 17 | 18 | 1 | 2 | 15 | 2 | 3 |
| 18 | 30 | 10 | 8 | 12 | 0 | 5 |
| 19 | 30 | 10 | 12 | 8 | 2 | 4 |
| 20 | 10 | 3 | 2 | 5 | 0 | 0 |
| 21 | 15 | 5 | 4 | 6 | 1 | 1 |
| 22 | 20 | 5 | 5 | 10 | 0 | 1 |
| 23 | 12 | 3 | 2 | 7 | 2 | 2 |
| 24 | 14 | 8 | 0 | 6 | 0 | 0 |
| 25 | 13 | 3 | 4 | 6 | 1 | 4 |
| 26 | 10 | 1 | 5 | 4 | 2 | 2 |
| 27 | 6 | 3 | 3 | 0 | 0 | 0 |
| TOTAAL | 356 | 94 | 80 | 182 | 31 | 57 |
| % | | 26,40 | 22,47 | 51,13 | 8,71 | 16,00 |

### 4.3.1.3 Afleidings

- Uit hierdie tabel blyk dit dat in 27 gemeentes daar van 356 hulpkragte gebruik gemaak word. Uit die aard van die saak is dit duidelik dat die kategeet nie anders kan as om van hulp gebruik te maak nie. Die vraag wat opkom, is: in hoeverre is hierdie persone opgewasse vir hulle taak?

- Uit 'n totale aantal personeel van 356 is daar 94 of 26,40% wat onder twintig jaar oud is. Daar is 80 of 22,47% wat tussen twintig en dertig jaar oud is en daar is 182 of 51,13% wat bo die ouderdom van dertig jaar is.

- Slegs 31 of 8,71% van die hulpkategete het, behalwe Bybelonderrig, opleiding ontvang in, óf Teologie, óf Bybelkunde.

- 57 hulpkragte of 16,00% is aan die onderwysberoep verbonde. Dit impliseer dat 84,00% van die hulpkragte, behulpsaam by die kategetiese onderrig, geen spesifieke metodologiese agtergrond het nie.

### 4.3.1.4 Gevolgtrekking

Uit die aard van die saak blyk dit dat die enigste gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat die hulpkragte oor die algemeen nie geskool is, sowel inhoudelik as metodologies, om kategetiese onderrig suksesvol te laat plaasvind in die drie Afrikaans-Reformatoriese kerke nie. Dit neem nie weg dat onopgeleide hulpkragte natuurlik ook kostelike werk kan verrig nie.

## 4.3.2 Tabel B2

### 4.3.2.1 Verduideliking

(a) Word aan hulpkragte voorligting gegee met betrekking tot inhoud en metodiek?

(b) Hoe dikwels word voorligting gegee?

(c) Indien nooit, behoort die hulpkrag daarin onderlê te word?

(d) Word die kategetiese onderrig deur al die hulpkragte ten beste gehanteer?

(e) Is die hulpkragte genoegsaam onderlê in die psigologie van die kind?

### 4.3.2.2 Tabel B2

Leiding in die kategetiese metodologie aan hulpkragte en hulle hantering van die onderrigtaak

| Getal Gemeentes | (a) | | | (b) | | | | | | (c) | | | (d) | | | (e) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | J. | N. | G.K. | e.p.j. | k. | m. | w. | n. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. | J. | N. | G.K. |
| 27 | 21 | 5 | 1 | 5 | 14 | 2 | 1 | 5 | 0 | 15 | 0 | 12 | 4 | 22 | 1 | 2 | 23 | 2 |
| % | 77,78 | 18,52 | 3,70 | 18,52 | 51,85 | 7,41 | 3,70 | 18,52 | – | 55,56 | – | 44,44 | 14,82 | 81,48 | 3,70 | 7,41 | 85,18 | 7,41 |

AFKORTINGS:

| | | |
|---|---|---|
| J | = | Ja |
| N | = | Nee |
| G.K. | = | Geen kommentaar |
| e.p.j. | = | eenmaal per jaar |
| k | = | kwartaalliks |
| m | = | maandeliks |
| w | = | weekliks |
| n | = | nooit |

### 4.3.2.3 Afleidings

– In 21 gemeentes, dit wil sê 77,78% van die gemeentes wat aan die meningsopname deelgeneem het, word voorligting op een of ander manier aan hulpkragte gegee met betrekking tot die inhoudelike en die metodologie van die kategetiese onderrig. Aan die ander kant is dit tog opvallend dat in 5 gemeentes, of 18,52%, daar geen opleiding plaasvind nie.

– Dit blyk uit die meningsopname dat in baie gemeentes, dit wil sê 14 of 51,85%, opleiding kwartaalliks plaasvind. In 5 gemeentes of 18,52% vind die opleiding een keer per jaar plaas. In 2 gemeentes vind opleiding maandeliks plaas en in een weekliks. In 5 gemeentes of 18,52% vind daar geen opleiding plaas nie.

– Op die vraag of die predikant meen dat die hulpkrag onderlê behoort te word in inhoud en metodiek, het 15 predikante of 55,56% te kenne gegee dat voorligting wel aangebied behoort te word, 12 predikante of 44,44% het nie op hierdie vraag gereageer nie.

- 'n Negatiewe antwoord is byna deur die bank gegee op die vraag of die kategetiese onderrig deur al die hulpkragte ten beste gehanteer word. 22 Predikante of 81,48% het naamlik "nee" op hierdie vraag geantwoord. 4 Predikante of 14,82% was seker dat die hulpkragte die kategetiese onderrig ten beste hanteer.

- 23 predikante of 85,18% is van mening dat die hulpkragte in hulle gemeentes nie genoegsaam onderlê is in die psigologie van die kind nie. Slegs 2 predikante of 7,41% was daarvan oortuig dat dit in hulle gemeentes wel die geval is dat die hulpkragte voldoende onderlê is. 2 predikante of 7.41% het nie op die vraag gereageer nie.

### 4.3.2.4 Gevolgtrekking

Dit blyk uit hierdie tabel dat, nieteenstaande opleiding van hulpkragte óf kwartaalliks, óf maandeliks, óf weekliks plaasvind, daar nog twee-en-twintig predikante is wat meen dat die kategetiese onderrig nie deur al die hulpkragte ten beste gehanteer word nie.

Uit die aard van die saak toon die tabel weer eens 'n tekortkoming aan by die hulpkategete. Die vermoë van die hulpkategeet om suksesvolle kategetiese onderrig aan te bied, word deur die onderskeie predikante bevraagteken. Aangesien opleiding wél plaasvind, maar daar steeds 'n negatiewe stempel op die vermoë van die hulpkategeet geplaas word, wil dit voorkom asof die jaarlikse, kwartaallikse en selfs die maandelikse onderrig onvoldoende is.

Dit is uit die meningsopname baie duidelik dat die opleiding van hulpkategete hoofsaaklik deur die kategete onderneem word. Verder het ook aan die lig gekom dat die gemeentes wat aan die meningsopname deelgeneem het in geen geval van die hulp van 'n pedagoog of psigoloog gebruik gemaak het by die opleiding van hulpkategete nie.

**4.4 Vrae gestel aan die kategeet om die geslaagdheid van die onderrig aan die katkisant aan te dui (vgl. 2.3 van hierdie hoofstuk)**

**4.4.1 Tabel C1**

**4.4.1.1 Verduideliking**

(a) Blyk dit dat die kinders insig het in die behandelde werk?

(b) Hoe is dit gesteld met huiskategese in u gemeentes, met ander woorde werk die ouers goed mee?

(c) Kom Bybelkennis, as voorgeskrewe leerstof, tot sy reg in u gemeente?

(d) Het die kind insig in die Godsopenbaring?

(e) Kom Kerkgeskiedenis as voorgeskrewe leerstof tot sy reg?

(f) Kom Geloofsleer as voorgeskrewe leerstof tot sy reg?

(g) Kom Sedeleer as voorgeskrewe leerstof tot sy reg?

**4.4.1.2 Tabel C1**

Die insig van katkisante in die behandelde kategetiese leerstof

| | Uitstekend | | Goed | | Gemiddeld | | Swak | | Geen kommentaar | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| (a) | 1 | 3,70 | 8 | 29,64 | 16 | 59,26 | 1 | 3,70 | 1 | 3,70 |
| (b) | 0 | – | 5 | 18,52 | 13 | 48,15 | 9 | 33,33 | 0 | – |
| (c) | 4 | 14,81 | 14 | 51,85 | 8 | 29,64 | 0 | – | 1 | 3,70 |
| (d) | 1 | 3,70 | 7 | 25,93 | 12 | 44,44 | 3 | 11,11 | 4 | 14,82 |
| (e) | 0 | – | 11 | 40,74 | 11 | 40,74 | 3 | 11,11 | 2 | 7,41 |
| (f) | 5 | 18,52 | 17 | 62,97 | 4 | 14,81 | 0 | – | 1 | 3,70 |
| (g) | 1 | 3,70 | 17 | 62,97 | 7 | 25,92 | 0 | – | 2 | 7,41 |

### 4.4.1.3 Afleidings

- Uit die meningsopname blyk dit dat die meeste predikante, nl. 16 of 59,26%, volstaan met 'n "gemiddeld" as antwoord op die vraag of dit blyk dat die katkisant insig in die behandelde werk het. 8 Predikante of 29,64% is tevrede met "goed" as antwoord, terwyl slegs twee predikante nie skroom om 'n "uitstekend" en "swak" onderskeidelik as antwoord te gee nie.

- Die gesteldheid van huiskategese blyk 'n saak te wees wat kommer behoort te wek. Hoewel 13 predikante of 48,15%, die huiskatkisasie in hulle gemeentes as "gemiddeld" beskryf het, is daar 'n onrusbarende aantal predikante nl. 9 of 33,33% wat die huiskatkisasie binne hulle gemeentes as swak bestempel. 5 Predikante of 18,52% is tevrede met die huiskatkisasie in hulle gemeentes en bestempel dit as "goed". Indien (c) – (g) (vgl. verduideliking van tabel C1) gelyktydig beskou word, blyk dit dat slegs in twee gevalle, nl. in die geval Bybelkennis (4 predikante of 14,81% ) en in die geval van die Geloofsleer (5 predikante of 18,52%), dat die kategete baie tevrede is dat die betrokke komponente "uitstekend" tot hulle reg kom.

- Dit is opvallend dat in die geval van twee komponente, nl. insig in die Godsopenbaring (d) en Kerkgeskiedenis (e) daar in beide gevalle 3 predikante of 11,11% erken dat dit "swak" daaraan toegaan in hulle gemeentes.

- Die komponente Geloofsleer en Sedeleer word in die meeste gemeentes die beste gehanteer, want by beide komponente beskryf die grootste aantal predikante, nl. 17 of 62,97%, die hantering van hierdie komponent in hulle gemeentes as "goed". Dié komponente wat die minste tot hulle reg kom, blyk uit die meningsopname te wees, insig in die Godsopenbaring en Kerkgeskiedenis. (Vgl. (d) en (e) by tabel C1).

### 4.4.1.4 Gevolgtrekking

Die wye omvang van leerstof wat binne 'n beperkte tydsbestek behandel moet word, noodsaak die kategeet om minder aandag aan sekere komponente te bestee

as aan ander. Hoewel die Kerkgeskiedenis 'n baie belangrike komponent in die kategetiese onderrig is, is dit tog die komponent wat die eerste, in 'n toestand soos hierbo genoem, tersyde gestel sal word. Kerkgeskiedenis speel 'n sekondêre rol in die ry van komponente wat die katkisant wil heenlei na 'n persoonlike geloofsbelydenis.

Die beperkte insig in die Godsopenbaring is onverklaarbaar. Hoewel dit hier beter daaraan toe is as in die geval van Kerkgeskiedenis, blyk dit tog baie duidelik dat hierdie saak wel nie die nodige aandag kry nie. Die vraag kom op of daar insig by die kategeet en sy hulpkragte self bestaan aangaande die Godsopenbaring? Word die Bybelkennis, soos in (c) genoem, eensydig as blote ou Joodse geskiedenisse behandel? Of word die Bybelkennis as basis vir die Godsopenbaring deur die kategeet insigtelik vir die kind uitgewys? Die doel wat die kategeet tog immers vir homself stel, is om die kind, deur die besondere openbaring van God by God uit te bring, sodat die katkisant Hom kan leer ken, liefhê en bely in sy lewe.

### 4.4.2 Tabel C2

#### 4.4.2.1 Verduideliking

(a) Blyk dit dat die kinders die voorgeskrewe en behandelde werk ken?
(b) Hoeveel keer per week ontvang kinders onderrig?
(c) Hoeveel uur per week ontvang die kinders onderrig?

#### 4.4.2.2 Tabel C2

Ken die kinders die behandelde werk en die tyd wat daaraan per week afgestaan word

| Aantal Gemeentes | (a) | | | (b) | | | (c) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | G.K. | 1 keer | 2 keer | 3 keer | 1 uur | 2 uur | 3 uur |
| 27 | 20 | 7 | 0 | 23 | 4 | 0 | 22 | 5 | 0 |
| % | 74,07 | 25,93 | – | 85,19 | 14,81 | – | 81,48 | 18,52 | – |

Afkorting: G.K. = geen kommentaar

### 4.4.2.3 Afleidings

- Dit blyk uit die meningsopname dat 20 predikante of 74,07% tevrede is dat die katkisante die behandelde werk ken. 7 predikante of 25,93% het egter verklaar dat dit blyk dat dit nie die geval in hulle gemeentes is nie.

- Onderrig word, volgens die meningsopname, in die meeste gevalle slegs een keer per week aan kinders verskaf, nl. 23 gemeentes of 85,19%. Slegs in 4 gevalle of 14,81% word onderrig tweekeer per week verskaf.

- Dieselfde omstandighede herhaal homself in die volgende vraag, nl. hoeveel uur per week word onderrig verskaf? 22 predikante of 81,48% verskaf slegs een les per week onderrig, terwyl slegs 5 predikante twee ure daaraan wy. In hierdie gevalle word daar egter gespesifiseer dat dit alleen van toepassing is op belydeniskatkisante.

### 4.4.2.4 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die kerk tevrede moet wees met beperkte tyd om sy belangrike onderrigstaak ten opsigte van die kind te vervul. Die vraag kom op: hoeveel van die beskikbare tyd word nuttig en doeltreffend gebruik deur hulpkragte wat nie metodologies geskool is nie? Hoeveel tyd gaan verlore deur sang, sonder dat daar werklik besin is oor die plek van gewyde sang in die kategetiese onderrig en die sinvolle integrering daarvan by die stof wat behandel word? Hoeveel tyd gaan verlore deur onbeplande en uitgerekte administratiewe, aangeleenthede, soos bv. teenwoordigheidskontrole, insameling van bydraes vir een of ander saak, ens.? Uiteindelik kom die kategeet voor die vraag te staan: hoeveel werklike onderrigtyd is daar tot my beskikking?

In die kategetiese onderrig sal elke gemeente weer moet besin oor die vraag: hoe moet die uur of twee uur kategetiese onderrig per week sinvol ingedeel en gebruik word?

### 4.4.3 Tabel C3

#### 4.4.3.1 Verduideliking

Hierdie tabel dui die voorgeskrewe leerstof aan wat in die 27 gemeentes wat aan die ondersoek deelgeneem het, die minste tot hulle reg kom, nl.

(a) Bybelkennis
(b) Insig in die Godsopenbaring
(c) Kerkgeskiedenis
(d) Geloofsleer
(e) Sedeleer
(f) Geen kommentaar.

#### 4.4.3.2 Tabel C3

Die leerstof wat in die verskillende gemeentes die minste tot hulle reg kom

| Aantal Gemeentes 27 | (a) | (b) | (c) | (d) | (e) | (f) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal | 0 | 6 | 10 | 0 | 5 | 6 |
| % | – | 22,22 | 37,04 | – | 18,52 | 22,22 |

#### 4.4.3.3 Afleidings en kommentaar van kategete

Dit blyk, soos voorheen ook getoon, dat Kerkgeskiedenis dié komponent is wat in die kategetiese gebeure die minste tot sy reg kom. 10 Predikante of 37,04% verklaar onomwonde dat Kerkgeskiedenis nie tot sy reg kom in hulle onderskeie gemeentes nie. Die redes daarvoor word deur die predikante self aangedui as die volgende: 'n oorbelade sillabus werk in die hand dat een afdeling maklik afgeskeep kan word.

'n Interessante opmerking van een predikant is dat daar 'n natuurlike afkeer by kinders, oor die algemeen, teenoor geskiedenis bestaan. Ongelukkig was die stelling ongemotiveerd gelaat. Waarskynlik kan dit die gevolg wees van 'n oninsigtelike aanbieding van die Kerkgeskiedenis waar die feitlikhede vermoeiend opgedis word sonder dat verbandlegginge vir die katkisant oopgedek word. Een predikant som die probleem raak op: geskiedenis is altyd moeilik vir die kind – veral as so 'n massa kerkgeskiedenis binne 'n kort tyd aan kinders gegee moet word. Hier moet ook daarop gewys word dat daar in die huidige tyd 'n algemene gebrek aan belangstelling in die verelede is – waarskynlik toe te skrywe aan die gees van die heersende eksistensialisme, wat alle klem op die *hier* en die *nou* laat val.

Juis daarom blyk dit dan deurgaans dat die kategeet met die min tyd tot sy beskikking eerder die klem laat val op die Bybel en meer aktuele sake. Een predikant skryf: wanneer ons noodgedwonge iets moet afskeep, dan begin ons by die mins belangrike – nié die onbelangrike nie. Vir die mens gaan dit meer om 'n lewe tot verheerliking van God waarin die kerk die middel tot hierdie doel bly.

Die meningsopname toon dat 6 predikante of 22,22% voel dat die afdeling wat handel oor insig in die Godsopenbaring, in hulle gemeentes die minste tot sy reg kom. Die redes daarvoor word aangevoer, dat die Godsopenbaring die kind met allerlei teologiese probleme konfronteer wat dikwels vir hom verwarrend is. Dit lyk asof die psigologiese ontwikkeling van die kind in hierdie opsig totaal uit die oog verloor word, want die kind wil juis hierdie probleme opgelos sien. Die kenmerk van die tyd waarin hy hom bevind, is juis die soeke na sin en na die oplossings van probleme. Die kategeet behoort eerder van hierdie geleentheid gebruik te maak om die voornemende belydende lidmaat positief te motiveer.

'n Interessante bewering word deur een predikant gemaak, nl. dat hulpkategete dikwels nie by magte is om die Godsopenbaring in die Bybel insigtelik en met entoesiasme te behandel nie. 'n Ander predikant sluit daarby aan deur te beweer dat die meeste hulpkategete self nie goed toegerus is nie. Dikwels gebeur dit dat die kategeet eers in die belydeniskatkisasie grondige aandag daaraan gee.

5 predikante of 18,52% dui aan dat Sedeleer in hulle gemeentes die minste tot sy reg kom. Waarskynlik, meen een predikant, omdat die Sedeleer nie hoofsaak nie, maar bysaak is en die Sedeleer die gevolg van die Geloofsleer is. Die konsensus van opinie oor hierdie aangeleentheid is: die belangrikste taak van die kerk is om die kinders tot geloof te lei én die vrug van die geloof wat in die lewenswandel sy gestalte behoort te vind. As die Woord reg uitgelê word, ook in die kategese, sal die belydendes vrugte dra sonder om die klem spesifiek op die sedelike of morele te lê.

**4.5 Vraag aan die kategeet waarin hy die vernaamste probleme wat met die kategetiese onderrig ondervind word, aandui en waarin hy moontlike oplossings ten opsigte van die probleem bied**

Die grootste enkele probleem wat deurgaans deur feitlik elke predikant wat aan die meningsopname deelgeneem het genoem word, is die gebrek aan bekwame hulpkragte. Uit die opname blyk dit dat hierdie probleem, in die stadsgemeentes en op die platteland, oorwegend is. Veral op die platteland met 'n relatief klein aantal dorpslidmate, is dit moeilik om die geskikste hulpkragte te vind. Een predikant skrywe in hierdie verband dat dié persone wat op kerklike en ander terreine help reeds oorlaai is met verpligtinge. In hierdie spesifieke gemeente moet daar Sondae van belydende skoolgaande lidmate se hulp gebruik gemaak word vir die jonger en kleiner klasse. Gelukkig is dit ook so in hierdie gemeente – die predikant bied dit ook as oplossing aan vir hierdie probleem – dat die predikant gedurende die week al die kinders in verskillende klasse onderrig. Daarbenewens noem die betrokke leraar dat die oplossing ook verder daarin geleë is dat die predikant die hulpkragte moet onderrig, hoewel dit nie altyd prakties uitvoerbaar is nie. Gebrek aan tyd en die betrokkenheid van die kind, in hierdie geval 'n hulpkrag, by skoolaktiwiteite, ry die praktiese uitvoerbaarheid daarvan in die wiele.

Op die platteland waar die meeste katkisante koshuisgangers is, in een geval tot 90% van die katkisante, is die huiskategese 'n onmoontlike saak. Hier het die ouers baie min met die kategetiese onderrig van hulle kinders te doen en daarom is verwaarlosing van die Verbondsbelofte aan die orde van die dag. Die probleem is egter nie tot die platteland beperk nie, maar byna deurgaans word van "swak-

meelewende ouers" gepraat. Dié probleem moet ook in 'n groot mate toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis, begrip en betekenis van die kategetiese onderrig by die ouer. Nieteenstaande die feit dat die ouer verantwoordelikheid aanvaar om ten minste te sorg dat hulle kinders die Evangelie hoor en onderrig daarin ontvang, word dié verantwoordelikheid geheel en al op die kerk afgeskuif. Een predikant sê dat dit tog so noodsaaklik is dat die klein kind die Evangelie minstens uit die mond van die ouers ook moet ontvang. Die oplossing van dié probleem lê vir dieselfde predikant in die geestelike opbou van die gemeente – wat op sigself 'n lewenstaak is. 'n Ander predikant lê nog duideliker riglyne neer deur aan te beveel dat met huisbesoek, huweliksvoorligting en by geboorte van kinders, duidelik met die ouers oor die aangeleentheid gespreek moet word.

'n Ander belangrike probleem wat deur predikante opgehaal word, is die tydsfaktor. Een predikant noem dat die tyd wat aan kategetiese onderrig in sý gemeente afgestaan kan word, hoogstens 33 uur per jaar is. Die dagskool beheers die kind se tyd na-uurs in so 'n mate dat die kerk in werklikheid baie min tyd tot sy beskikking het vir die kategetiese onderrig. Die oplossing van hierdie probleem word deur een leraar baie sterk gestel, nl. dat daar gedurende die week genoeg tyd ingeruim moet word vir die kategetiese onderrig en hierin moet die samewerking van onderwysdepartemente verkry word. Volgens dieselfde predikant sal dit die kategeet die geleentheid bied om al die jongmense te ontmoet en self klas te gee sodat hy sy amp ook in dié verband kan uitleef. 'n Ander predikant skryf: "Ek self sou graag meer geleentheid wou hê om aan al die kinders aandag te gee – maar dit is onmoontlik". Die oplossing van hierdie probleem, aldus die meningsopname, lê in die noue samewerking tussen kerk, skool en ouers, want dan eers kan die kategese tot volle ontplooiing kom.

Ander probleme wat aan die lig gekom het, is 'n gebrek aan geskikte ruimte en hulpmiddels soos die skryfbord, kaarte en oudiovisuele toerusting. Die gebrek daaraan is vir die kategetiese onderrig 'n verlies, maar indien 'n gemeente oor al die fasiliteite en hulpmiddels sou beskik en die kategeet of sy hulpkrag kan dit nie sinvol in die les integreer nie, dan het dit ook weinig betekenis.

## 5. Samevatting

Samevattend kan nou die volgende gesê word met betrekking tot die opleiding en onderlegdheid van kategete en hulpkategete:

5.1 Geen voorsiening word gemaak om teologiese studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende hulle opleiding in die Kategetiek, in die Pedagogiek of Psigologie te onderlê nie. Beukes sê: "Die krag van die Woord lê in die Woord self en is nie opgesluit in die treffende woordkeuse of die voordrag of die persoonlikheid van die bedienaar nie". (Beukes, 1974, 236).

5.2 In die Gereformeerde en Nederduitse Gereformeerde Kerke word wel aandag by die opleiding van kategete aan die nodige hulpwetenskappe gegee. Die meningsopname toon egter dat die toestand in die kerke, sover dit die kategetiese onderrig aangaan, nie na wense nie. Die belofte: "..... en julle moenie julle kwel oor wat julle sal spreek nie en moenie daaroor dink nie; maar wat julle in die uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie wat julle spreek nie, maar die Heilige Gees" (*Mark.* 13:11), gee geeneen die reg om onvoorbereid en ontoegerus die werk wat God aan ons gegee het aan te pak nie.

5.3 Die meningsopname toon dat die kategetiese onderrig, in soverre dit die betrokke gemeentes wat die vraelys voltooi het aangaan, nié pedagogies verantwoordbaar is nie. Die feit dat 55,56% van die predikante wat aan die meningsopname deelgeneem het, nie tevrede is dat die kategetiese onderrig in hulle gemeentes doeltreffend gehanteer word nie, getuig daarvan. Die proefpersone skryf die rede daarvoor toe aan swak toegeruste hulpkategete. (Vgl. 4.2.1.4 van hierdie hoofstuk). Hieruit is dit duidelik dat in die volgende hoofstuk riglyne aangedui sal moet word betreffende die opleiding van hulpkategete en die rol wat die kategeet dienooreenkomstig sal moet vervul.

5.4 Dit is opmerklik dat 63% van die predikante hulle eie kennis met betrekking tot die Opvoedkunde en Didaktiek betwyfel. Daaruit kan afgelei word dat die opleiding van die kategeet in dié verband nie voldoende is nie. Per slot van rekening is die predikant die amptelike kategeet van die kerk, wat by uitstek verantwoordelik is vir dié werk van die kerk.

5.5 Die meningsopname bevestig dat die onvoldoende kategetiese onderrig in die kerk toegeskrywe kan word aan die gebrek aan leiding, onderrig en inspirasie vanuit die ouerhuis. Dit is so dat die ouerhuis 'n beslissende rol speel in die geestelike volwassewording van die kind. Daarom het die predikant ook in die opsig 'n belangrike taak om te vervul, nl. die geestelike opbou van die belydende lidmate van die kerk om sodoende te verseker dat die verbondsouer sy taak en roeping ten opsigte van sy verbondskind by hernuwing kan besef.

5.6 Besliste kennis van die psigologie van die kind word by die kategeet en hulpkategeet veronderstel, aangesien dit uit die meningsopname blyk dat 63% van die katkisante, betrokke by die ondersoek, belydenis van geloof aflê op die ouderdom van 15 of 16 jaar. By implikasie beteken dit nie slegs 'n deeglik onderlegde kategeet of hulpkategeet wat die inhoudelike van die stof betref nie, maar dit veronderstel ook 'n deeglike begrip van die hulpbehoewende kind, aangesien dit juis die ouderdom is waarop geloofsvrae by die kind merkbaar toeneem.

5.7 Uit die onderhawige ondersoek blyk dit dat die diens van die hulpkategeet gekom het om te bly. In die 27 gemeentes wat aan die ondersoek deelgeneem het, word daar van 356 hulpkragte gebruik gemaak waarvan 84,00% geen spesifieke metodologiese of psigologiese agtergrond het nie. Hoewel die kostelike werk van onopgeleide hulpkragte nie onderskat word nie, wil dit voorkom uit die meningsopname dat predikante deurgaans van mening is dat dit absoluut noodsaaklik is dat die kategeet èn die hulpkategeet toegerus moet word vir hulle taak. (Vgl. 3.2.5 van hierdie hoofstuk). Veelseggend is die persentasie predikante, nl. 81,48%, wat van mening is dat die kategetiese onderrig nie deur die hulpkragte bevredigend gehanteer word

nie. Hierdie toestand rig 'n oproep tot die kerk: voldoende en doelgerigte opleiding vir die kategeet en hulpkategeet.

5.8 Aangesien opleiding van hulpkategete wel binne gemeentelike verband plaasvind (vgl. 4.3.2.2 van hierdie hoofstuk) en die meningsopname toon dat hierdie opleiding deur die kategeet onderneem word (vgl. 4.3.2.4 van hierdie hoofstuk), maar daar steeds 'n negatiewe stempel op die vermoë van die hulpkategeet geplaas word, wil dit voorkom asof hierdie onderrig onvoldoende is.

5.9 Die beperkte tyd wat die kerk het om sy kategetiese onderrig suksesvol aan te bied, vereis deeglik onderlegde kategete en hulpkategete om die beskikbare tyd nuttig en doeltreffend te gebruik. Die kategeet en hulpkategeet moet in die kort beskikbare tyd weet hoe om sy leerstof op die mees doeltreffende manier aan te bied. Dit impliseer kennis en insig van die Godsopenbaring, kennis van die doeltreffendste metodes om die leerstof oor te dra en kennis van die kinderpsigologie.

5.10 Die grootste enkele probleem van die kerk is derhalwe die gebrek aan kennis en insig by die kategeet en hulpkategeet betreffende die Pedagogiek en Psigologie en die onvoldoende inhoudelike kennis by die hulpkategeet. Daarom sal daar konkluderend in die volgende hoofstuk aanbevelings betreffende die kategetiese onderrig gemaak word wat moontlik tot verbetering daarvan kan dien.

# HOOFSTUK V

# RIGLYNE VIR SINVOLLE KATEGETIESE ONDERRIG

## Inleidend

Die doel van kategetiese onderrig in die kerk, nl. die bybring van kennis, d.w.s. geloofskennis, die vorming van bewuste en meelewende lede van die gemeente van Christus, die voortgang van hierdie kennis van geslag tot geslag en die opvoeding van die jongmens as verantwoordelike jongmense van God in hierdie wêreld, veronderstel onderrig in die geloof, dit wil sê geloof in God. Uit die aard van die saak kan niemand geleer word om te glo nie – die meeste wat die mens kan doen is om 'n persoon te leer wat hy behoort te glo. Geloof kan nie analities gedesekteer word nie, maar ons kan tog aan die kind voorhou wat hy behoort te glo. (De Graaf, 1963, 142). Aan die kerk is nou opgedra om sy katkisante in die kennis van die geloof onderrig te gee, sodat hulle "vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God" (*Fil.* 1:11) kan lewe, en "sodat julle (die katkisante, W.L.J. v. R.) waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei". (*Kol.* 1:10).

Onderrig van die kind se geloofslewe is dus uit die aard van die saak nodig, want daarsonder kan sy geloofslewe nie ontwikkel nie. Daarsonder sou die kind se kennis van God en sy geloof in Hom nie ontwikkel verder as net die basiese beginsels van Gods Woord nie en ook nie verder as die elementêre beginsels van die geloof in Christus nie. "Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit die dooie werke en van die geloof in God". (*Hebr.* 6:1; vgl. ook 5:12). Die kind moet 'n antwoord kry op die vraag:- Wat is ware geloof? (Heidelbergse Kategismus, vr. 21). 'n Ware geloof is nie alleen 'n seker kennis waardeur ek alles vir waar hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie (*Jak.* 2:19), maar ook 'n vaste vertroue (*Hebr.* 11:1, 7) wat die Heilige Gees (*Gal.* 5:22) deur die evangelie in my hart werk (*Rom.* 1:16) dat

nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (*Rom.* 1:17) deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus (*Ef.* 2:8).

Die onderrig van die kind se geloofslewe impliseer dus "opvoeding" van die kind. Kategetiese onderrig is verbonde aan die innerlike struktuur van die kerk, maar fundamenteel bly dit 'n opvoedkundige aktiwiteit wat deur die geloofsaspek gerig word en wat struktureel deur die kerk gekwalifiseer word. Kategetiese onderrig bly dus onderwysing. "Catechetical instruction requires a pedagogical attitude. The young people must be truly introduced to the life of the Church." (De Graaf, 1966, 148).

**In die lig van die godsdienstig-sedelik eis aangaande die persoon van die kategeet**

Die kategeet en sy hulpkrag is daarom ook "onderwyser" wat by uitstek daarop aangewys is om Gods Woord aan die verbondskinders van die gemeente te onderrig. Daarom moet die kategeet self in die Waarheid staan – deur die Waarheid gelei word om die besondere eie aard van die kerklike onderrig op 'n verantwoordbare wyse aan die katkisant te verrig. Uiteindelik moet sy lewe die sinvolle voorlewing wees van iemand wat die geloof besit.

**In die lig van die pedagogiese bekwaamheid van die kategeet**

As uitgangspunt word aanvaar dat die kategeet sonder uitsondering die Waarheid wel ken, maar uit die praktyk, soos ook bevestig deur die meningsopname, blyk dit dat hy juis die probleem ondervind om die Waarheid sinvol aan die kind oor te dra. Op grond hiervan is die sillabusse wat deur die teologiese fakulteite van die onderskeie kerke gevolg word, van nader bekyk. Daaruit blyk dat in Stellenbosch en Potchefstroom wel aandag gegee word aan die hulpwetenskappe, nl. Pedagogiek en Psigologie. In Pretoria, Teologiese Fakulteit Afdeling A, word slegs kennis geneem van die hulpwetenskappe. In weerwil van die aandag wat wel aan die Pedagogiek en Psigologie gegee word toon die meningsopname dat 55,54% van die kategete wat die vraelys beantwoord het voel dat die katkisante onbe-

vredigend onderrig word. Interessant is die openbaring uit die meningsopname dat 63% van die kategete hulle eie kennis m.b.t. die Opvoedkunde en die besondere Didaktiek bevraagteken. 26% van die kategete wat die vraelys voltooi het glo dat die kategeet die kennis van die hulpwetenskappe glad nie nodig het nie, terwyl 74% die sinvolheid daarvan insien.

By implikasie beteken dit dat die psigologies-pedagogiese onderlegdheid van die kategeet redelik oppervlakkig is, hoewel die noodsaaklikheid van die deeglike kennis daarvan nie ontken word nie. Die vraag kom nou hieruit op of dit nie die oorsaak is daarvan dat die gemiddelde belydeniskatkisant nie genoegsaam onderlê is om 'n verantwoordelike belydenis af te lê nie. (Vgl. die feit dat 44% van die predikante wie se menings gevra is, oortuig is dat belydeniskatkisante in hulle gemeentes nie genoegsaam onderlê is om 'n verantwoordelike belydenis áf te lê nie (4.2.1.4 van hierdie hoofstuk)).

Om suksesvolle kategetiese onderrig in die kerk te verseker, is dit nodig dat die kategeet doelgerig en doeltreffend opgelei word. Daarom word aanbeveel dat professore in Kategetiek moet skakel met die Pedagogiek- en Sielkundefakulteite aan die betrokke universiteite. Dit beteken nie dat elke psigoloog of opvoedkundige maar bevoeg is om die metodiek van kategese te onderrig nie, want vakmetodiek word ook deur vakinhoud en vakstruktuur bepaal. Die dosent verantwoordelik vir die metodiek van kategese sal dus ook teologies, in besonder in die doel en wese van die Kategetiek, onderlê moet wees. Die voor-die-hand-liggende oplossing is dus dat die dosent in Kategetiek (wat uiteraard sy vakdoel, -inhoud en -struktuur ken) in die Pedagogiek (in besonder die Psigologiese en die Didaktiese Pedagogiek) onderlê moet wees en self hierdie deel van die onderrig moet waarneem.

Wat die inhoud van die Kategetiek betref, kan die sillabus wat deur prof. dr. D.W. de Villiers in Stellenbosch gebruik word, sterk aanbeveel word. (Vgl. 3.3 van hoofstuk IV). Onder 3.4.3 van hoofstuk IV is die afleiding gemaak dat die betrokke sillabus voorsiening maak vir elke faset van die Kategetiek.

**In die lig van die eise gestel aan die hulpkategeet**

Uit die historiese ontwikkeling van die kategetiese onderrig blyk dit dat die drie Afrikaans-Reformatoriese kerke reeds van die begin af moes staatmaak op hulp-kategète. Die kerk maak van hulp gebruik uit die geldere van die kerkraad, maar ook uit die kring van soveel moontlik ervare en/of gewillige voorbeeldige lidmate. Die meningsopname (vgl. hoofstuk IV) toon dat uit die 27 gemeentes wat aan die opname deelgeneem het, daar van 356 addisionele hulpkategete gebruik gemaak word. Dit blyk reeds dat aanvangskategese uitsluitlik in die hande van die hulpkategeet is, aangesien die kategeet hoofsaaklik verantwoordelik is vir die kategetiese onderrig van die belydeniskatkisante.

In die lig van die onveranderlike doel van die kerklike onderrig aan die kind en die besondere eie aard daarvan, is die verantwoordelikheid van die hulpkategeet op dieselfde vlak as dié van die kategeet geleë. Hy is persoonlik gemoeid met die goddelike opdrag en daarom kan die eise gestel aan die hulpkategeet nie anders wees as dié vir die kategeet nie. Hy moet derhalwe 'n volwasse Christenmens wees wat ook pedagogies en inhoudelik deeglik onderlê is. Die goeie bedoeling van die hulpkategeet is nie genoeg nie – dit moet gerugsteun word met deeglike kennis van die godsopenbaring in die Bybel, van die kind in sy wordingsgang en van sinvolle metodes van onderrig. Minderwaardige kerklike onderrig kan onherroeplik skade aan die geloofsoortuiging van die kind berokken. Die wesenlike belang van die kategetiese onderrig vir die dooplidmaat vereis deeglik opgeleide hulpkategete.

Die meningsopname toon egter dat die teendeel die heersende toestand in die drie Afrikaanse kerke is. Getuienis daarvan is die mening van 85% van die predikante dat hulle gebruik moet maak van hulpkragte wat nie opgewasse vir hulle taak is nie. Dit wil sê hulpkragte wat metodologies sowel as inhoudelik glad nie onderlê is nie, want slegs ongeveer 9% van die 356 hulpkategete het opleiding in òf Teologie òf Bybelkunde gehad, terwyl 84% geen metodologiese geskooldheid of kennis van die Psigologie of Pedagogiek het nie. Die vermoë van die hulpkategeet om sinvolle en suksesvolle kategetiese onderrig aan te bied word oor die algemeen deur die predikante bevraagteken. Die rede waarom die Openbaringsgeskiedenis in 'n baie

groot mate afgeskeep word as kategetiese leerstof kan maar net die gevolg wees van gebrekkige eie insig aan die kant van die hulpkategeet. (Vgl. 4.4.1.4 van hoofstuk IV).

Die behoud van die kerk lê in die kategetiese onderrig van die kerk opgesluit, want dit is die lewensaar van die kerk. Deeglike en sinvolle kategetiese onderrig is die roeping van die kerk – dit is die diens van die kerk om die jongmens tot geloof te lei, dit wil sê die geloof deur Jesus Christus in God. Die hulpkategeet moet die kind help sodat Christus volledig oor sy lewe kan regeer – om eksistensieel die geloof in die hemelse Koninkryk, wat deur Christus vir die mens verwerf is, te belewe. Die kategetiese onderrig is die oproep tot innige verkeer met die lewende God. En hieraan het die hulpkategeet 'n rigtende en leidende aandeel.

Die kerk is dit dus aan die hulpkategeet verskuldig, en die hulpkategeet aan die katkisante, aan homself, bo alles aan God, om daadwerklik sy kennis sowel pedagogies as inhoudelik te fundeer. Daarvoor moet hy hom deeglik ingrawe in die Kategetiek en sy hulpwetenskappe, sodat hy die kategetiese doel kan verwesenlik.

Hoewel die kerk se opvoedingsprogram uitsluitlik gemik is op die ideaal dat die jongmens sy geloof openlik moet bely voordat hulle, as belydende lidmate, hulle verantwoordelikheid binne die belydende kerk opneem (De Graaf, 1963, 151), blyk dit uit wat reeds gesê is, dat die kerk sy opvoedingsprogram sal moet uitbrei na die hulpkategeet, sodat die kerk verseker kan wees dat die katkisant deur doelgerigte onderwysing hom openlik kan oorgee aan God in die midde van die gemeente. Voordat die katkisant belydenis van geloof aflê, stel die kerk die vereiste dat hy moet weet waarvoor hy hom inlaat. Hierdie kennis moet die kerk met die hulp van die hulpkategeet aan die kind oordra. Hulpkategete moet dus in alle opsigte voldoen aan die vereistes aan hulle gestel, d.w.s. pedagogiese en inhoudelike onderlegdheid.

In die Gereformeerde Kerkreg is die predikant die enigste kategeet. Soos reeds aangetoon, leer die praktyk egter dat die hulpkategete meesal onontbeerlik is vanweë die feit dat die predikant nie alle katkisasie kan behartig nie. Hieruit ontstaan die vraag:- Het hulpkategete nie tog maar gekom om te bly nie? Moet hulle

bestaan nie maar, al is dit dan nie-amptelik, sodanig aanvaar word dat daar behoorlik opleiding aan hulle gebied word nie?

**– Plaaslike opleiding behoort eintlik die enigste opleiding te wees**

Uit die aard van die saak sal kerkrade voorsiening moet maak vir die opleiding van die hulpkategeet. Uit die meningsopname blyk dit dat sulke voorligting wel binne gemeentelike verband plaasvind. (Vgl. 4.3.2 van hoofstuk IV). Een-en-twintig gemeentes of 8% van die kategete wat die vraelys beantwoord het bied voorligting aan, hetsy jaarliks, kwartaalliks, maandeliks of weekliks. Hierdie opleiding blyk egter nie suksesvol te wees nie, want 81% van die predikante voel dat die kategetiese onderrig nie deur die hulpkategete ten beste gehanteer word nie. Die kategeet wat uit die aard van sy opleiding daartoe opgewasse behoort te wees om sy hulpkategete toe te rus met die kennis waaroor hy self behoort te beskik, lewer getuie dat hyself onopgewasse is.

In hierdie opsig rus die onus weer eens op die kategeet. Daar word van hom verwag dat hy teoloog, pedagoog én psigoloog terselfdertyd moet wees. Per slot van rekening word dieselfde vereistes van die gewone skoolonderwyser verwag: hy moet vakkundige wees sowel as pedagoog en psigoloog. Hierin word hy dan ook geskool, nl. in die Pedagogiek en in die Didaktiese sowel as die Psigologiese Pedagogiek in die besonder.

Die kategeet kan ook nie sy verantwoordelikheid as die eintlike kategeet ten opsigte van die laer klasse op die hulpkragte afskuiwe nie. Indien hy die werk om praktiese redes nie alles self kan behartig nie, moet hy, synde die verantwoordelike kategeet, verantwoordelikheid vir die opleiding van sy hulpkragte aanvaar.

Daar word dus in hierdie verband aanbeveel dat dosente in die Kategetiek uitgewerkte lesings tot die beskikking van die kategeet moet stel – dit is 'n bepaalde verantwoordelikheid van die betrokke dosent. Hy is die persoon wat hom op hoogte hou met vernuwing in die Kategetiek, met nuwe en bruikbare metodes wat hy onder die aandag van die kategete van sy kerk wil bring, ens.. Indien die betrokke dosent dit nodig ag, kan selfs kursusse aangebied word wat ook

deur hulpkategete bygewoon kan word. Sulke kursusse kan gedurende naweke en vakansies in 'n bepaalde ring of klassis aangebied word deur die betrokke professor in Kategetiek en/of deur onderlegde kategete van 'n bepaalde ring of klassis.

Dit is baie belangrik om daarop te wys dat hierdie opleiding nie slegs ten doel sal hê om die kategeet self te skool nie, maar om hulle toe te rus om op hulle beurt die hulpkategete weer toe te rus.

– **Opleiding vanuit die meerdere vergaderings van die kerk**

Sonder uitsondering beskik al drie kerke oor instansies wat gemoeid is met kategetiese onderrig. By die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is die Raad vir Kategese daarvoor verantwoordelik; by die Nederduits Gereformeerde Kerk is die Algemene Jeugkommissie daarvoor verantwoordelik en by die Gereformeerde Kerk het die Sinodale Deputate vir Kategese 'n bepaalde opdrag in die verband. Naas die vrugbare werk wat reeds deur hierdie instellings met betrekking tot die kategese gedoen is en steeds gedoen word, blyk dit dat hulle ook 'n taak met betrekking tot die voorbereiding van die hulpkategeet het.

Daar word reeds daadwerklik deur aldrie Afrikaanse kerke pogings aangewend om die nodige skoling te bied. Die kursus vir hulpkategete wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika deur die Raad vir Kategese aangebied word, gee onder andere blyke hiervan. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk het daar gedurende 1974, onder die leiding van die Algemene Jeugkommissie, 'n handleiding verskyn om die kategeet en hulpkategeet teoreties van die metodologie van kategetiese onderrig te bedien. Die Sinodale Deputate van die Gereformeerde Kerk belas met kategetiese onderrig, werk tans aan 'n soortgelyke handleiding. Die kerke sal egter moet besin oor die gereelde praktiese opleiding van hulpkategete wat uiteraard ooreenkomstig die Gereformeerde Kerkreg, in die eerste instansie deur die plaaslike kerkrade aangebied moet word. Aangesien dit egter 'n saak is wat die hele kerkverband raak, het meerdere vergaderings, byvoorbeeld deur hulle kommissies of deputate, ook hier 'n taak.

In die lig van die feit dat die hulpkategeet in die opvoedingsituasie die persoon met die meerdere kennis moet wees, wat insig moet hê om die Bybel en die geloofswaarhede by die kind eksistensieel tuis te bring, word daar nou aanbeveel dat benewens die plaaslike opleiding van hulpkategete deur die kategeet onder leiding van sy kerkraad, omvattende kursusse ingestel word deur die rade, kommissies of deputate van die onderskeie kerke wat op 'n sentrale plek aangebied word en wat deur die hulpkategete van 'n bepaalde ring of klassis bygewoon word. By hierdie geleenthede tree outoritêre persone op, dit wil sê teoloë, pedagoë en psigoloë, om die hulpkategeet persoonlik te onderlê en by te staan. Indien bepaalde probleme in die kategetiese onderrig ondervind word, kan hulle tydens so 'n kursus die aandag van deurknede opvoedkundiges en ander outoriteite ontvang. Weens die gereëlde wisseling van hulpkategete en nuwes wat tot die diens toetree, sal sulke kursusse minstens twee- of driejaarliks aangebied moet word.

Indien die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Sinodale Deputate vir Katkisasie van die Gereformeerde Kerk en die Raad vir Kategese van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika rakende kategese (bv. die inhoudelike, die algemene en besondere Didaktiek) in 'n gereëlde rubriek in kerklike blaaie aan die orde stel, behoort kategete en hulpkategete baie daarby te baat. In hierdie verband moet genoem word dat so 'n rubriek nie slegs sporadies of tydens die ingebruikname van 'n nuwe sillabus of handboek(e) opgeneem moet word nie – dit moet 'n gereëlde rubriek wees waarvan die hulpkategeet kennis moet dra om homself sodoende algaande in staat te stel om sy werk beter en suksesvoller af te handel.

**– Die moontlikheid van korrespondensiekursusse**

Korrespondensiekursusse is moontlik indien dit gekombineer word met die moontlikhede wat reeds genoem is. 'n Volledige, allesomvattende kursus kan deur die professor in Kategetiek of deur die kerklike kommissies, deputate of rade opgestel word. Die kursus word deur die hulpkategeet bestudeer en tydens 'n vakansie – of naweekkursus kry die hulpkategeet die geleentheid om met onderlegde persone sy vrae en probleme te bespreek. Hulpkategete behorende tot bepaalde

ringe of klassisse kan ook in 'n memorandum vrae en probleme, voortspruitend uit die kursus, aan die betrokkenes rig. Sulke probleme kan dan by wyse van rubrieke in kerkblaaie en by wyse van naweek- of vakansiekursusse opgelos word.

Die aanbieding van diplomakursusse word nie aanbeveel nie. Sodra diplomas uitgereik word, is die besitter daarvan gekwalifiseer as hulpkategeet en amptelik gesertifiseer as hulpkategeet van die kerk. So word 'n nuwe mensuitgedinkte en -ontwerpte amp in die kerk geskep. Die Bybel leer dat daar net drie ampte in die kerk is, te wete ouderling, predikant en diaken (koninklike, profetiese en priesterlike). Die kerk kan nie eiewilliglik ampte byvoeg deur gesertifiseerde opleiding aan te bied nie.

**In die lig van die eise gestel aan die leerstof**

Om 'n betekenisvolle bydrae tot die geloof van die katkisant in 'n snel veranderende wêreld met sy gekompliseerde probleme te maak, moet die leerstofaanbieding daarop gemik wees om die katkisant toe te rus met kennis wat hy eksistensieel en prakties kan belewe. Die aanbieding van die Woord van God as leerstof moet die katkisant konfronteer met die totale aanspraak van God op sy lewe. Sy geloofsbelydenis moet niks meer wees as die resonansie van Gods Woord in sy lewe nie, sodat elke situasie en enige verhouding in sy eksistensiële bestaan, gestel kan word in die lig van die Openbaring van God in en deur Jesus Christus.

Die geloofsleer is die sistematiese samevatting van die Bybelse boodskap – dit is die dogmatiese verwerking van die Evangelieboodskap, en as sodanig die oudste bestanddeel van die kategetiese leerstof. Dit rus die katkisant toe as doelbewuste gelowige wat die Christelike geloof met woord en daad kan uitdra om dit teenoor afwykende rigtinge te kan verdedig. Die sedeleer oriënteer die katkisant ten opsigte van die implementering van sy geloof in God in die alledaagse lewe.

Die Kerkgeskiedenis as die geskiedenis van die uitleg van die Heilige Skrif in die geskiedenis van die mensheid impliseer dat die kerk telkens beslissings moes gee op die uitdaging om te laat sien hoe hy die gehoorsaamheid aan Christus wil vergestalt.

Die bestudering van die Kerkgeskiedenis wil aan die katkisant toon in hoeverre die kerk (in sy wyere en engere konteks) daarin geslaag het om Kerk van Christus te wees.

Die eis wat hierdie komponente aan die hulpkategeet stel, is enorm groot. Die meningsopname toon dat slegs 9% van die 356 hulpkategete teologiese of Bybelkunde-opleiding het. Die kategetiese problematiek is dus nie slegs geleë in die gebrek aan die nodige hulpwetenskappe nie, maar ook gebrekkige skoling ten opsigte van die kategetiese leerstof. Daar word dus aanbeveel dat by die opleiding van die hulpkategeet die leerstofinhoud sy regmatige plek kry. Die vraag is ook hier gepas of daar nie by die Nederduitse Gereformeerde Kerk meer spesifiek op een of ander wyse aandag gegee behoort te word aan die Geloofsleer (m.b.t. die hoofsake van die geloof aanpassend by die lewensvlak van die katkisante) op 'n vroeër ouderdom nie.

Hiermee word ook aanbeveel as verdere noodsaaklike navorsing op hierdie gebied, die bestudering van die handboeke wat in die onderskeie kerke gebruik word met betrekking tot die volgende sake: die aanpassing van die handboeke by die ontwikkelingspeil van die kind, die sinvolle geordendheid van die leerstof soos in die handboeke uiteengesit, ens., dit wil sê die psigologiese en pedagogiese verantwoordbaarheid van dié werke, waar daar leemtes is en waaraan aandag gegee moet word.

Tydens hierdie navorsing het dit opgeval dat daar telkens bedenkinge geopper is aangaande die ouderdom waarop belydenis van die geloof in die drie kerke gedoen word. Die kwellende vraag hier is:- Is die katkisante nie te jonk vir die verantwoordelikheid van geloofsbelydenis nie? Op hierdie probleem is nie met hierdie studie ingegaan nie. Daar word egter aanbeveel dat diepgaande navorsing met betrekking tot hierdie probleem onderneem word. Dit mag nodig blyk dat belydenisaflegging op 'n latere ouderdom meer gewens is of dat kerke meer doen aan nasorg van die lidmate na belydenisaflegging. (Van Wyk, 1972, pp. 33—40).

**Samevatting**

Samevattend kan nou die volgende riglyne aanbeveel word wat moontlik tot die verbetering van die kategetiese onderrig in die kerk kan lei:-

- Die doelgerigte en doeltreffende opleiding van die kategeet deur die dosent in Kategetiek, wat uit die aard van die saak self deeglik onderlê moet wees in die Didaktiese en Psigologiese Pedagogiek. Slegs dié dosent kan bogenoemde hulpwetenskappe sinvol integreer by die vakdoel, -inhoud en -struktuur van die Kategetiek.

- Die sillabus wat deur prof. dr. D.W. de Villiers van Stellenbosch gevolg word, maak voorsiening vir elke faset van die Kategetiek. Die implementering van sodanige sillabus word sterk aanbeveel.

- Die praktyk toon aan dat die hulpkategete se dienste onontbeerlik is vanweë die feit dat die predikant nie alle katkisasie self kan behartig nie. Aangesien die predikant egter op grond van die Gereformeerde Kerkreg die enigste kategeet is, moet hy verantwoordelikheid vir die opleiding van sy hulpkragte aanvaar. Daarom word aanbeveel dat dosente in Kategetiek aan opleidingsinstansies – hy is per slot van rekening dié een wat hom steeds op hoogte hou van vernuwing in die vak – uitgewerkte lesings tot die beskikking van die kategeet stel en wat dit op sý beurt aan sy hulpkategete moet oordra.

- Daar word aanbeveel dat professore in die Kategetiek kursusse aanbied wat deur kategete sowel as hulpkategete bygewoon kan word. Sulke kursusse kan gedurende naweke en vakansies aangebied word.

- Die opleiding van hulpkategete behoort sover moontlik deur die kategeet self waargeneem te word – dit is in die eerste plek sý taak en verantwoordelikheid.

- Benewens die plaaslike opleiding van hulpkategete deur die kategeet onder toesig van sy kerkraad, word aanbeveel dat omvattende kursusse ingestel word

deur die rade, kommissies en deputate van die meerdere vergaderinge van die onderskeie kerke. Sulke kursusse kan op 'n sentrale plek aangebied word wat dan bygewoon word deur die hulpkategete van bepaalde ringe of klassisse.

- Daar word aanbeveel dat van die hulp van deurknede opvoedkundiges en ander outoriteite gebruik gemaak word by sulke kursusse.

- Gereëlde artikels in kerkblaaie oor aangeleenthede wat die een of ander aspek van die kategetiese terrein verken, kan vir die hulpkategeet van onskatbare waarde wees.

- Korrespondensiekursusse vir hulpkategete is moontlik indien dit met voorgaande aanbevelings gekombineer word. Kursusse opgestel deur professore in Kategetiek of opgestel deur Sinodale kommissies, deputate, ens. word deur die hulpkategeet bestudeer en tydens 'n naweek- of vakansiekursus kry hulle geleentheid om probleme wat voortspruit uit die kursus of die praktyk met onderlegde persone te bespreek.

- Noemenswaardig is die moontlikheid dat kategete en hulpkategete probleme, voortspruitend uit die korrespondensiekursus en die praktyk deurstuur na die betrokke raad, kommissie of deputate van die betrokke kerk vir bespreking, toeligting en verduideliking.

- Ten slotte word opgemerk dat die pedagogiese verantwoordbaarheid van die kategetiese handboek en die ouderdom by belydenisaflegging noodsaaklike navorsing regverdig.

# HOOFSTUK VI

# SAMEVATTING

## 1. Algemene inleiding, probleem- en taakstelling

Die Griekse woord "katēchēthēs" in die Nuwe Testament impliseer om onderrig aan iemand te verskaf. Kategetiese onderrig wil, op grond van die amptelike aard daarvan, die geestelik onmondige lidmate van die kerk lei tot mondige (volwasse) lidmate. Hiertoe is die kerklike kategese in 'n groot mate afhanklik van die gesinsmilieu waarin die kind hom bevind, want swak godsdienstige opvoeding in die gesin bemoeilik die taak van die kerklike kategese. Die kerklike kategese is die oproep van die jeug tot 'n vreugdevolle deelname aan die Koninkryk van die Hemele – dit roep die kind op tot innige verkeer met God.

As die onderrigtende taak van die kerk, vertoon die kategese 'n opvoedingsdimensie met die doel om die kind daartoe te lei om God te ken, met sy hele hart lief te hê, en te dien met sy hele lewe. Die kategetiese onderrig wil die kind se potensiële geloof bring tot 'n bewuste en aktuele geloof.

